

BOEDELBEPLANNING VIR DIE HINDOEVROU IN SUID- AFRIKAANSE KONTEKS

Skripsie aangebied ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

Magister Legum in Boedelreg

aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

nadat die volgende modules suksesvol afgehandel is:

- * LLMB 877 Huweliksgoedereg
- * LLMB 878 Erfreg

SIJ CORDIER

12767395

Vakkode: LLMB 878

Studieleier: Prof C Rautenbach

November 2007

DANKBETUIGING

Opgedra aan my ouers sonder wie se liefde, bystand en ondersteuning ek nie my studies sou kon voltooi het. Liefste mamma, dankie dat mamma altyd daar is vir my wanneer ek mamma nodig het. Ek is bevoorreg om so 'n engel vir 'n ma te hê. Mamma is baie kosbaar. U waarde is ver bo korale. Dankie dat mamma my aangemoedig het om my meestersgraad te doen.

Dankie Thinus vir al jou liefde en ondersteuning dwarsdeur my studies. Jy is die beste! Dankie dat jy my altyd laat lag het in die tye wat ek moedeloos oor my skripsie of studies gevoel het. Dankie ook vir al jou raad en bystand.

Madri, baie dankie vir al jou liefde, hulp en bystand. 'n Besondere woord van dank vir die hulp met die taalversorging. Dankie dat jy my deur my studies ondersteun en bygestaan het. Sonder jou hulp sou ek dit nie kon doen nie.

Baie dankie aan die res van my familie en vriende vir almal se ondersteuning, liefde en bystand.

'n Besondere woord van dank aan my studieleier, Prof Christa Rautenbach. Prof, sonder u sou hierdie skripsie nie moontlik gewees het nie. Baie dankie vir al u hulp en leiding.

Baie dankie aan al die dosente by wie ek deur die jare klasgekry het en wat tot my ontwikkeling as juris bygedra het.

'n Woord van dank aan die personeel van die Ferdinand Posma Biblioteek wat altyd meer as bereid was om te help met die naspoor van bronne.

Ten slotte, *Soli Deo Gloria*- Aan God kom al die eer toe. Dankie Hemelse Vader dat U my deur my studies gedra het. Psalm 28: 6-7: "Aan die Here kom al die lof toe want Hy het my smeekstem gehoor. Die Here is my sterkte en my beskermmer, en Hom het ek vertrou. Hy het my gehelp. Daarom is ek by en wil Hom loof met my lied."

ABSTRACT

The South African population consists of various cultural and religious groups. Some of the religious minority groups, for example the Hindu's, have their own non-governmental law systems whereby they live daily in the private sphere. South African law does not recognise these religious law systems. The legal position is that marriages conducted according to these religious law systems are invalid.

The Durban High Court, earlier this year, held in *Singh v Ramparsad* that parties married under religious law systems cannot obtain a divorce under South African law. The fact that South African law does not recognise religious marriages poses serious disadvantages to the Hindu wife. A Hindu wife, for example, cannot force her "husband" to support her or to buy household necessities during the existence of their "marriage". The Hindu wife cannot divorce her husband and is therefore further disadvantaged, since she cannot share in the growth of his estate. In such a case the court will also not grant a support and maintenance order in her favour. Due to the fact that the Hindu wife is not recognised as a "spouse" by various legislation she will be further disadvantaged as she cannot inherit from her husband's estate should he come to die. Legislation recognising the Hindu wife as a "spouse" does exist. This legislation makes certain estate planning instruments available to the Hindu wife. However, there are a few instances where the Hindu wife will be disadvantaged due to the fact that she is recognised as a "spouse".

Inter vivos and *mortis causa* estate planning instruments are implemented to prevent any shortfalls in the Hindu wife's estate. *Inter vivos* estate planning instruments, like investments, insurance, *inter vivos* trusts, agreements, universal partnerships, agencies and enrichment actions can also be implemented. Tax planning is also necessary.

The estate planner, while doing the estate planning for the Hindu wife, must also give attention to *mortis causa* estate planning instruments to ensure that her assets will dissolve on her beneficiaries in the most effective way and according to her wishes. It is very important that the Hindu wife give careful

consideration to the provisions of her will. The will can also be combined and implemented with other estate planning instruments, like for example the *mortis causa* trust. The Hindu wife can take out life insurance in case that there is going to be a shortfall of cash in her estate or if she wants to bequeath legates to specific persons.

The Hindu wife can make use of different estate planning structures in her estate plan if she makes use of usufruct. Massing of estates is not recommended, except where the Hindu couple are co-owners of non-dividable assets. Due to the benefits that the estate planning instruments, like trusts, offer, *fideicommissums* are not recommended.

The fact that the Hindu wife is recognised as a “spouse” plays an important role in tax planning. The estate planner will have to pay attention to the estate duty- and capital gains tax benefits due to the fact that Hindu wife will be regarded as a “spouse”. It is important that the planning of the estate does not take place in isolation and that all the above-mentioned estate planning instruments be regarded as a whole. The estate plan must be updated and revised once a year. The estate planner must keep in mind that each person is unique. It is impossible to prescribe a set recipe for estate planning. The estate planner will have to take the background and circumstances of the Hindu wife into consideration when planning her estate.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1	1
INLEIDING	1
HOOFSTUK 2	5
HINDOEHUWELIKE VERSUS SIVIELE HUWELIKE	5
2.1 <i>Inleiding</i>	5
2.2 <i>Regsgevolge van 'n siviele huwelik</i>	6
2.2.1 <i>Algemeen</i>	6
2.2.2 <i>Wedersydse onderhoud</i>	6
2.2.3 <i>Huishoudelike benodighede</i>	8
2.2.4 <i>Remedies</i>	10
2.2.5 <i>Registrasie van eiendom</i>	11
2.3 <i>Regsgevolge by egskeiding</i>	13
2.3.1 <i>Algemeen</i>	13
2.3.2 <i>Boedelgroei en die Hindoevrou</i>	13
2.3.3 <i>Verbeuring van huweliksvoordele</i>	15
2.3.4 <i>Herverdeling van bates</i>	15
2.3.5 <i>Onderhoud van die vrou</i>	16
2.3.6 <i>Onderhoud ten opsigte van die afhanklike kind(ers)</i>	18
2.4 <i>Regsgevolge by die dood van een van die gades</i>	19
2.4.1 <i>Algemeen</i>	19
2.4.2 <i>Die wyse van verdeling en die testament</i>	19
2.4.3 <i>Wet op Onderhoud van die Langslewende Gade</i>	20
2.4.4 <i>Wet op Intestate Erfopvolging</i>	22
2.4.5 <i>Eis vir verlies van onderhoud</i>	23
2.4.6 <i>Pensioenfondsvoordele</i>	24
2.4.7 <i>Pactum successorium</i>	25
2.4.8 <i>Boedelbelasting</i>	25
2.5 <i>Wetgewing waar 'n Hindoevrou wel as 'n "gade" kwalifiseer</i>	26
2.5.1 <i>Algemeen</i>	26
2.5.2 <i>Insolvensiewet</i>	26
2.5.3 <i>Boedelbelastingwet</i>	28
2.5.4 <i>Ongevallewet</i>	28
2.5.5 <i>Inkomstebelastingwet</i>	29
2.5.6 <i>Wet op Hereregte</i>	30
2.6 <i>Gevolgtrekking</i>	31
HOOFSTUK 3	34
INTER VIVOS BOEDELBEPLANNINGSINSTRUMENTE	34
3.1 <i>Inleiding</i>	34
3.2 <i>Beleggings</i>	36
3.3 <i>Versekering</i>	38
3.4 <i>Inter vivos trust</i>	42
3.5 <i>Belasting</i>	49
3.5.1 <i>Algemeen</i>	49
3.5.2 <i>Belastingbeplanning vir die Hindoevrou</i>	50

3.6	<i>Ooreenkomste</i>	54
3.7	<i>Universele vennootskap</i>	56
3.8	<i>Agentskap</i>	58
3.9	<i>Verryking en estoppel</i>	58
3.10	<i>Gevolgtrekking</i>	59
HOOFSTUK 4.....		62
MORTIS CAUSA BOEDELBEPLANNINGSINSTRUMENTE		62
4.1	<i>Inleiding</i>	62
4.2	<i>Testament</i>	64
4.3	<i>Mortis causa trust</i>	69
4.4	<i>Versekering</i>	73
4.5	<i>Vruggebruik</i>	74
4.6	<i>Belasting</i>	78
4.6.1	<i>Boedelbelasting</i>	78
4.6.1.1	Algemeen	78
4.6.1.2	Boedelbelasting by 'n Hindoevrou se boedel.....	79
4.6.2	<i>Kapitaalwinsbelasting</i>	84
4.6.2.1	Algemeen	84
4.6.2.2	Kapitaalwinsbelasting by die dood van die Hindoevrou	85
4.7	<i>Boedelsamesmelting</i>	88
4.8	<i>Fideicommissum</i>	92
4.9	<i>Gevolgtrekking</i>	94
HOOFSTUK 5.....		96
SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS		96
VOORGESTELDE BOEDELBEPLANNINGSMODEL VIR DIE HINDOEVROU IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS		104
Bibliografie		106
<i>Literatuur</i>		106
<i>Vonnisregister</i>		125
<i>Wetgewing</i>		128

HOOFSTUK 1

INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse bevolking is saamgestel uit verskeie kulturele en godsdienstige groepe. Sekere godsdienstige minderheidsgroepe¹ het hulle eie nie-staatlike regstelsel² waarvolgens hulle daaglik in die private sfeer leef.³ Artikel 15(3) van die *Grondwet*⁴ maak voorsiening vir die statutêre erkenning van ander regstelsels gebaseer op godsdiensof kultuur. Ten spyte van hierdie bepaling het die wetgewer tot op datum nog geen wetgewing gepromulgeer wat erkenning ander kulturele of godsdienstige regstelsels verleen nie.⁵

Die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie het ondersoek na die erkenning van Moslemhuwelike ingestel,⁶ maar die aanbevelings van die Regshervormingskommissie is tot op datum hiervan nog nie in wetgewing opgeneem nie. Die regsposisie⁷ is steeds dat huwelike aangegaan kragtens 'n

1 Bv Hindoes, Moslems en Jode.

2 Volgens Du Plessis *Inleiding* 200 is staatlike reg daardie reg wat van die staatsowerheid afkomstig is en waaraan alle Suid-Afrikaanse burgers gebonde is. Volgens Van Niekerk *Regspluralisme* 5 word staatlike reg amptelik deur die staat erken. Nie-staatlike reg is volgens Du Plessis *Inleiding* 200 daardie reg wat in 'n ander sosiale instelling as eiesoortige interne reg geld. Die reg is egter nie van die staatsowerheid (wetgewer of hof) afkomstig nie en word gevolglik nie in Suid-Afrika as reg erken nie. Kerke het bv hulle eie kerkreg en klubs het hulle eie reëls. Hierdie reëls vertoon na hulle aard, struktuur en effek presies dieselfde kenmerke as die reg wat in die staat geld. Volgens Van Niekerk *Regspluralisme* sluit nie-staatlike reg ook daardie regreëls in wat nie-amptelik deur godsdienstige gemeenskappe, soos Hindoes, nageleef word. Sien ook Rautenbach, Goolam en Moosa *Grondwetlike uitleg* 159.

3 Van Niekerk *Regspluralisme* 5.

4 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 (hierna die 1996-*Grondwet*).

5 Die wetgewer het wel met die *Wet op die Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998 erkenning aan huwelike aangegaan volgens die Afrika gewoontereg verleen, maar hierdie aspek is irrelevant vir doeleindes van hierdie studie.

6 Sien South African Law Reform Commission Project 210/2003 *on Islamic Marriages and Related Matters*.

7 *Logee v Minister of Interior* 1951 2 SA 595 (T); *Seedat's Executors v The Master (Natal)* 1917 AD 302; *Ismail v Ismail* 1983 1 SA 1006 (A).

godsdienstige regstelsel en wat nie aan die vereistes⁸ van die *Huwelikswet* voldoen nie, ongeldig is.⁹

Die nie-erkenning van huwelike aangegaan kragtens 'n nie-erkende godsdienstige of kulturele regstelsel, asook die feit dat 'n vrou getroud binne een van hierdie regstelsels nie volgens die Suid-Afrikaanse reg kan skei nie,¹⁰ hou uiters nadelige gevolge vir 'n vrou getroud binne een van hierdie regstelsels in.¹¹ 'n Boedelbeplanner¹² sal al hierdie gevolge in ag moet neem wanneer hy deur 'n Hindoelvrou¹³ vir die beplanning van haar boedel genader word.

'n Boedelbeplanner sal voorts op die feit dat sommige nie-erkende "huwelike" wel vir sekere doeleindes in die Suid-Afrikaanse reg erken word, ag moet slaan.¹⁴ Byvoorbeeld, gades getroud volgens die Moslemreg kan 'n eis instel vir die

-
- 8 Die huwelik moet deur 'n huweliksbevestiger, soos benoem ingevolge a 3 van die *Huwelikswet* 25 van 1961 (hierna die *Huwelikswet* genoem), bevestig word en die huwelik moet ingevolge a 29A van die *Huwelikswet* geregistreer word.
- 9 Robinson, Human en Boshoff *Familiereg* 248. In *Kalla v The Master* 1995 1 SA 261 het die hof verduidelik dat die rede vir die nie-erkenning is, dat godsdienstige huwelike potensieel poligamies van aard is. Daar kan egter gevra word of hierdie argument na die inwerkingtreding van die *Wet op die Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998 sal water hou. Laasgenoemde *Wet* verleen in a 2 erkenning aan poligame gewoonteregtelike huwelike. Alhoewel argumenteer kan word dat huwelike aangegaan kragtens 'n godsdienstige regstelsel erkenning behoort te geniet, sal die argument vir erkenning nie in hierdie studie bespreek word nie.
- 10 *Singh v Ramparsad* 2007 3 SA 445 (D) (hierna die *Singh*-gewysde). In die *Singh*-gewysde het regter Patel geweier om 'n egskeiding aan 'n Hindoelvrou toe te staan. Hy verklaar in par [50] dat hy nie met godsdienstige kwessies gaan inmeng en sodoende lede van die Hindoegemeenskap aanstoot gee nie. Hierdie beslissing hou verreikende gevolge vir 'n Hindoelvrou getroud volgens die Hindoereg in en 'n boedelbeplanner sal hierdie beslissing voor oë moet hou wanneer hy deur 'n Hindoelvrou vir die beplanning van haar boedel genader word. Sien ook die bespreking van die *Singh*-gewysde in Matlala 2007 *De Rebus* 33-34.
- 11 Alhoewel die nadelige gevolge op verskeie tipes godsdienstige en kulturele huwelike in Suid-Afrika van toepassing kan wees, sal daar in hierdie studie slegs op die Hindoelvrou gefokus word.
- 12 In hierdie studie sluit die manlike vorm ook die vroulike vorm in, tensy anders aangedui.
- 13 In hierdie studie verwys die woord "vrou" na die "Hindoelvrou", "man" na "Hindoeman" en "kinders" na "Hindoekinders" tensy anders aangedui.
- 14 Robinson, Human en Boshoff *Familiereg* 248 noem a 1 van die *Wet op Registrasie van Geboortes en Sterftes* 51 van 1992 as 'n voorbeeld waar beperkte erkenning aan gebruiklike huwelike verleen word. Die *Wet* maak daarvoor voorsiening dat kinders wat buite die huwelik gebore word, as binne-egtelik geregistreer word en dat die vrou haar man se van mag aanneem. Die *Wet op Kindersorg* 74 van 1913 sluit ook gebruiklike huwelike onder die definisie van "huwelik" vir doeleindes van hierdie *Wet* in. Sien ook die bespreking in par 2.5 hieronder.

verlies van onderhoud as gevolg van die onregmatige dood;¹⁵ 'n Moslemvrou word geag 'n langsewende "gade" te wees vir die doeleindes van die *Wet op die Onderhoud van Langsewende Gades*¹⁶ en die *Wet op Intestate Erfopvolging*.¹⁷ Dit is egter onseker of dieselfde standpunt ten opsigte van nie-erkende Hindoehuwelike gevolg sal word.¹⁸

'n Verdere belangrike aspek vir doeleindes van boedelbeplanning is die feit dat sommige vrouens steeds volgens die tradisionele Hindoereg leef. In so 'n geval word 'n vrou se eiendom verdeel word in eiendom waaroor sy absolute eienaarskap het¹⁹ en eiendom waarvan sy slegs beperkte eienaarskap²⁰ het.²¹

Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat 'n vrou se boedel op 'n besondere wyse beplan sal moet word om vir al hierdie gevolge voorsiening te maak. Van Zijl²² omskryf boedelbeplanning as:

die proses waardeur 'n eienaar eiendom verkry, die grootste voordeel uit die besit en gebruik daarvan haal (gedurende sy of haar lewe), sodat soveel as moontlik op die mees ekonomiese wyse en met die minste vermindering van die waarde van die boedelbates op sy of haar begunstigdes kan oorgaan (na sy of haar afsterwe).

Aangesien die normale regsgevolge van 'n siviele huwelik nie vir 'n Hindoevrou in werking tree nie, is dit van belang dat haar boedel sodanig binne die bestaande regsraamwerk beplan word, dat sy die meeste voordeel uit die gebruik en besit van haar bates gedurende haar leeftyd sal verkry. Dit is voorts van belang die Hindoevrou se bates op die mees ekonomiese wyse en met die minste waardevermindering op haar erfename na haar afsterwe sal oorgaan.

15 *Amod v Multilateral Motor Vehicle Accident Fund* 1999 4 All SA 421 (HHA).

16 27 van 1990 (hierna die *Wet op die Onderhoud van die Langsewende Gades*).

17 81 van 1987 (hierna die *Wet op Intestate Erfopvolging*). Die Konstitusionele Hof het in *Daniels v Campbell* 2004 7 BCLR 735 (KH) (hierna die *Daniels*-gewysde) beslis dat die langsewende gade in 'n monogame Moslemhuwelik as 'n "gade" ingevolge die *Wet op Intestate Erfopvolging* en as "langsewende" ingevolge die *Wet op die Onderhoud van die Langsewende Gade* kwalifiseer. Die Hooggeregshof het in *Khan v Khan* 2005 2 SA 272 (T) laasgenoemde posisie ook op poligame Moslemhuwelike van toepassing gemaak. Sien die bespreking in paras 2.4.2 en 2.4.3 hieronder.

18 Sien ook paras 2.4.2 en 2.4.3 hieronder.

19 NI die *stridhan*.

20 NI die beperkte vrou se boedel.

21 Gokul *Hindoereg* 248.

22 *Boedelbeplanning, Boedelbereddering en Erfopvolging* 2.

Hierdie studie is daarop gerig om met 'n boedelbeplanningsmodel wat bogenoemde doelwitte sal bereik vorendag te kom.

Die Hindoelvrou se regsposisie gaan vervolgens geëvalueer word. Die regsgevolge wat by 'n siviele huwelik intree gaan met die gevolge wat by 'n Hindoehuwelik intree vergelyk word.²³ Die nadeel wat sy kan ly weens die feit dat haar huwelik nie volgens die Suid-Afrikaanse reg erken word nie, gaan ondersoek word asook die besondere gevalle waarin sy wel as 'n "gade" ingevolge die Suid-Afrikaanse reg beskou word.²⁴

Uit Van Zijl se omskrywing hierbo is dit duidelik dat die boedelbeplanningsproses op twee "bene" staan. Daar word onderskei tussen *inter vivos* boedelbeplanning en boedelbeplanning met die oog op die boedeleienaar se dood. Die Hindoelvrou se boedel moet by *inter vivos* boedelbeplanning tydens haar leeftyd op so 'n wyse beplan dat sy die maksimum voordeel tydens haar haar leeftyd uit haar boedel verkry.²⁵ Boedelbeplanning met die oog op die Hindoelvrou se dood, sal tweedens verseker dat daar aan die vrou se wense gevolg gegee word en dat haar bates op die mees effektiefste en met die minste waardevermindering op haar erfgename oorgaan.²⁶

Daar gaan laastens afgesluit word met 'n samevatting en aanbevelings met betrekking tot boedelbeplanning vir die Hindoelvrou in die Suid-Afrikaanse konteks.²⁷

23 Sien hoofstuk 2 hieronder.

24 Sien par 2.5 hieronder.

25 Sien hoofstuk 3 hieronder.

26 Sien hoofstuk 4 hieronder.

27 Sien hoofstuk 5 hieronder.

HOOFSTUK 2

HINDOEHUWELIKE VERSUS SIVIELE HUWELIKE

2.1 Inleiding

Wanneer partye 'n siviele huwelik in terme van die *Huwelikswet* sluit, tree sekere regsgevolge in.²⁸ Dieselfde kan egter nie van 'n ongeregistreerde Hindoehuwelik gesê word nie. Die normale regsgevolge van só 'n huwelik is afwesig, behalwe as die huwelik as 'n putatiewe huwelik²⁹ beskou kan word. Sinvolle boedelbeplanning vir die Hindoelvrou is slegs moontlik wanneer die verskille tussen haar regsposisie en haar eweknie in 'n siviele huwelik vergelyk word.

Volgens Stuart en Olivier³⁰ is die belangrikste taak van 'n medikus om die siekte van sy pasiënt te diagnoseer en eers as die diagnose gemaak is op die remedie te besluit. Ewe so is dit vir die Hindoelvrou eers nodig om te weet waar haar probleme lê en tot watter mate dit haar nadelig kan tref, alvorens 'n oplossing oorweeg kan word.

28 Sien par 2.2.

29 Die leerstuk van die putatiewe huwelik het tot gevolg dat die gevolge van huwelike, wat nietig is, verlig word. Kinders gebore uit só 'n huwelik word as binne-egtelik beskou en die huwelik is, in die afwesigheid van 'n huweliksvoorwaardekontrak, binne gemeenskap van goedere. 'n Huwelik word beskou as 'n putatiewe huwelik indien albei partye onbewus was van die gebrek wat die huwelik nietig maak en die vormvoorskrifte van die plek waar die huwelik voltrek is, nagekom is. Sien Robinson, Human en Boshoff *Familiereg* 83-84 in hierdie verband. 'n Hindoelvrou kan dus slegs aanspraak maak daarop dat sy 'n putatiewe huwelik gesluit het indien sy aan bg vereistes voldoen het. Die howe het in die verlede Moslemhuwelike as putatiewe huwelike verklaar. Rautenbach, Goolam en Moosa *Grondwetlike uitleg* 159 verwys na *Solomons v Abrahams* 1991 4 SA 437 (W) waarin die hof geweier het om 'n Moslemhuwelik tot 'n putatiewe huwelik te verklaar omdat die hof slegs 'n "huwelik" gesluit ingevolge die *Huwelikswet* as geldig geag het. 'n Hindoelvrou sal gevolglik nie op die feit dat haar huwelik 'n putatiewe huwelik is, kan steun om haar te "red" van die nadelige gevolge van die nie-erkenning van haar "huwelik." Sien ook Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 279.

30 *Testamente en Boedelbeplanning* 61.

In hierdie hoofstuk word die regsgevolge van 'n siviele huwelik, egskeiding³¹ en die afsterwe van een van die gades kortliks vergelyk met dié van 'n Hindoehuwelik.³² Hierdie uiteensetting is nodig ten einde te bepaal of daar enige tekortkoming is wat deur behoorlike boedelbeplanning aangespreek kan word. Dit is verder ook nodig om die gevalle³³ waarin die Hindoelvrou inderdaad as 'n "gade" ingevolge die Suid-Afrikaanse reg beskou word in oënskou te neem ten einde vas te stel of sekere boedelbeplanningsinstrumente tot die Hindoelvrou se beskikking is.³⁴

2.2 Regsgevolge van 'n siviele huwelik

2.2.1 Algemeen

'n Siviele huwelik, dit wil sê 'n huwelik gesluit in terme van artikel 3 van die *Huwelikswet*, skep 'n regsverhouding tussen die gades wat tot sekere regte en verpligtinge aanleiding gee. Enkele van hierdie regsgevolge word vervolgens bespreek.

2.2.2 Wedersydse onderhoud³⁵

Vanaf huweliksluiting ontstaan 'n wedersydse onderhoudsverpligting tussen die gades ongeag of die huwelik binne of buite gemeenskap van goedere gesluit is.³⁶ Die onderhoudsverpligting rus op die gades in verhouding tot hulle afsonderlike vermoëns en inkomste.³⁷ Waar die huwelik binne gemeenskap van goedere is, is die gades gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir skulde aangegaan in belang van die gemeenskaplike huishouding. Waar die huwelik

31 In terme van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979 (hierna die *Wet op Egskeiding*).

32 Sien paras 2.2, 2.3 en 2.4 hieronder.

33 Sien par 2.5 hieronder.

34 Bv a 4(q). Sien die bespreking in par 2.5.3 hieronder.

35 Sien *Heystek v Heystek* 2002 2 SA 754 (T) vir 'n bespreking van die gedeelte verantwoordelikheid van beide gades vir die onderhoud van die gemeenskaplike huishouding. Volgens Sinclair *Marriage* 443 behels die wedersydse onderhoudsplig die verskaffing van huisvesting, voedsel, mediese benodighede en wat ookal die gades redelikerwys benodig.

36 Sinclair *Marriage* 442.

37 Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 172.

buite gemeenskap van goedere is, word daar onderskei tussen die periode voor en na die inwerkingtreding van die *Wet op Huweliksgoedere*.³⁸ Ongeag of die huwelik voor of na die inwerkingtreding van die wet voltrek is, geld die reël dat die partye *pro rata* in verhouding tot hulle afsonderlike vermoëns onderhoudspligtig is.³⁹ Artikels 23(1), (2) en (3) bepaal dat 'n onderlinge regresreg tussen gades, getroud buite gemeenskap van goedere, bestaan waar een gade meer tot die gemeenskaplike huishouding bygedra het as waartoe hy of sy verplig was.⁴⁰

In die geval van 'n Hindoehuwelik is daar geen wedersydse onderhoudsplig tussen die Hindoe "gades" nie en 'n Hindoevrou kan geen finansiële steun van haar man tydens die bestaan van die huwelik eis nie. Daar is geen regsverpligting in terme van die Suid-Afrikaanse reg op die Hindoeman om die Hindoevrou te onderhou nie. 'n Hindoevrou kan gevolglik ook nie haar "gade" verplig om tot die gemeenskaplike huishouding by te dra nie. Sy beskik ook nie oor 'n regresreg om die bedrag, wat sy meer tot die huishouding bygedra het as wat sy moes, terug te eis nie. Die vraag ontstaan of 'n Hindoevrou in so 'n geval 'n verrykingseis⁴¹ teen die Hindoeman sal hê vir daardie gedeelte wat sy meer tot die gemeenskaplike huishouding bygedra het as wat sy moes. Dit wil egter voorkom asof die Hindoevrou nie 'n verrykingseis in sal hê nie, omdat die Suid-Afrikaanse reg nie 'n algemene verrykingsaksie erken nie.⁴²

Daar kan geargumenteer word dat 'n Hindoevrou se posisie vergelykbaar is met dié van partye wat in 'n saamleefverhouding⁴³ betrokke is.⁴⁴ In die afwesigheid

38 88 van 1984. Hierna die *Wet op Huweliksgoedere*.

39 Robinson, Human en Boshoff *Familiereg* 93.

40 Hierdie is die posisie vir gades wat na die inwerkingtreding van die *Wet op Huweliksgoedere* getroud is. Daar is geen verhaalsreg waar die gades na 1 November 1984 buite gemeenskap van goedere getroud is nie.

41 Een party sal 'n verrykingseis teen 'n ander party instel indien eersgenoemde ten koste van laasgenoemde verryk is, terwyl laasgenoemde verarm is.

42 Church en Heaton *Marriage: General Nature* par 12. Sien die bespreking in par 3.9 hieronder.

43 Volgens De Beer *Life Partnerships* par 1 verwys die begrip "saamblyverhouding" na die situasie waar persone, wat nie met mekaar getroud is nie, 'n verhouding het en saambly. Hierdie situasie toon baie van die eienskappe van 'n huwelik. Daar is verskeie woorde wat gebruik word om hierdie verhouding mee te beskryf, bv "domestic partnership,"

van 'n ooreenkoms,⁴⁵ waarin die partye gekontrakteer het om mekaar te onderhou, erken die Suid-Afrikaanse reg nie 'n onderhoudsplig tussen heteroseksuele "saambly" lewensmaats nie.⁴⁶ Die hof het in die *Robinson-gewysde*⁴⁷ beslis dat die reg nie outomaties 'n onderhoudsplig op die "lewensmaats" gedurende die bestaan van die "life partnership" plaas soos in die geval van gades getroud ingevolge die *Huwelikswet* nie. Die *ratio* vir laasgenoemde is dat die reg nie verpligtinge op 'n persoon kan plaas waar die persoon duidelik bedoel het om nie sulke verpligtinge te onderneem nie.⁴⁸

2.2.3 Huishoudelike benodighede⁴⁹

In die geval van 'n huwelik binne gemeenskap van goed, word die aankoop van huishoudelike benodighede 'n gemeenskaplike las. Die gades is gesamentlik en afsonderlik teenoor derde partye vir die aankoop van huishoudelike benodighede aanspreeklik.⁵⁰ Artikel 23(5) van die *Wet op Huweliksgoedere* bepaal dat die partye, wat buite gemeenskap van goedere getroud is, gesamentlik en afsonderlik vir skulde ten opsigte van huishoudelike benodighede aanspreeklik is. Elke party is verplig om *pro rata* ooreenkomstig sy

kohabitasie, saambly, konkibune, *de facto* huwelik en die siviele huwelik. Hierdie woorde is almal sinonieme wat gebruik word om een begrip, naamlik 'n "saamblyverhouding" te beskryf. Die begrip "saamblyverhouding" sal vir gerieflikheidsdoeleindes vir hierdie studie gebruik word. Saamblyverhoudings word, net soos Hindoehuwelike, nie in die Suid-Afrikaanse reg as huwelike erken nie. Sien Jazbhay 2005 *De Rebus* 26-28 vir 'n bespreking van die nie-erkenning van saamblyverhoudings.

44 Die hof se uitgangspunt by saamblyverhoudings is dat die partye, wat die gevolge van die *Huwelikswet* op hul verhouding van toepassing wou maak, kon getrou het. Sien in hierdie verband *Robinson v Volks* 2004 6 SA 288 (KH) (hierna die *Robinson-gewysde*). Volgens *Van der Merwe v Central Retirement Annuity Fund* 2005 5 BPLR 463 (PFA) het die hof, in die *Robinson-gewysde*, die behoefte aan regsekerheid aangespreek deurdat 'n persoon sy sake ongesteurd en onafhanklik kan reël van persone aan wie hy nie 'n onderhoudsplig verskuldig is nie.

45 Sien ook par 3.6 hieronder.

46 De Beer *Life Partnerships* par 2. Sien ook Church en Heaton *Duty of Support and Maintenance* par 202.

47 Par [56].

48 Heaton *Life Partnerships* par 3C3.

49 Huishoudelike benodighede word in *Robinson*, Human en Boshoff *Familiereg* 96 omskryf as enigiets wat redelikerwys nodig word vir die voeding, kleding, mediese behandeling en plesier van die lede van die huishouding. Volgens Sincliar *Marriage* 448 is huishoudelike benodighede enigiets wat insidenteel tot die bestuur van die gemeenskaplike huishouding is.

50 *Robinson*, Human en Boshoff *Familiereg* 97.

finansiële vermoë tot die aankoop van huishoudelike benodighede by te dra.⁵¹ Die individuele gade moet in ooreenstemming tot sy finansiële vermoë tot die aankoop van huishoudelike benodighede bydra.⁵² Elke gade het 'n regresreg teen die ander gade indien hy meer as sy finansiële vermoë toelaat tot die huishoudelike benodighede bygedra het.⁵³

'n Hindoelvrou kan haar man nie in terme van die Suid-Afrikaanse Reg verplig om tot die aankoop van huishoudelike benodighede by te dra nie. Dit hou veral nadelige gevolge in waar die Hindoelvrou, byvoorbeeld, 'n huisvrou is en sy huishoudelike benodighede op skuld moet aankoop. Sy kan haar man, na die aankope van die huishoudelike benodighede, nie vir die betaling van 'n gedeelte van die huishoudelike benodighede aanspreek nie. Indien die Hindoelvrou geen salaris verdien nie, terwyl haar man 'n groot salaris verdien, kan dit gebeur dat sy meer as haar finansiële vermoë toelaat tot die aankoop van huishoudelike benodighede bydra.

Volgens Church en Heaton⁵⁴ kan permanente saambly lewensmaats, wat kontrakte met derde partye vir die aankoop van huishoudelike benodighede sluit, voorgee dat hulle getroud is. In so 'n geval kan derde partye hulle op estoppel⁵⁵ beroep om te voorkom dat een van die partye beweer dat hy nie vir die huishoudelike benodighede, wat die ander lewensmaat aangekoop het, aanspreeklik is nie. Derdes sal hulle dus op estoppel kan beroep indien die Hindoeman aanspreeklikheid vir die aankoop van die huishoudelike

51 Visser en Potgieter *Family Law* 198.

52 King en Victor *Marriage Law and Planning* par 2.9.

53 King en Victor *Marriage Law and Planning* par 12.9.

54 *Marriage: General Nature* par 12.

55 Volgens Sonnekus *Estoppelleerstuk* 1 vind die estoppelleerstuk toepassing indien 'n persoon (die estoppelopwerper) weens die blaamwaardige skynverwekking deur sy teenparty (die estoppelontkenner) tot sy nadeel gehandel het en laasgenoemde verhoed om op die verwekte skyn terug te gaan en die juisheid daarvan te ontken. Laasgenoemde is dus gebonde aan die skyn wat hy verwek het.

benodighede deur die Hindoevrou ontken.⁵⁶ Estoppel bied egter nie aan die Hindoevrou 'n remedie nie.⁵⁷

2.2.4 Remedies

Die *Wet op Huweliksgoedere* plaas sekere remedies tot 'n gade se beskikking ten einde te verhoed dat een gade 'n ander gade benadeel.⁵⁸ Die hof kan, byvoorbeeld,⁵⁹ op aansoek van 'n gade, die onmiddellike verdeling van die gesamentlike boedel gelas waar die hof hom vergewis het dat die een gade die ander gade se belange wesenlik benadeel.⁶⁰ Ingevolge artikel 16(2) kan die hof 'n gade se bevoegdheid om met die boedel te handel opskort. Daar is voorts ook gemeenregtelike remedies waar 'n gade as 'n verkwister⁶¹ verklaar kan word, 'n interdik teen 'n gade verkry kan word⁶² of daar om *boedelscheiding*⁶³ aansoek gedoen word.⁶⁴

Artikel 8 van die *Wet op Huweliksgoedere* magtig 'n hof om die onmiddellike verdeling van die aanwas te gelas waar die gedrag van een gade die belange van 'n ander gade wesenlik benadeel, mits 'n derde party se belange nie hierdeur benadeel word nie.⁶⁵ Hierdie remedie is reeds tydens die bestaan van die huwelik beskikbaar.⁶⁶

56 Sien die bespreking in par 3.9 hieronder.

57 Daar kan geargumenteer word dat 'n Hindoevrou haar in hierdie geval op verryking kan beroep. Sien die bespreking in par 2.2.2 hierbo.

58 Dit is die geval waar die gades binne gemeenskap van goedere getroud is.

59 Ingevolge a 20.

60 King en Victor *Easiguide* 24.

61 Davel en Jordaan *Personereg* 143 omskryf 'n verkwister as 'n persoon wat as gevolg van gebrek in sy oordeelsvermoë sy bates op 'n onverantwoordelike en roekelose wyse verkwis.

62 'n Interdik sal bv teen 'n gade wat dreig om die gemeenskaplike boedel op 'n onregmatige wyse te vervreem, verkry word. Sien *Tel Peda Investigation Bureau Pty Ltd v Laws* 1972 2 SA 1 (T) en *Laws v Laws* 1972 1 SA 321 (W) 323.

63 Kleyn *De Boedelscheiding* 7 omskryf die begrip *Boedelscheiding* soos volg: "Men verdeelt niet aandelen van deelgenoten, maar gemeenschappelijke goederen." Boedelscheiding is dus waar die onverdeelde aandele van mede-eienaars van gemeenskaplike goed tussen die mede-eienaars verdeel word.

64 Robinson, Human en Boshoff *Familiereg* 133.

65 Dit is die geval waar die gades buite gemeenskap van goedere getroud is.

66 King en Victor *Easiguide* 25.

'n Hindoelvrou is volkome kwesbaar deurdat daar geen van bogenoemde remedies tot haar beskikking is nie. Sy het geen sê oor die wyse waarop haar "gade" met sy of hulle bates omgaan nie en sy kan hom nie keer indien hy dit op 'n roekelose wyse verkwis nie.⁶⁷ 'n Moontlike probleem wat hier kan ontstaan is dat die Hindoeman op só 'n spandabelrige wyse met sy bates kan omgaan dat hy nie slegs sy "vrou" benadeel nie, maar dat daar ook nie genoeg geld is om vir onderhoud vir die minderjarige kinders, gebore uit die "huwelik," te voorsien nie.

2.2.5 Registrasie van eiendom

'n Gemeenregtelike woning hoef nie in die naam van beide die man en vrou, getroud binne gemeenskap van goedere, geregistreer te word nie. Beide gades is outomaties mede-eienaars van die eiendom indien die eiendom in een van die gades se name geregistreer is. Hierdie beginsel word duidelik in *Ex parte Menzies*⁶⁸ geïllustreer. In laasgenoemde gewysde beslis die hof dat, waar die partye binne gemeenskap van goedere getroud was, en die huis slegs op die man se naam geregistreer was, die vrou outomaties as mede-eenaar van die huis in halwe onverdeelde aandele geag word. Selfs al was die huis nie in die vrou se naam geregistreer nie, kon sy daarop aanspraak maak. Die feit dat die partye binne gemeenskap van goed getroud was, het meegebring dat die vrou outomaties as mede-eenaar in onverdeelde en onverdeelbare halwe aandele van die huis beskou word.

Waar die gades egter buite gemeenskap van goedere getroud is en die eiendom slegs in een van die gades se naam geregistreer is, sal die ander gade geen aanspraak daarop hê nie. Hierdie beginsel is geïllustreer in *Muswere v Makanza*⁶⁹ waar die partye buite gemeenskap van goed getroud was en was die huis slegs in die man se naam geregistreer was. Die man het sonder sy vrou se toestemming die eiendom aan 'n derde verkoop en na 'n ander gebied getrek. Die vrou het geweier om uit die huis te trek en die koper het om 'n

67 Indien die man egter haar eie afsonderlike eiendom vervreem of vernietig, sal sy hom strafregtelik kan laat vervolg. Sien in hierdie verband Snyman *Strafreg* 483 en 550.

68 1993 3 SA 799 (K).

69 2005 JOL 15978 (ZH) (hierna die *Muswere*-gewysde).

uitsettingsbevel aansoek gedoen. Die hof het die uitsettingsbevel toegestaan en beslis dat die persoon wie se naam op die titelakte is, *prima facie*, as die eienaar van die grond erken word. Die hof beslis voorts dat, indien die huis in die man se naam geregistreer is, die vrou nie haar man kan verhoed om die huis of onroerende eiendom te verkoop nie, selfs al het sy direk tot die verkryging van die eiendom bygedra.⁷⁰

Dit is uit bogenoemde duidelik dat 'n vrou wat buite gemeenskap van goedere getroud is, nie outomaties op mede-eiendomsreg van die huis kan aanspraak maak indien dit slegs op haar man se naam geregistreer is nie. 'n Vrou wat binne gemeenskap van goedere getroud is kan egter op mede-eiendomsreg van die huis aanspraak maak indien dit slegs op haar man se naam geregistreer is. Bogenoemde toedrag van sake is aan die regsgevolge wat outomaties by die onderskeie huweliksgoederebedelings intree toe te skryf.

'n Hindoelvrou bevind haar, wat die mede-eiendomsreg van onroerende eiendom betref, in dieselfde posisie as 'n vrou wat buite gemeenskap van goedere getroud is. Sy sal geensins aanspraak op onroerende eiendom, wat slegs in haar man se naam geregistreer is, kan maak nie. Indien haar naam nie op die titelakte van die betrokke onroerende eiendom verskyn nie, sal sy nie soos haar eweknie wat binne gemeenskap van goedere getroud is, outomaties op die onroerende eiendom kan aanspraak maak nie. Indien 'n Hindoelvrou dus tot die koopsom van die huis bygedra het en sy haarself as mede-eienaar van die huis beskou, maar die huis slegs in haar "man" se naam geregistreer is, kan dit gebeur dat sy haar in 'n posisie soortgelyk as die eiseres in die *Muswere*-gewysde bevind. 'n Hindoelvrou kan haar en haar kinders haweloos bevind indien haar man besluit

70 Die feite in *Sadiku v Sadiku* 2007 JOL 19342 (T) was soortgelyk deurdat die vrou in hierdie gewysde geweier het om uit die woning, wat slegs in haar man se naam geregistreer was, te trek. Sy het beweer dat sy 'n mede-eienaar van die woning was omdat sy en haar man binne gemeenskap van goedere getroud was. Die hof gee toe dat die eiseres se eis slegs sou slaag indien sy kon bewys dat die gemeenskap van goedere op haar huwelik van toepassing was en dat sy gevolglik op mede-eienaarskap van die woning geregtig was. In hierdie geval was die gemeenskap van goedere egter uitgesluit omdat die eiseres ingevolge die reg van Nigerië getroud was. Lg regstelsel erken nie die gemeenskap van goedere nie.

om haar verlaat, die woonhuis slegs in sy naam geregistreer was, hy sedertdien die woonhuis aan 'n derde verkoop het en die derde om 'n uitsettingsbevel aansoek gedoen het.

2.3 Regsgevolge by egskeding

2.3.1 Algemeen

'n Hindoelvrou sal geen regshulp van die Suid-Afrikaanse howe kan verwag indien haar man haar nie ingevolge die Hindoereg wil skei nie. In die *Singh*-gewysde het regter Patel vroeër vanjaar in die Durbanse Hoë Hof geweier om 'n egskeding aan 'n Hindoelvrou toe te staan. Hy het verklaar dat hy nie met godsdienstige kwessies, wat lede van die Hindoegemeenskap kan aanstoot gee, gaan inmeng nie⁷¹ en beslis dat dit nie binne die hof se bevoegdheid is om 'n egskedingsbevel aan partye te verleen indien hulle gekies het om volgens 'n huweliksisteem te trou wat nie egskeding in die vooruitsig stel nie.⁷² Hierdie beslissing hou verreikende gevolge vir 'n Hindoelvrou getroud volgens die Hindoereg in.

Daar sal voorts ondersoek ingestel word na die normale gevolge van egskeding en die regsposisie van die Hindoelvrou wat 'n nie-erkende Hindoehuwelik op Suid-Afrikaanse bodem gesluit het ten einde die tekortkominge van die Hindoehuwelik te identifiseer waarvoor daar in 'n boedelplan voorsiening gemaak sal moet word.

2.3.2 Boedelgroei en die Hindoelvrou

In beginsel is gades, getroud binne gemeenskap van goedere, geregtig op die helfte van die netto gemeenskaplike boedel by egskeding.⁷³ Hierdie beginsel is deur 'n volbank van die Transvaalse Provinsiale afdeling in *Corporate*

71 *Singh*-gewysde par [50]. Sien ook Matlala 2007 *De Rebus* 33-34.

72 *Singh*-gewysde par [51].

73 Robinson, Human en Boshoff *Familiereg* 201.

*Liquidaters (Pty) Ltd v Wiggill*⁷⁴ bevestig. Die hof kom tot die gevolgtrekking dat, waar 'n binne gemeenskap van goedere huwelik deur egskeiding ontbind word, die *dominium* van elke gade se gedeelte van die gemeenskaplike boedel in die onderskeie gades op datum van egskeiding vestig. Die hof bevestig die *Ex parte Menzies*⁷⁵ gewysde en beslis dat die registrasie van die eiendom nie 'n voorvereiste is vir die eiendom om in die onderskeie gades te vestig nie.

Ingevolge artikel 2 van die *Wysigingswet op Egskeiding*⁷⁶ word 'n gade se "pensioenbelang" ook as deel van die gemeenskaplike boedel beskou en moet dit gevolglik ook by egskeiding verdeel word.⁷⁷

Indien gades buite gemeenskap van goedere getroud is, behou elke gade sy of haar eie boedel. Die gades het egter sekere eise teen mekaar, byvoorbeeld verrekeningseise, 'n eis ingevolge 'n skenkingsooreenkoms in die huweliksvoorwaardekontrak, of 'n aanwasvordering.⁷⁸

'n Hindoevrou deel nie outomaties in die groei van haar man se boedel nie en indien sy 'n tuisteskepper was of 'n klein salaris verdien het, sal sy wesenlik benadeel word by die ontbinding van hulle "huwelik." Sy sal op geen wyse in die bates wat die gades saam tydens die bestaan van hulle "huwelik" bymekaar gemaak het en wat op die man se naam geregistreer is, kan deel nie. Indien sy tydens die huwelik ekonomies onaktief was, byvoorbeeld weens familieverpligtinge, of selfs waar sy haar man op indirekte wyse bygestaan het, sal sy op geen wyse in haar man se finansiële voorspoed kan deel nie. Sy sal ook nie kan aanspraak maak op haar man se pensioenbelang nie.

In *Kirkland v Kirkland*⁷⁹ het die hof beslis dat dit billik en regverdig sal wees indien die waarde van die partye gesamentlike boedel gelykop tussen die gades

74 2007 2 SA 520 (T).

75 1993 3 SA 799 (K).

76 7 van 1989 (hierna die *Wet op Egskeiding*).

77 A 2 is nie van toepassing waar die gades na 1 November 1984 getroud is onder 'n bedeling wat die gemeenskap van goed, wins en verlies en die aanwasbedeling uitsluit nie.

78 Robinson, Human en Boshoff *Familiereg* 205.

79 2006 6 SA 144 (K).

verdeel word. 'n Hindoelvrou, sal egter nie, soos in *Kirkland*, op die helfte van haar man se bates kan aanspraak maak nie, omdat haar huwelik nie as 'n geldige huwelik in terme van die *Wet op Huwelike* of *Wet op Egskeiding* beskou word nie. Sy sal ook nie sekere eise, byvoorbeeld 'n aanwaseis, soos haar eweknie wat buite gemeenskap van goedere getroud is, hê nie. 'n Hindoelvrou, wat nie behoorlike boedelbeplanning gedoen het nie, sal dus bateloos agtergelaat word indien haar man haar verlaat. Sy sal voorts geen remedie om in die groei van haar man se boedel te deel hê nie.

2.3.3 Verbeuring van huweliksvoordele

Artikel 9 van die *Wet op Egskeiding* maak voorsiening dat een van die gades in 'n egskeidingsgeding by die hof kan aansoek doen om 'n bevel vir die verbeuring van vermoënsregtelike voordele deur die ander gade. Die hof kan so 'n bevel toestaan indien die ander gade, in die afwesigheid van 'n verbeurverklaringsbevel, onbehoorlik bevoordeel sal word.⁸⁰

Hierdie remedie is nie tot 'n Hindoelvrou se beskikking nie en sy sal nie by 'n hof kan aansoek doen om verbeuring van vermoënsregtelike voordele nie, selfs al was haar "huwelik" kortstondig van aard en selfs al het haar "man" hom tydens die "huwelik" wesenlik wangedra.⁸¹

2.3.4 Herverdeling van bates

Indien die partye, buite gemeenskap van goedere met uitsluiting van die aanwasbedeling voor 1 November 1984 getroud is, het die hof ingevolge artikel 7 van die *Wet op Egskeiding* 'n diskresie om die bates op 'n billike wyse te verdeel.⁸² Die hof sal sy herverdelingsdiskresie, ingevolge artikel 7(4), slegs uitoefen indien die gade, wat vir die herverdeling vra, gedurende die bestaan van die huwelik direk of indirek tot die instandhouding of groei van die ander gade se

80 Robinson, Human en Boshoff *Familiereg* 202.

81 Die duur van die huwelik, die redes vir die onherstelbare verbrokkeling van die huweliksverhouding en enige wesenlike wangedrag is faktore wat die hof in ag neem by die verlening van 'n verbeuringsbevel.

82 Robinson, Human en Boshoff *Familiereg* 207.

boedel bygedra het en dit op grond van sodanige bydraes “billik en regverdig” sal wees om die herverdelingsbevel toe te staan.⁸³ In die verlede is die volgende tipe bydraes aanvaar: waar een gade sonder vergoeding in die ander gade se besigheid gewerk het of waar een gade kostebesparing gedoen het deur huishoudelike verpligtinge vir die gemeenskaplike huishouding na te kom.⁸⁴

Indien ‘n Hindoelvrou voor 1 November 1984 volgens die Hindoereg “getroud” is en sy op ‘n indirekte wyse tot die groei van haar man se boedel bygedra het gedurende die bestaan van hulle huwelik sal sy nie om ‘n herverdelingsbevel kan aansoek doen nie. Sy gaan geensins vir die bydrae, hetsy direk of indirek, wat sy gedurende die huwelik tot die groei van haar man se boedel gemaak het vergoed word nie. Die nadelige posisie waarin ‘n Hindoelvrou, wat nie haar eie bates tydens die “huwelik” opgebou het nie, verkeer is byna vanselfsprekend. Sy sal geen finansiële sekuriteit hê nie, en daar sal baie moeilik finansiële erkenning aan die bydraes wat sy tydens die “huwelik” in die vorm van tuisteskepping en omsien na die kinders gemaak het verleen word.

2.3.5 Onderhoud van die vrou

Indien die hof nie ‘n egskeidingsbevel ingevolge artikel 4 van die *Wet op Egskeiding* uitreik nie, volg dit dat die hof ook nie ‘n onderhoudsbevel ingevolge artikel 7 ten gunste van die Hindoelvrou sal kan maak nie.

In *Krooverjee v Krooverjee*⁸⁵ het die verweerderes deelyds gewerk sodat sy in die middag na haar kinders kon omsien. Die hof het in hierdie geval rehabiliterende onderhoud⁸⁶ aan haar toegestaan, welke onderhoud verminder sou word soos die kinders ouer en selfonderhoudend raak. Die rede hiervoor was om die verweerderes in staat te stel om haar primêre rol as versorger van

83 Robinson, Human en Boshoff *Familiereg* 208.

84 Robinson, Human en Boshoff *Familiereg* 209.

85 2006 SA 127 (K).

86 Robinson, Human en Boshoff *Familiereg* 175 definieer “rehabiliterende onderhoud” as dié onderhoud wat gerig is op vrouens wat hulleself vir jare aan die huishouding en die opvoeding van die kinders gewy het. Die onderhoud stel die vrouens in staat om vir ‘n betrekking opgelei of heropgelei te word. Dié onderhoud duur slegs vir die periode van opleiding.

die kinders te vervul. Dit is onwaarskynlik dat 'n hof 'n soortgelyke bevel in die geval van 'n Hindoelvrou wat van haar man wil "skei" sal maak, want die partye kan nie volgens die *Wet op Egskeiding* "skei" nie. Die gevolg is dat die Hindoelvrou waarskynlik voltyds sal moet werk om haar rol as enkelmoeder te vervul. Die Hindoelvrou sal ook iemand moet aanstel om na haar kinders in die middag om te sien. Laasgenoemde bring nadelige kosteimplikasies mee.

Daar is egter regspraak wat as gesag vir die argument dat 'n hof 'n onderhoudsbevel ten gunste van 'n Hindoelvrou behoort te maak, kan dien. Die hof het, byvoorbeeld, in *Khan v Khan*⁸⁷ 'n onderhoudsbevel ten gunste van 'n gade in 'n poligame Moslemhuwelik gemaak. Die vraag, wat in hierdie gewysde ontstaan het, was of daar 'n regsplig op die appellant gerus het, uit hoofde van die bepalings van artikel 2(1) van die *Onderhoudswet*,⁸⁸ om die respondent, met wie hy in ooreenstemming met die Moslemgebruike getroud was, te onderhou. Die hof beslis dat die voorwoord van die *Onderhoudswet* die vestiging van 'n billike onderhoudstelsel beklemtoon asook die fundamentele regte in die 1996 *Grondwet*.⁸⁹ Die hof beslis voorts dat wanneer bepaal moet word of 'n spesifieke verhouding tot 'n onderhoudsplig lei die vraag gevra moet word of die applikant finansiële steun benodig en of die verhouding tussen die partye 'n onderhoudsplig skep. Die tye en die gemeenskap waarin ons leef moet ook in ag geneem word.⁹⁰

Die Konstitusionele Hof het selfs 'n onderhoudsbevel ten gunste van partye wat nie formeel getroud was in *Sachwell v President of the Republic of South Africa*,⁹¹ gemaak. Die Konstitusionele Hof beslis dat die wedersydse onderhoudsplig van die wyse waarop ander mense die gades beskou het afgelei kon word, van die vraag of die gades die familieverantwoordelikhede gedeel het en van die vraag of die gades vir mekaar by afsterwe voorsiening gemaak het.

87 2005 2 SA 272 (T) (hierna die *Khan*-gewysde). Sien ook Schulze 2005 *De Rebus* 42-43 vir 'n bespreking van die *Khan*-gewysde.

88 *Wet op Onderhoud* 99 van 1998 (hierna die *Onderhoudswet*).

89 *Khan*-gewysde 279 E.

90 *Khan*-gewysde 280D.

91 2002 6 SA 1 (KH) (hierna die *Sachwell*-gewysde).

Die doel van familiereg in die algemeen is om kwesbare familieledede te beskerm en om billikheid te verseker.⁹² Poligame huwelike is ook 'n verskyningsvorm van familie en moet deur die familiereg beskerm word. Poligame huwelike word deur die leerstellings van 'n verskeie godsdienstige groepe, byvoorbeeld Moslems en Hindoes, aanvaar.⁹³ Die openbare beleidsoorwegings en die interpretasie van wetgewing het met die inwerkingtreding van die 1996 *Grondwet* verander. Die doel van die *Onderhoudswet* sal gefrustreer word en nie bevorder word nie, indien die lede van 'n poligame huwelik van die beskerming, wat laasgenoemde *Wet* bied, uitgesluit word, slegs omdat die regsvorm van hulle verhouding nie in ooreenstemming met die *Huwelikswet* is nie.⁹⁴ Die hof beslis ten slotte dat lede van 'n Moslemhuwelik, ongeag of dit monogaam of poligaam van aard is, op onderhoud geregtig is en dat die Moslem-egpaar binne die trefwydte van die *Wet* ressorteer.⁹⁵

Alhoewel 'n boedelbeplanner die *Khan*-gewysde en die *Sachwell*-gewysde ter ondersteuning van sy of haar argument dat 'n hof 'n onderhoudsbevel ten gunste van 'n Hindoedvrou behoort te maak, kan gebruik, kan 'n boedelbeplanner nie sonder meer daarop staatmaak dat 'n hof wel 'n onderhoudsbevel ten gunste van 'n Hindoedvrou sal maak nie. Behoorlike boedelbeplanning is daarom nodig.⁹⁶

2.3.6 *Onderhoud ten opsigte van die afhanklike kind(ers)*

Een van die belangrikste kwessies is die vraag wat die posisie van minderjarige kinders, gebore uit 'n nie-erkende Hindoehuwelik, is. Ingevolge artikel 1(2) van die *Wet op Registrasie van Geboortes en Sterftes*⁹⁷ word die kinders as binne-egtelik geag. Beide Hindoeouers het 'n gemeenregtelike verpligting om na hulle vermoë hulle afhanklike kinders te onderhou.⁹⁸ Die Hindoeman se bydrae tot

92 *Khan*-gewysde 281A.

93 *Khan*-gewysde 281C.

94 *Khan*-gewysde 283C.

95 *Khan*-gewysde 283D.

96 Daar sal wel, aan die hand van die *Khan*-gewysde, geargumenteer kan word dat 'n onderhoudsbevel ten gunste van die Hindoedvrou gemaak behoort te word.

97 51 van 1992.

98 Robinson, Human en Boshoff *Familiereg* 234.

onderhoud word deur die Hindoemoeder se lewenstandaard bepaal. Indien die Hindoenvrou 'n huwelik ingevolge die *Huwelikswet* met 'n ander man sou sluit, word die Hindoeman se onderhoudsverpligting nie opgehef nie.⁹⁹ Indien die Hindoeman sou versuim om sy onderhoudsverpligtinge na te kom, is dit ingevolge artikel 11(1) van die *Onderhoudswet*, 'n misdryf en strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf.¹⁰⁰

Waar die Hindoeman vaderskap sou betwis, kan bloedtoetse uitgevoer word ten einde te bepaal of die Hindoeman inderdaad die vader is.¹⁰¹

2.4 Regsgevolge by die dood van een van die gades

2.4.1 Algemeen

Indien die Hindoeman intestaat sterf of sterf sonder dat die Hindoenvrou behoorlike boedelbeplanning gedoen het, kan die Hindoenvrou haarself in 'n benarde posisie bevind. Die probleme wat in so 'n geval kan ontstaan, sal voorts in oënskou geneem word.

2.4.2 Die wyse van verdeling en die testament

Die posisie by 'n siviele huwelik is soos volg: indien een van die gades, wat binne gemeenskap van goed getroud was, sterf kom die gemeenskap van goed tot 'n einde en moet die gemeenskaplike boedel verdeel word. Die eksekuteur verdeel die netto waarde van die gemeenskaplike boedel in die helfte en betaal die een helfte oor aan die langsliewende gade en die ander helfte vererf volgens die normale reëls van die erfreg.¹⁰²

Indien een van die gades buite gemeenskap van goed getroud was en een van die gades sterf gaan slegs die oorledene se boedel op die eksekuteur oor vir

99 Robinson, Human en Boshoff *Familiereg* 234.

100 Robinson, Human en Boshoff *Familiereg* 234.

101 Sien Davel en Jordaan *Personereg* 103-108 vir 'n bespreking van die verskillende tipe bloedtoetse wat deur die Suid-Afrikaanse howe as getuienis van vaderskap erken word.

102 Robinson, Human en Boshoff *Familiereg* 200.

beredding.¹⁰³ Indien 'n Hindoeman sterf, gaan sy boedel ingevolge die Suid-Afrikaanse erfreg vererf, tensy hy 'n testament opgestel het waarin hy aandui dat sy boedel volgens die Hindoereg moet verdeel.¹⁰⁴ Indien 'n Hindoeman sou versuim om laasgenoemde te doen, is die gevaar dat die Hindoevrou volgens die Suid-Afrikaanse reg nie as die oorledene se “gade” beskou word nie, en dat sy gevolglik van erfopvolging uitgesluit word tensy haar naam uitdruklik in die teks van die testament genoem word. Dit is daarom aanbevelenswaardig dat sy by name as erfgenaam in die testament genoem word.¹⁰⁵

2.4.3 Wet op Onderhoud van die Langslewende Gade

Die *Onderhoudswet* het ten doel om vir 'n eis vir onderhoud aan die langslewende gade¹⁰⁶ teen die boedel van die afgestorwe gade voorsiening te maak. In *Kambule v The Master*¹⁰⁷ beslis¹⁰⁸ die hof dat die *Onderhoudswet* nie die woorde “gade” of “huwelik” omskryf nie. Die hof gaan normaalweg van die uitgangspunt uit dat die applikant 'n gade in 'n huwelik wat deur die Suid-Afrikaanse reg as 'n geldige huwelik erken word moes gewees het.¹⁰⁹ Die Konstitusionele Hof het in die *Daniels*-gewysde¹¹⁰ die begrip “gade” uitgebrei om partye in 'n monogame Moslemhuwelik by die omskrywing van die *Onderhoudswet* in te sluit. Die hof beslis dat die historiese uitsluiting van Moslems nie aan hofe wat die gewone betekenis aan “gade” heg toe te skryf is nie, maar eerder die gevolg is van 'n taalkundige beperking van die begrip “gade” wat uit 'n kulturele en rassistiese benadering vloei.¹¹¹ Die hof beslis voorts dat die diskriminerende interpretasie nie langer in die lig van die 1996- *Grondwet*

103 Robinson, Human en Boshoff *Familiereg* 205.

104 Rautenbach en Goolam *Erfreg* 301.

105 Rautenbach en Goolam *Erfreg* 300. Sien ook die bespreking in par 4.2 hieronder.

106 *Die Onderhoudswet* omskryf “langslewende gade” as die “langslewende in 'n huwelik wat deur die dood ontbind is.”

107 2007 3 SA 403 (O).

108 Op 413E.

109 *Daniels v Campbell* 2003 9 BCLR 969 (K) (hierna die *Daniels*-gewysde). Sien Rautenbach en Goolam 2004 *Stell Law Review* 369-388; Mpuru 2005 *Codicillus* 86-87 en De Villiers 2003 *ESR Review* 8-10 vir 'n bespreking van die *Daniels*-gewysde.

110 Sien *Khan v Khan* 2005 2 SA 272 (T) waar die *Daniels*-gewysde bespreek is en *Nzimande v Nzimande* 2005 1 All SA 83 (W) waar daar na die *Daniels*-gewysde verwys is.

111 Par [19] op 341E-342B.

houbaar is nie. Die grondwetlike waardes van gelykheid, verdraagsaamheid en respek vir verskeidenheid vereis dat 'n wye en insluitende interpretasie aan die woord "gade" gegee moet word.¹¹²

Die howe het die begrip "gade" tot op datum nog nie na 'n Hindoelvrou in 'n nie-erkende Hindoehuwelik uitgebrei nie. Alhoewel daar, aan die hand van die *Daniels*-gewysde, geargumenteer kan word dat 'n Hindoelvrou in 'n monogame Hindoehuwelik haar in dieselfde posisie as 'n Moslemvrou in 'n monogame Moslemhuwelik behoort te bevind, kan die boedelbeplanner nie op die feit dat sy wel as 'n "gade" beskou gaan word staatmaak nie, en moet die boedelplan op so 'n wyse opgestel word om vir die geval, waar sy nie as 'n "gade" beskou gaan word nie, voorsiening te maak.

Daar kan egter gevra word of die Hindoelvrou in dieselfde posisie as 'n vrou wat in 'n saamleefverhouding is sal wees. Die meerderheid van die Konstitusionele Hof het in *Volks v Robinson*¹¹³ die houding ingeneem dat die voordele wat gades ingevolge die *Onderhoudswet* verkry, *ex lege* uit 'n onderhoudspilig ontstaan wat gedurende die gades se leeftyd bestaan. Daar bestaan geen onderhoudspilig tussen saamleef lewensmaats nie. Die hof het daarom geweier om die omskrywing van "gade" na "permanente saamleef lewensmaats" uit te brei. Daar bestaan tans nie 'n *ex lege* 'n onderhoudspilig tussen Hindoegades nie. Die Konstitusionele Hof gaan van die standpunt uit dat die hof nie 'n onderhoudspilig na 'n party se afsterwe kan "skep" indien die onderhoudspilig nie tydens die partye se leeftyd bestaan het nie.

Die vraag ontstaan of die howe die omskrywing van "gade" sal uitbrei om partye in 'n poligame Hindoehuwelik in te sluit. *Ismail v Ismail*¹¹⁴ druk die howe se houding teenoor poligame huwelike uit. Die hof beslis dat die blote feit dat die *Huwelikswet* nie poligame huwelike verbied nie, nie beteken dat sulke huwelike goedgekeur word of dat die gevolge van sulke huwelike regtens afdwingbaar is

112 Par [19] op 341E-342B.

113 2005 5 BCLR 446 (KH) (hierna die *Robinson*-gewysde). Sien ook Heaton 2005 *THRHR* 662-670; Nomvela 2004 *Codicillus* 85-88 en Rajah 2005 *Pensions World* 6, 8-10.

114 1983 1 SA 1006 (A) (hierna die *Ismail*-gewysde).

nie. Die hof beslis voorts dat daar geen regverdiging is om van die lang reeks Suid-Afrikaanse beslissings af te wyk wat aanhoudend weier om erkenning te gee aan die gevolge van poligame huwelike. Dit is aan die hand van laasgenoemde bedenklik of die hof die omskrywing van "gade" sal uitbrei om partye in 'n poligame Hindoehuwelik in te sluit.¹¹⁵

Indien die omskrywing van "gade" wel uitgebrei word om partye 'n poligame Hindoehuwelik in te sluit, kan dit gebeur dat daar onvoldoende fondse in die bestorwe boedel van die Hindoeman is om aan al die Hindoeweduwees en hulle kinders se eise te voldoen.

2.4.4 *Wet op Intestate Erfopvolging*¹¹⁶

Die hof het in die *Daniels*-gewysde die omskrywing "gade" in die *Erfopvolgingswet* uitgebrei om partye in 'n monogame Moslemhuwelik in te sluit.¹¹⁷ Die hof beslis dat dit taalkundig meer beperkend is om partye tot 'n Moslemhuwelik van die omskrywing "gades" uit te sluit as wat dit is om die Moslemgades by die omskrywing in te sluit. Die hof beslis voorts dat die interpretasie wat die Moslemgades uitsluit van 'n spesifieke kulturele en rassitiese benadering afkomstig is en dat daardie beperkende interpretasie diskriminerend is.¹¹⁸ Die hof kom tot die gevolgtrekking dat die diskriminerende interpretasie nie meer langer in die lig van die 1996-*Grondwet* houbaar is nie en dat partye in 'n monogame Moslemhuwelik by die omskrywing van "gades" ingesluit moet word.¹¹⁹

Daar kan net, soos in die geval van die *Onderhoudswet* hierbo, geargumenteer word dat 'n Hindoewrou in 'n monogame Hindoehuwelik haar in dieselfde posisie

115 Die *Khan*-gewysde kan, aan die ander kant, as gesag vir die standpunt dien dat partye in 'n poligame huwelik by die omskrywing van "gade" ingesluit behoort te word. Sien par 2.3.5 hierbo. Gesien in die lig van uitsprake soos *Ismail* kan daar egter nie daarop staatgemaak word dat 'n Hindoewrou wel by die omskrywing van "gade" by die *Onderhoudswet* ingesluit gaan word nie.

116 Hierna die *Erfopvolgingswet*.

117 Sien ook par 2.4.3 hierbo.

118 *Daniels*-gewysde 341E-342B.

119 *Daniels*-gewysde 332.

as 'n Moslemvrou 'n monogame Moslemhuwelik bevind. Die boedelbeplanner kan egter nie op die feit dat sy wel as 'n "gade" beskou gaan word nie, staatmaak nie. Hy moet daarom die boedelplan op so 'n wyse opgestel dat daar vir die geval voorsiening gemaak word indien sy nie as 'n "gade" beskou word nie.¹²⁰ Dit sou 'n Hindoelvrou geloon het indien sy ingevolge die *Erfopvolgingswet* as gade geag is, omdat sy in so 'n geval van haar "man" sou kon erf indien hy sonder 'n testament te sterwe sou kom. Gesien in die lig van die feit dat sy nie op laasgenoemde kan staatmaak nie, moet die Hindoeman 'n testament opstel waar die Hindoelvrou by name as erfgenaam benoem word.

2.4.5 *Eis vir verlies van onderhoud*

Die Appèlhof het in *Amod v Multilateral Motor Vehicle Accidents Fund*¹²¹ die gemeenregtelike eis van verlies aan onderhoud ontwikkel om 'n Moslemweduwee, in 'n monogame *de facto* Moslemhuwelik wie se man onregmatig gedood is, in te sluit. Die hof beslis dat die korrekte benadering nie is om te vra of die huwelik ingevolge die gemenereg erken word nie, maar om te vra of die oorledene onder 'n regsverpligting gestaan het om die appellant, gedurende die bestaan van die "huwelik," te onderhou. Indien wel, word daar gevra of hierdie reg vir doeleindes van die afhanklike se eis vir verlies van onderhoud beskermingswaardig was.¹²² Die hof beslis voorts dat die *boni mores* van die gemeenskap, 'n benadering wat die onderhoudsplig voortspruitend uit Moslemhuwelike beskerm, sal ondersteun.¹²³

Alhoewel 'n Moslemweduwee, na die *Amod*-beslissing, 'n eis vir die verlies aan onderhoud het, volg dit nie outomaties dat 'n Hindoeweduwee ook 'n eis vir verlies aan onderhoud het nie. Dit is aanbevelenswaardig dat die Hindoelvrou

120 Sien ook par 2.4.2 hierbo vir 'n bespreking van die vraag of die hof die omskrywing van "gade" behoort uit te brei om die partye tot 'n poligame Hindoehuwelik in te sluit.

121 1999 4 SA 1319 (HHA) (hierna die *Amod*-gewysde).

122 *Amod*-gewysde par [19] en [21] op 1327E-G/H.

123 *Amod*-gewysde par [23] op 1329H-I. Sien Davel 2000 *Acta juridica* 158-167 en Goldblatt 2000 *SA Journal for Human Rights* 138-144 vir 'n bespreking van die *Amod*-gewysde.

boedelbeplanning doen om vir die situasie waar man onregmatiglik gedood word en sy haar en haar kinders self moet onderhou voorsiening te maak.

2.4.6 Pensioenfondsvoordele

Die vraag ontstaan of 'n Hindoeweduwee op voordele, ingevolge 'n pensioenfonds, sal kan aanspraak maak indien haar "man" sterf. Die gevaar bestaan dat sy, omdat haar huwelik nie volgens die Suid-Afrikaanse reg erken word nie, op dieselfde wyse as 'n party wat in 'n saamleefverhouding betrokke is, beskou kan word. Die volgende voorbeelde dien ter illustrasie.

Die arbiter¹²⁴ het in die geval van *D van der Merwe & M van der Merwe v Central Annuity Fund & S Fourie* bevind dat 'n mevrou Fourie, wat saam met die oorledene gewoon het, nie as 'n "afhanklike" vir die fonds se doeleindes beskou kan word nie, ten spyte van die feit dat die oorledene haar as begunstigde genomineer het.¹²⁵ Die arbiter bevind voorts dat mevrou Fourie nie as 'n afhanklike kan kwalifiseer nie omdat sy nie as 'n "gade" beskou word nie. Alhoewel dit duidelik was dat Mevrou Fourie en die oorledene hulle finansiële hulpbronne saamgevoeg het, was dit, volgens die arbiter, nie voldoende om "feitelike afhanklikheid" vir die fonds se doeleindes daar te stel nie.¹²⁶

Die arbiter, in *P H Maritz v ABSA Groep Pensioenfonds*, het ook geweier om 'n saamwoon lewensmaat van die oorledene as 'n afhanklike te beskou.¹²⁷ Die klaer het in hierdie geval die grondwetlike geldigheid van die omskrywing van "gade" in die reëls van die fonds aangeveg. Die arbiter bevind dat 'n saamwoon lewensmaat nie as 'n gade beskou kan word nie. Die arbiter bevind voorts dat die omskrywing van "kwalifiserende gade," wat 'n saamwoon lewensmaat uitsluit, nie die omskrywing van "kwalifiserende gade" in die reëls ongrondwetlik maak nie.¹²⁸

124 "Adjudicator" in Engels, oftewel 'n beoordeelaar.

125 Rajah 2005 *Insurance and Tax* 18.

126 Rajah 2005 *Insurance and Tax* 20.

127 Rajah 2005 *Insurance and Tax* 21.

128 Rajah 2005 *Insurance and Tax* 22.

'n Hindoevrou kan daarom nie daarop staatmaak dat sy as afhanklike deur haar man se pensioenfonds beskou gaan word nie. Sy moet behoorlike boedelbeplanning doen om vir die situasie voorsiening te maak waar sy nie as "gade" deur die pensioenfonds geag word nie.

2.4.7 *Pactum successorium*¹²⁹

Partye kan nie kontraktueel ooreenkom dat een party sy bates aan 'n ander party sal nalaat nie. Laasgenoemde staan bekend as 'n *pactum successorium* en word in ons reg verbied. Waar die partye egter ingevolge die Suid-Afrikaanse reg getroud is, sal 'n skenking in 'n behoorlik geregistreerde huweliksvoorwaardekontrak 'n uitsondering op die verbod teen *pacta successoria* wees.¹³⁰ 'n Egpaar, volgens die Suid-Afrikaanse reg getroud, kan dus wel in 'n huweliksvoorwaardekontrak ooreenkom om bates aan mekaar te bemaak. 'n Hindoe-egpaar se "huwelik" word egter nie in die Suid-Afrikaanse reg erken nie. Die Hindoe-egpaar kan daarom nie ooreenkom om bates aan mekaar te bemaak nie. Indien 'n Hindoe-egpaar in 'n kontrak sou sluit, wat die bemaking van bates, na een van hulle se dood reël, kan dit op 'n ongeldige *pactum successorium* neerkom. Die Hindoe-egpaar sal dus op 'n ander wyse erfopvolging moet bewerkstellig.

2.4.8 *Boedelbelasting*

Gades, getroud ingevolge die *Huwelikswet*, kan in hulle huweliksvoorwaardekontrak ooreenkom om 'n lewenspolis aan 'n gade te skenk. Só 'n skenking hou die voordeel in dat die opbrengs van die polis, ingevolge artikel 3(3)(a)(i) van die *Boedelbelastingwet*,¹³¹ van boedelbelasting vrygestel word. Aangesien Hindoegades nie 'n geldige huweliksvoorwaardekontrak kan

129 *Bormann v Potgietersrus Tabak Koop* 1976 3 SA 488 (A) op 501-503 definieer 'n *pactum successorium* as 'n ooreenkoms waarin die partye die vererwing (*successio*) van die nalatenskap (of 'n deel daarvan) of 'n bepaalde saak wat deel daarvan uitmaak) van een of meer van die partye na die dood (*mortis causa*) van die betrokke party reël. A en B kom bv met mekaar ooreen dat A sy nalatenskap (of 'n deel daarvan) aan B sal bemaak.

130 *Ex parte Oosthuizen* 1964 1 SA 174 (O); *Jordaan v De Villiers* 1991 4 SA 396 (K).

131 45 van 1955 (hierna die *Boedelbelastingwet*).

sluit, sonder om 'n geldige huwelik ingevolge die *Huwelikswet* te sluit nie, is hierdie korting nie vir 'n Hindoelvrou se bestorwe boedel beskikbaar nie.

Alhoewel die *Boedelbelastingwet* sekere meganismes aan 'n Hindoelvrou bied om die boedelbelasting betaalbaar op haar bestorwe boedel te verminder¹³² is daar ongelukkig, weens die feit dat haar huwelik nie in die Suid-Afrikaanse reg erken word nie, sommige gevalle waar sy met ander boedelbeplanningsmeganismes vorendag moet kom om die boedelbelasting, wat op haar boedel by haar afsterwe betaalbaar gaan wees, te verminder.

2.5 Wetgewing waar 'n Hindoelvrou wel as 'n "gade" kwalifiseer

2.5.1 Algemeen

Daar is sekere wetgewing in terme waarvan 'n Hindoelvrou wel as 'n gade beskou word. 'n Boedelbeplanner sal op hierdie wetgewing moet let indien hy 'n Hindoelvrou se boedel beplan omdat hierdie wetgewing sekere boedelbeplanningsmeganismes tot die boedelbeplanner se beskikking stel wat andersins nie tot die boedelbeplanner se beskikking sou gewees het nie. Die feit dat die Hindoelvrou as 'n gade geag word, kan egter ook 'n nadeel wees wat deur boedelbeplanning aangespreek sal moet word.¹³³ Die wetgewing word vervolgens bespreek.

2.5.2 *Insolvensiewet*

'n Hindoelvrou word vir die doeleindes van die *Insolvensiewet* as 'n "gade" geag. A 21(13) van die *Insolvensiewet* bepaal soos volg:

In hierdie artikel beteken "eggenoot" nie alleen 'n eggenote of eggenoot in die wettige sin nie maar ook **'n eggenote of eggenoot kragtens 'n huwelik volgens enige regstelsel of gebruik**¹³⁴ en ook 'n vrou wat met 'n man as sy eggenote leef of 'n man wat met 'n vrou as haar eggenoot leef, hoewel hulle nie met mekaar getroud is nie.

132 Sien die bespreking in par 2.5.3 hieronder.

133 Sien par 2.5.2 hieronder.

134 Eie kursuivering.

Die implikasie van bogenoemde vir die Hindoelvrou sal vervolgens ondersoek word. Die algemene insolvensieregreël is dat waar die partye buite gemeenskap van goedere getroud is, die solvente gade se bates, tydens die insolvente gade se sekwestrasie, ingevolge artikel 21(1)¹³⁵ van die *Insolvensiewet*, eers op die Meester en daarna op die kurator,¹³⁶ oorgaan. Daar word dan met die bates gehandel asof dit deel van die insolvente gade se boedel vorm.¹³⁷ Die doel van artikel 21 is om te verhoed dat gades in 'n poging om die skuldeisers van die insolvente boedel te benadeel saamspan.¹³⁸ Die kurator sal slegs die solvente gade se goedere vrygee indien sy bewys dat haar bates in een van die kategorieë, gelys in artikel 21(2),¹³⁹ tuishoort.

'n Hindoelvrou is, wat die insolvensie van haar "eggenoot" betref, in dieselfde posisie as 'n vrou wat buite gemeenskap van goedere getroud is. Weens die feit dat 'n Hindoelvrou volgens die *Insolvensiewet* as 'n gade geag word, sal haar bates op die kurator van haar "man" se insolvente boedel oorgaan indien haar man insolvent verklaar word. 'n Hindoelvrou wat nie kan bewys dat die bates haar eiendom was onmiddellik voor haar "huwelik" met die Hindoeman nie, sal haar bates kwyt wees.¹⁴⁰ Dit is duidelik dat die feit dat die Hindoelvrou in hierdie geval as 'n gade beskou word, eerder 'n nadeel as 'n voordeel is. Dit is 'n nadeel wat deur boedelbeplanning aangespreek sal moet word.

135 Sharrock, Van der Linde en Smith *Insolvency* 66. Vir die doeleindes van a 21 van die *Insolvensiewet* 24 van 1936 (hierna die *Insolvensiewet*) word "gade" uitgebrei om 'n vrou of 'n man getroud volgens enige reg of gewoonte in te sluit.

136 Nadat hy aangestel is.

137 *Harksen v Lane* NO 1998 1 SA 300 (KH) 302 (hierna die *Harksen-gewysde*); Matlala 2002 *Codicillus* 2; Smith *Insolvency* 109.

138 Sharrock, Van der Linde en Smith *Insolvency* 65, Smith *Insolvency* 108.

139 De la Rey *Insolvency* 167.

140 Die grondwetlikheid van a 21 is in die *Harksen-gewysde* aangeveg. Regter Goldstone beslis dat a 21 grondwetlik is en dat die doel van hierdie artikel is om te verseker dat die insolvente boedel nie ontnem word van eiendom waarop dit in werklikheid geregtig is nie.

2.5.3 Boedelbelastingwet

Die *Boedelbelastingwet* omskryf in artikel 'n "gade" as:

'n persoon wat op die tydstip van dood van bedoelde oorlede persoon die maat van daardie persoon was:

(a) in 'n huwelik of gewoonteverbintenis wat ingevolge die wette van die Republiek erken word;

(b) in 'n verbintenis wat ingevolge die leerstellings van enige godsdiens as 'n huwelik erken word.¹⁴¹

Die vraag ontstaan wat die implikasie van bogenoemde vir die boedelbeplanning vir die Hindoelvrou is. Die antwoord hierop, sal hieronder ondersoek word.¹⁴²

2.5.4 Ongevallewet¹⁴³

Dit wil voorkom asof artikel 4(1)(b) van die *Ongevallewet* ruimte laat vir die Hindoelvrou om as 'n "gade" te kwalifiseer. Artikel 4(1)(b) verleen wye diskresionêre magte aan die Kommissaris om te besluit wie as 'n afhanklike by die werknemer se dood kwalifiseer indien die vergoeding, verskuldig aan die werknemer se afhanklikes, toegeken moet word. Die subartikel bepaal dat, indien daar geen weduwee is, wie geheel of gedeeltelik, ten tye van die ongeval, van die werknemer vir lewensbehoefte afhanklik was, enige vrou saam met wie die werknemer ten tye van die ongeluk geleef het, as 'n afhanklike beskou sal word. Dit is dus wel moontlik dat 'n Hindoelvrou as "gade" ingevolge die *Ongevallewet* kan kwalifiseer. Alhoewel die Kommissaris 'n diskresie in hierdie verband het en die Hindoelvrou nie daarop kan staatmaak dat sy verseker as 'n gade beskou gaan word nie, sal die boedelbeplanner in die boedelplan voorsiening moet maak indien die Hindoelvrou nie as 'n "gade" geag word nie.

141 Eie kursuivering.

142 Sien par 4.6 hieronder.

143 30 van 1941 (hierna die *Ongevallewet*).

2.5.5 *Inkomstebelastingwet*¹⁴⁴

Skenkings tussen gades word van belasting vrygestel.¹⁴⁵ “Gade” word soos volg in die *Inkomstebelastingwet* gedefinieer:

“gade” met betrekking tot enige persoon, die maat van sodanige persoon-

- (a) in 'n huwelik of gewoonteverbintenis ingevolge die wette van die Republiek erken;
- (b) **in 'n verbintenis wat ingevolge die leerstellings van enige godsdienst as 'n huwelik erken word; of**¹⁴⁶
- (c) in 'n selfde-geslag of heteroseksuele verbintenis wat die Kommissaris oortuig is bedoel is om permanent te wees,

Dit is duidelik volgens subartikel (b) dat 'n Hindoegade wel as 'n gade in terme van die *Inkomstebelastingwet* beskou sal word. 'n Hindoe-egpaar kan dus van skenkings tussen gades, as boedelbeplanningsmeganisme, gebruik kan maak.¹⁴⁷

Die insluiting van partye, wat volgens die leerstellings van enige godsdienst getroud is, by die omskrywing van “gade” hou ook ander belastingimplikasies in. Die belastingontduikingsbepalings¹⁴⁸ van die *Inkomstebelastingwet* gaan nou ook op 'n Hindoe-egpaar van toepassing wees en die boedelbeplanner moet sorg dra dat die boedelbeplanningsmeganismes wat hy in plek stel nie as belastingontduikingsbepalings geïnterpreteer word nie. Artikel 7 is daargestel om die belastingontduiking tussen gades teë te werk. Indien 'n skenking gemaak word met die hoofoorweging om die skenker se belastingaanspreeklikheid uit te skakel is artikel 7(2) van toepassing. Artikel 7(2) bepaal dat waar 'n belastingbetaler 'n skenking, skikking of ander vervreemding aan sy gade maak

144 58 van 1962 (hierna die *Inkomstebelastingwet*).

145 *Meyerowitz on Income Tax* 31-8 tot 31-9.

146 Eie kursuivering.

147 Sien Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 217 vir 'n volledige bespreking van die beplanning by geskenkebelasting. Sien ook par 3.6 hieronder.

148 Volgens Jordaan *et al Silke* 541 verwys “belastingontduiking” na die onwettige aktiwiteite wat opsetlik deur 'n belastingbetaler onderneem word om homself van sy belastinglas te verlos. 'n Voorbeeld van belastingontduiking is waar 'n belastingbetaler inkomste weglaat van sy jaarlikse belastingopgawe.

en inkomste aan die gade, as gevolg van die skenking toeval, die inkomste geag word die inkomste van die skenkende gade (die skenker) te wees. 'n Boedelbeplanner moet daarom nooit 'n boedelbeplanningskonstruksie, met die doel om belasting te ontduik, van stapel stuur nie.

Die feit dat 'n Hindoe-egpaar as gades beskou word, hou ook belangrike kapitaalwinsimplikasies in. Ingevolge paragraaf 55 van die Agste Skedule van die *Inkomstebelastingwet* is 'n bedrag, ontvang deur 'n persoon met betrekking tot polis, nie aan kapitaalwinsbelasting onderhewig nie. Dit sal alleen geld indien die persoon, wat die opbrengs van die polis ontvang, die gade van die oorspronklike begunstigde eienaar van die polis is. Die Hindoe-egpaar sal waarskynlik hierdie kapitaalwinsvrystelling kan geniet indien hulle langtermyn polisse aankoop.

Daar word, vir kapitaalwinsdoeleindes, geag dat 'n persoon sy bates by sy afsterwe vervreem en dit lei tot die kapitaalwinsaanspreeklikheid van die bestorwe boedel.¹⁴⁹ Indien die bates van die oorledene aan die langslewende gade nagelaat word, sal geen kapitaalwinsaanspreeklikheid ontstaan nie. Die kapitaalwinsaanspreeklikheid word uitgestel tot na die dood van die langslewende gade.¹⁵⁰ Dit is raadsaam dat 'n Hindoevrou, wanneer sy die begunstigdes van die bates in haar boedel in haar testament aanwys, hierdie aspek in gedagte hou.¹⁵¹

2.5.6 *Wet op Hereregte*¹⁵²

Die *Wet op Hereregte* omskryf "gade" as die maat van enige persoon:

- (a) in 'n huwelik of gewoonteverbintenis ingevolge die wette van die Republiek erken;
- (b) in 'n huwelik of gewoonteverbintenis wat ingevolge die leerstellings van enige godsdienst ingevolge die wette van die Republiek erken;¹⁵³

149 Mhlono 2002 *Insurance and Tax* 25.

150 Mhlono 2002 *Insurance and Tax* 26.

151 Sien par 4.6.2 hieronder.

152 40 van 1949 (hierna die *Wet op Hereregte*).

- (c) in 'n selfde geslag of heteroseksuele verbintenis wat die Kommissaris oortuig is bedoel om permanent te wees.

Hierdie omskrywing het 'n belangrike invloed op die interpretasie en toepassing van die *Wet op Hereregte*. Artikel 9 stel enige eiendom, wat die langsewende gade, op enige wyse, uit die oorledene gade se bestorwe verkry, van hereregte vry. Die woorde "op enige wyse" verwys na die verkryging ingevolge 'n testament of intestate erfopvolging. Indien 'n Hindoelvrou eiendom van haar "man" erf sal sy dus nie hereregte daarop hoef te betaal nie. Indien 'n Hindoelvrou eiendom aan haar "man" nalaat, sal haar bestorwe boedel geen kapitaalwinsbelasting of hereregte daarop hoef te betaal nie.¹⁵⁴

2.6 Gevolgtrekking

Uit bostaande bespreking is dit duidelik dat dit wel vir 'n Hindoelvrou nodig sal wees om haar boedel sorgvuldig te beplan ten einde al die tekortkominge wat haar nie-erkende huwelik meebring, te ondervang. 'n Boedelbeplanner sal, wanneer hy of sy 'n Hindoelvrou se boedel beplan, in ag moet neem dat elke persoon uniek is. Die spesifieke tekortkominge wat by een Hindoelvrou se boedel aanwesig mag wees, is nie noodwendig by 'n ander Hindoelvrou se boedel ter sprake nie. Bogenoemde bespreking is slegs 'n bespreking van tekortkominge in die algemeen. 'n Boedelbeplanner sal die boedelplan moet opstel met inagneming van al die omstandighede van die spesifieke Hindoelvrou wie se boedel hy of sy beplan.

Geen van die *ex lege* gevolge van 'n huwelike, ingevolge die *Huwelikswet*, tree outomaties by 'n Hindoe-egpaar se "huwelik" in werking nie. 'n Hindoelvrou kan nie haar "man" verplig om haar te onderhou nie.¹⁵⁵ Sy kan hom ook nie vir 'n gedeelte van die huishoudelike benodighede aanspreek¹⁵⁶ of verhoed dat hy haar boedel benadeel deur op die remedies, soos vervat in die *Huwelikswet*,

153 Eie kursuivering.

154 A 9 van die *Wet op Hereregte* en Agste Skedule van die *Inkomstebelastingwet*. Sien ook par 4.6.2 hieronder.

155 Sien par 2.2.2 hierbo.

156 Sien par 2.2.3 hierbo.

aanspraak te maak nie.¹⁵⁷ Indien eiendom slegs in die Hindoeman se naam geregistreer is, sal die Hindoenvrou maklik uit die huis gesit kan word, omdat haar naam nie op die titelakte verskyn nie en sy nie soos 'n vrou wat binne gemeenskap van goedere getroud is, outomaties op die helfte van die eiendom geregtig is nie.¹⁵⁸ 'n Hindoenvrou deel nie outomaties in haar man se boedelgroei nie¹⁵⁹ en sy kan nie by 'n hof aansoek doen dat haar "man" die voordele van hulle huwelik verbeur nie.¹⁶⁰

Gesien in die lig van die feit dat 'n hof nie 'n egskeidingsbevel ten gunste van die Hindoenvrou sal maak nie, volg dit dat die hof ook nie 'n onderhoudsbevel ten gunste van die Hindoenvrou sal maak nie.¹⁶¹ 'n Hindoenvrou moet by name in haar man se testament genoem word om te kan erf, en kan nie bloot as "gade" na verwys word nie.¹⁶² Alhoewel daar geargumenteer kan word dat 'n Hindoenvrou ingevolge die *Onderhouds*-¹⁶³ en *Erfopvolgingswet*¹⁶⁴ as "gade" geklassifiseer behoort te word, kan 'n boedelbeplanner nie daarop staatmaak dat die Hindoenvrou wel as gade beskou sal word nie en moet boedelbeplanning gedoen word vir die situasie waar sy nie as 'n "gade" beskou word nie.

'n Hindoenvrou sal voorts nie outomaties 'n eis vir verlies aan onderhoud weens die dood van die broodwinner kan instel nie, en versorgingsmaatreëls moet in plek gestel word om vir die Hindoenvrou en haar gesin voorsiening te maak indien haar "man" onregmatiglik gedood word.¹⁶⁵ Die moontlikheid moet ook voor oë gehou word dat die pensioenfonds die Hindoenvrou moontlik nie as afhanklike gaan beskou nie.¹⁶⁶ 'n Hindoe-egpaar kan nie kontraktueel ooreenkom om

157 Sien par 2.2.4 hierbo.
158 Sien par 2.2.5 hierbo.
159 Sien par 2.3.2 hierbo.
160 Sien par 2.3.3 hierbo.
161 Sien par 2.3.4 hierbo.
162 Sien par 2.4.2 hierbo.
163 Sien par 2.4.3 hierbo.
164 Sien par 2.4.4 hierbo.
165 Sien par 2.4.5 hierbo.
166 Sien par 2.4.6 hierbo.

mekaar oor en weer as begunstigdes in 'n testament aan te wys nie en sal op 'n ander wyse erfopvolging moet bewerkstellig.¹⁶⁷

Daar is wel sekere wetgewing in terme waarvan die Hindoelvrou as 'n gade beskou word. Dit is ongelukkig nie altyd voordelig nie. Die feit dat die Hindoelvrou vir insolvensiedoeleindes as 'n gade beskou word, bring mee dat haar boedel op die kurator van haar man se insolvente boedel oorgaan.¹⁶⁸ Boedelbeplanning sal gedoen moet word op die nadelige gevolge hiervan verbonde uit te skakel of te verhoed.¹⁶⁹ Dit is voordelig dat die Hindoelvrou ingevolge die *Boedelbelastingwet* as 'n "gade" beskou word omdat 'n belangrike boedelbeplanningsinstrument, naamlik artikel 4(q), tot haar beskikking gestel word.¹⁷⁰ Die feit dat sy as gade beskou word, is ook voordelig ingevolge die *Inkomstebelastingwet* omdat die Hindoe-egpaar van skenkings tussen gades, wat belastingvry is, gebruik kan maak. Daar is ook kapitaalwinsvoordele aan die feit dat sy as gade beskou word verbonde.¹⁷¹ Koste word bespaar, deur die *Wet op Hereregte*, wanneer 'n Hindoelvrou eiendom vry van oordragkoste uit haar man se bestorwe boedel verkry.¹⁷²

Met al bogenoemde tekortkominge in die Hindoe huwelik in gedagte, gaan *inter vivos* boedelbeplanningsinstrumente, wat aangewend kan word om bogenoemde nadelige gevolge te beperk of uit te skakel, ondersoek word.

167 Sien par 2.4.7 hierbo.

168 Sien par 2.5.2 hierbo.

169 Sien par 2.5.2 hierbo.

170 Sien ar 2.5.3 hierbo.

171 Sien par 2.5.5 hierbo.

172 Sien par 2.5.6 hierbo.

HOOFSTUK 3

INTER VIVOS BOEDELBEPLANNINGSINSTRUMENTE

3.1 Inleiding

Meyerowiz¹⁷³ definieer boedelbeplanning soos volg:¹⁷⁴

The arrangement, management, and securement and disposition of a person's estate so that his family and other beneficiaries may enjoy and continue to enjoy the maximum from his estate and his assets during his lifetime and after his death, no matter when death may occur.¹⁷⁵

Wanneer 'n Hindoevrou se boedel beplan word, word daar dus gekyk na die wyse waarop sy die grootste voordeel uit die besit en gebruik van haar bates tydens haar leeftyd kan haal. Daar word gefokus op die wyse waarop haar boedel gestruktureer kan word dat sy die maksimum beskerming geniet. Volgens Bobbert¹⁷⁶ oorbrug boedelbeplanning die gaping tussen waar persone op 'n gegewe tydstip is en waar hulle in die toekoms wil wees.¹⁷⁷ Boedelbeplanning, vir die Hindoevrou, oorbrug die gaping tussen die tekortkominge in haar huwelik en die beveiliging, beskerming en maksimalisering van die gebruik en genot van haar boedel.

173 1965 *The Taxpayer* 1.

174 Bobbert 1976 *TRW* 11, aan die ander kant, vat boedelbeplanning soos volg saam: "Boedelbeplanning kan beskou word as die proses waardeur 'n eienaar eiendom verkry, die grootste voordeel uit die besit en gebruik daarvan haal (gedurende sy lewe), sodat soveel moontlik op die mees ekonomiese wyse en met die minste vermindering daarvan, op sy begunstigdes kan oorgaan (na sy afsterwe)." Spinney omskryf in Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 14, die doelwit van boedelbeplanning soos volg: "to secure to the property owner maximum benefits in the possession and use of his property, and to enable him to pass it to members of his family, or others, with a minimum of shrinkage consistent with his desire for the *inter vivos* and testamentary disposition of his estate. Planning is concerned with a minimization of income taxes, minimization of estate and inheritance taxes, minimization of probate costs and the conservation of principal after his death." Volgens Stuart en Olivier *Testamente en Boedelbeplanning* 9 behels boedelbeplanning in die algemeen die doelbewuste besinning deur 'n boedeleienaar vir die oordrag van sy bates aan begunstigdes, hetsy gedurende sy lewe of na sy dood. Sien ook Abrie *et al Boedels* 3.

175 Vir verdere omskrywings van die begrip "boedelbeplanning" sien Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 14.

176 1976 *TRW* 11; Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 14.

177 Bobbert 1976 *TRW* 11.

Bobbert¹⁷⁸ onderskei tussen voordoodse beplanning¹⁷⁹ en nadoodse beplanning.¹⁸⁰ King en Victor¹⁸¹ ondersteun hierdie onderskeid en klassifiseer eersgenoemde as boedelbeplanning in die eng sin en laasgenoemde as beplanning in die wye sin. Volgens Abrie *et al*¹⁸² is die doel van *inter vivos* beplanning om voorsorgmaatreëls vir afhanklikes te implementeer, om die waardetoename van boedelbates vas te pen met die oog op belastingbesparings, en om moontlike likwiditeitsprobleme te ondervang.¹⁸³

Dit is belangrik dat die doelwitte van die boedelbeplanning deurgaans voor oë gehou word. Abrie, Graham en Van der Linde¹⁸⁴ sit algemene doelwitte, wat by *inter vivos* boedelbeplanning in ag geneem moet word, soos volg uiteen:

- ♦ om genoeg fondse beskikbaar te hê ten einde gemaklik te kan leef;
- ♦ om genoeg fondse beskikbaar te hê ten einde voldoende voorsorg vir afhanklikes se versorging te tref;
- ♦ om boedelbates voldoende te beskerm om te verhoed dat dit verlore gaan; en
- ♦ om boedelbates voldoende teen belastingowerhede te beskerm.¹⁸⁵

178 1976 TRW 20.

179 Ook genoem "vroegtydige beplanning". Volgens Abrie *et al* Boedels word *inter vivos* maatreëls reeds tydens die boedeleienaar se lewe geïmplementeer.

180 Dawson onderskei in sy boek, *Estate Planning Guide*, tussen boedelbeplanning tydens die boedeleienaar se leeftyd (5-31) en boedelbeplanning vir die beplanner se dood (33-71).

181 *Easiguide* 3.

182 *Boedels* 6.

183 Sien ook Pretorius *Boedelbeplanningsmodel* 263 en Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 22-23.

184 *Boedel- en Finansiële Beplanning* 6. Sien ook Stuart en Olivier *Testamente en Boedelbeplanning* 60.

185 Huxham en Haupt *Notes on South African Income Tax* 566 som die hoofkenmerke met boedelbeplanning soos volg op: "(1) Reducing or minimising the potential estate duty liability. (2) Reducing or minimising any potential capital gains tax liability. (3) creating liquidity for the payment of the anticipated estate duty and capital gains tax liabilities. (4) Ensuring smooth and efficient administration of the estate. (5) Economy. (6) Not adversely affecting the position of the benefactor. (7) Not adversely affecting the position of the beneficiaries. (8) Not limiting future economic growth of the assets involved."

Verdere boedelbeplanningsdoelwitte is dié soos deur King en Victor uiteengesit.¹⁸⁶

- ♦ die verspreiding van risiko tussen die verskillende entiteite en persone;
- ♦ die minimalisering van die koste om die boedelplan te implementeer ten einde te verseker dat dit nie die voordele te bowe gaan nie; en
- ♦ plooibaarheid, om te verseker dat die plan verander kan word om aan te pas by veranderende omstandighede, behoeftes en wetgewing.

By boedelbeplanning vir die Hindoelvrou in die Suid-Afrikaanse konteks sal, bykomend tot bogenoemde algemene doelwitte, ook wees om die nadelige gevolge van haar huwelik, soos hierbo bespreek,¹⁸⁷ te ondervang. Die *inter vivos* boedelbeplanningsinstrumente¹⁸⁸ gaan vervolgens in oënskou geneem word.

3.2 *Beleggings*¹⁸⁹

Volgens Olivier en Van den Berg¹⁹⁰ is die doel van beleggingsbeplanning om die boedeleienaar se boedel op te bou.¹⁹¹ Dit is egter nie die enigste doelwit wat by beplanning van 'n Hindoelvrou se boedel ter sake sal wees nie. 'n Boedelbeplanner wat 'n Hindoelvrou se boedel beplan, sal tydens beleggingsbeplanning moet vasstel watter doel hy met die beleggings wil bereik. Die doel kan, byvoorbeeld, wees om die Hindoelvrou van fondse te voorsien en om vir haar op 'n langtermyngrondslag voorsiening te maak. Abrie, Graham en

186 *Easiguide* 3-4.

187 Sien Hoofstuk 2 hierbo.

188 Hierdie studie lig slegs die wyse toe waarop *inter vivos* instrumente by boedelbeplanning vir 'n Hindoelvrou aangewend sal word en dit is geensins die bedoeling om elke boedelbeplanningsinstrument volledig te bespreek nie. Daar sal daarom deurgaans verwys word na bronne wat die leser vir bykomende inligting kan raadpleeg.

189 Vir 'n volledige bespreking van hierdie *inter vivos* boedelbeplanningsinstrument sien Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 31-55; Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 88-96; Jordaan *Estate and Financial Planning* 53-68 en Blann *Estate and Retirement Planning* 22-31.

190 *Praktiese Boedelbeplanning* 88.

191 Sien Jordaan *Estate and Financial Planning* 53 vir 'n bespreking van verskillende beleggingsdoelwitte.

Van der Linde¹⁹² klassifiseer die vyf soorte beleggings waarin 'n belegger kan belê soos volg:

- a) die geldmark;
- b) die kapitaalmark;
- c) die aandelemark;
- d) die eiendomsmark; en
- e) die kommoditeitsmark.¹⁹³

By boedelbeplanning vir 'n Hindoelvrou sal dit, byvoorbeeld, nie help dat sy haar geld in aandele in die Effektebeurs belê wat geringe dividende lewer, 'n groeipotensiaal het, maar terselfdertyd meebring dat sy 'n sukkelbestaan voer nie. Die hoofoorweging by 'n belegging vir 'n Hindoelvrou is 'n om veilige belegging te maak wat maksimum rente oplewer. 'n Hindoelvrou kan moontlik in die geldmark¹⁹⁴ belê deur 'n lopende bankrekening of spaarrekening by 'n bankinstelling te hê. Die voordeel van hierdie belegging is dat dit likwied is.¹⁹⁵ Indien sy dus onmiddellik kontant benodig om, byvoorbeeld, huishoudelike benodighede¹⁹⁶ aan te koop, kan sy die geld bloot uit haar bankrekening trek.

Aangesien daar nie 'n onderhoudsverpligting op die Hindoeman rus nie, kan die partye skriftelik kontrakteer dat laasgenoemde maandeliks 'n bedrag geld¹⁹⁷ in die Hindoelvrou se bankrekening sal inbetaal vir onderhoud en die aankoop van huishoudelike benodighede. Dit kan terselfdertyd ook verseker dat sy in die groei in haar man se boedel deel. 'n Hindoeman kan, by huweliksluiting, 'n belegging maak en die partye kan skriftelik ooreenkom dat die belegging vir die

192 *Boedel- en Finansiële Beplanning* 48.

193 Vir 'n volledige bespreking van elk van hierdie kategorieë sien Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 48-55.

194 Dit is bv lopende bankrekeninge, spaarrekeninge en geldmarkfondse vir korttermyn, asook spaarrekeninge en vaste deposito's vir die mediumtermyn.

195 Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 48.

196 Sien 2.2.3 hierbo.

197 Die bedrag kan jaarliks, met inagneming van inflasie, aangepas word.

onderhoud van die Hindoelvrou en –kinders, wat uit die “huwelik” gebore word, aangewend sal word by die ontbinding van die partye se “huwelik” weens skeiding of dood van die man.¹⁹⁸ 'n Belegging kan ook versorgingsmaatreëls in plek stel om vir die Hindoelvrou en –kinders se lewensbehoefte voorsiening te maak in die geval van die onverwagte afsterwe van die Hindoeman.

Indien sy op die langtermyn 'n belegging wil maak wat goeie opbrengste sal verdien, kan sy in aandele¹⁹⁹ belê. Die voordeel van so 'n belegging is dat dit gewoonlik vinniger as inflasie in waarde toeneem.²⁰⁰ 'n Langtermynbelegging kan 'n Hindoelvrou by haar aftrede baat. Dit kan selfs aangewend word vir haar kinders se tersiêre opleiding. Abrie, Graham en Van der Linde²⁰¹ beveel nie die eiendomsmark aan nie. Daar is 'n groot risiko dat iets verkeerd kan loop en die belegger alles kan verloor. Die opbrengs op die beleggings in eiendom is gewoonlik aanvanklik laer as by ander beleggingsopsies.²⁰² Dit sal 'n Hindoelvrou dus nie baat om in 'n woonstel, kantoorgebou of winkelkompleks te belê nie, tensy sy geadviseer word deur iemand wat 'n uitsonderlike aanvoeling vir die eiendomsmark het.

3.3 Versekering

Abrie, Graham en Van der Linde²⁰³ onderskei by versekeringsbeplanning,²⁰⁴ eerstens, vir die geval waar beplan word vir die teenswoordige ten einde die beplanner in staat te stel om sy huidige finansiële posisie te kan handhaaf en, tweedens, beplanning wat op die toekoms gerig is vir die verwesenliking van langtermyn doelwitte, soos die voorsiening vir aftrede.

198 Sien par 3.6 hieronder. Daar word in hierdie geval van 'n kombinasie van twee boedelbeplanningsinstrumente gebruik gemaak, naamlik 'n ooreenkoms en 'n belegging.

199 Sien ook die bespreking van die belastingaspekte by par 3.6 hieronder.

200 Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 49.

201 Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 49.

202 *Boedel- en Finansiële Beplanning* 53.

203 Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 57.

204 Sien Meyerowitz 1993 *The Taxpayer* 23-28 vir 'n bespreking van die rol van versekeringsbeplanning.

'n Boedelbeplanner van 'n Hindoelvrou se boedel sal voorsiening moet maak vir 'n risiko-gebeurtenis, byvoorbeeld indien die Hindoelvrou ongeskik sou raak en nie meer kan werk nie of indien die Hindoeman onverwags sterf en die Hindoelvrou en hulle kinders alleen agterlaat. Die beplanner sal eerstens die Hindoe-gesin se maandelikse behoeftes moet vasstel. Hy kan byvoorbeeld 'n begroting soos die volgende opstel:²⁰⁵

Maandelikse uitgawes²⁰⁶ R 28 000

Min: Suid Afrikaanse dividende²⁰⁷ ontvangbaar.....R 2 000
R 26 000

Plus: Inkomstebelasting²⁰⁸ R10 576,85

Maandelikse inkomste waarvoor voorsien moet word R 36 576.86

'n Hindoelvrou sal dus maandeliks meer as R36 576,86²⁰⁹ moet verdien om na haarself en haar afhanklikes om te sien en die premies op 'n lewenspolis te kan betaal. Sy sal dus versekering moet uitneem wat 'n opbrengs van meer as R36 576,86 per maand sal lewer.

205 Gebaseer op die voorbeeld in Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 61.

206 Die maandelikse uitgawes sluit kos, klere, huisvesting, huishoudelike benodighede, uitgawes tav die kinders en vervoerkoste in.

207 'n Gedeelte van die uitgawes sal gefinansier word deur 'n inkomste (bv belegging) waarop die boedeleienaar geregtig sal word en nie geraak word deur sy onvermoë om te werk nie. Tav belegging, sien par 3.2 hierbo.

208 Die Hindoelvrou en haar afhanklikes sal R 26 000 per maand nodig hê om van te lewe indien sy nie meer'n salaris kan verdien nie. $R\ 26\ 000 \times 12 = R\ 312\ 000$. Volgens die 2007/2008 belastingskale is die belasting op 'n inkomste van R 312 000, R 71425. Die Hindoelvrou sal R 7 1425 plus addisionele belasting daarop ekstra moet verdien sodat sy R 312 000 kan oorhê. Indien sy R 4 389 11,30 per jaar verdien sal die belasting daarop vir die 2007/2008 jaar van aanslag R 1 269 11,29 wees. $R\ 4\ 389\ 11,30$ (inkomste verdien) – R 1 269 11,29 (belasting betaalbaar vir die jaar van aanslag) = R 312 000,10. $R\ 1\ 269\ 11,29 \div 12$ (maande) = R 1 0576.86.

209 Hierdie bedrag sal jaarliks mvn inflasie en die skale vir die betrokke belastingjaar aangepas word.

Volgens Olivier en Van den Berg²¹⁰ bied lewensversekering²¹¹ 'n relatief goedkoop en doeltreffende meganisme om boedelbeplanningsdoelwitte soos boedelinstandhouding en likiditeit te vergemaklik.²¹² Die Hindoevrou het die verskeie opsies by lewensversekering tot haar beskikking. Sy kan onder andere 'n "hele lewenspolis"²¹³ uitneem.²¹⁴ Dit verskaf dekking tydens haar leeftyd en dit word by haar dood uitbetaal, ongeag hoe ver of naby in die toekoms haar dood mag wees.²¹⁵ Haar eksekuteur kan hierdie versekering aanwend om die boedelbelasting, indien enige, en ander laste wat by haar dood verskuldig mag wees, te betaal.

Sy kan, aan die ander kant, verkies om termynversekering²¹⁶ uit te neem. In die geval van termynversekering onderneem die versekeraar om die versekerde die versekerde bedrag te betaal indien die versekerde binne 'n gespesifiseerde tydperk sou sterf. Die nadeel van hierdie tipe versekering is dat die premies na die verstryking van die tydperk nie terugbetaalbaar is indien die versekerde die gespesifiseerde tydperk sou oorleef nie. Hierdie tipe versekering kan ook nie as sekuriteit aangebied word nie, maar dit is goedkoper as "whole life insurance" en dit kan nuttig aangewend word om voorsiening te maak vir 'n spesifieke tydperk. Byvoorbeeld waar voorsiening gemaak word vir die periode waar die Hindoevrou se kinders nog in die laer- of hoërskool is en sy graag voorsiening wil maak vir haar kinders se versorging indien sy onverwags sou sterf.²¹⁷

210 *Praktiese Boedelbeplanning* 12-13, 94, 202-210. Sien ook Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning* 15-3 tot 15-13.

211 Sien Pretorius *Boedelbeplanningsmodel* 268 vir 'n bespreking van die doelwitte van lewensversekering. Sien ook Jordaan *Estate and Financial Planning* 37-44; Meyerowitz 1993 *The Taxpayer* 64-69 en Blann *Estate and Retirement Planning* 22-31.

212 Sien ook Abrie *et al Boedels* 74-79 en Abrie en Graham *Estates* 100-101.

213 Ook bekend as "whole-life insurance."

214 Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 73.

215 LAWSA LEAD *Practice Management* 141.

216 Volgens Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 66 is termynversekering uit 'n beplanningsoogpunt baie belangrik. Dit stel die beplanner in staat om sy lewe vir groot bedrae te verseker teen relatiewe lae premies. Op dié wyse bekom die boedel bates vir die versorging van afhanklikes indien die beplanner jonk te sterwe sou kom.

217 Blann *Estate and Retirement Planning* 22-23.

Indien die Hindoelvrou vir haar aftrede voorsiening wil maak kan sy kies tussen “endowment insurance” en “pure endowment insurance.”²¹⁸ Die versekeraar onderneem, by eersgenoemde, om die versekerde aan die einde van ‘n gespesifiseerde termyn, byvoorbeeld 20 jaar te betaal, of by die dood van die versekerde voor die verstryking van die termyn. In die geval van “pure endowment insurance” onderneem die versekeraar om die versekerde te betaal as die versekerde tot op ‘n spesifieke ouderdom of datum oorleef. Die Hindoelvrou kan besluit om na 30 jaar af te tree en van “endowment insurance” gebruik maak. Indien sy egter byvoorbeeld besluit dat sy na 20 jaar ‘n sekere bedrag nodig sal hê, om vir byvoorbeeld vir haar ‘n huis by die see te koop, waar sy wil aftree, of indien sy na 18 jaar fondse gaan nodig hê om haar kinders se studies te befonds, kan sy van “pure endowment insurance” gebruik maak.

Abrie, Graham en Van der Linde²¹⁹ definieer ‘n uittredingsannuïteitsfonds²²⁰ as ‘n fonds wat lyfrente (jaargeld of annuïteit) aan die lede betaal na hul aftrede, of aan die naasbestaandes in geval van dood voor aftrede.²²¹ Die voordele van ‘n uittredingsannuïteitsfonds, gesien uit ‘n beplanningsoogpunt, is aansienlik. Die bydraes is gedeeltelik vir inkomstebelasting doeleindes aftrekbaar,²²² die voordele wat by dood aftrekbaar is vorm nie deel van die oorledene se bestorwe boedel nie²²³ en die voordele is voor uitbetaling ten volle beskerm teen die versekerde se skuldeisers in geval van die versekerde se insolvensie.²²⁴ Verskeie produkte is beskikbaar, byvoorbeeld ‘n “life annuity” en ‘n “term annuity.”²²⁵ By eersgenoemde word ‘n inkomste aan die versekerde betaal vir solank as wat hy lewe. Die inkomste kan konstant wees of groei.²²⁶ Hierdie tipe annuïteit is besonder geskik vir die Hindoelvrou wat beoog om op ‘n sekere

218 LAWSA LEAD *Practice Management* 142.

219 *Boedel- en Finansiële Beplanning* 68.

220 Sien ook 1996 Meyerowitz *The Taxpayer* 204-206 en Meyerowitz 1993 *The Taxpayer* 188-191.

221 Sien ook Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 209.

222 Tweede Bylae van die *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962 (hierna die *Inkomstebelastingwet*).

223 A 37C van die *Wet op Pensioenfondse* 24 van 1956 (hierna die *Wet op Pensioenfondse*).

224 A 37B van die *Wet op Pensioenfondse*.

225 LAWSA LEAD *Practice Management* 144-145.

226 LAWSA LEAD *Practice Management* 144-145.

ouderdom af te tree. Die tweede tipe versekering is 'n vaste-rente belegging. Die kapitaal en rente word in gelyke paaielemente oor 'n gekose termyn terugbetaal. 'n Hindoelvrou sal van 'n "term annuity" gebruik maak indien sy 'n inkomste vir 'n gekose tydperk verlang.

'n Hindoelvrou behoort ook mediese- en hospitaalversekering vir haar en haar kinders uit te neem, veral waar hulle nie deur die mediese fonds van haar man gedek word nie; omdat die mediese fonds haar nie as 'n "eggenoot" klassifiseer nie.²²⁷

'n Verdere meganisme wat 'n Hindoelvrou kan gebruik om haarself te beskerm, is om 'n skriftelike ooreenkoms met haar voornemende "eggenoot" te sluit. Die Hindoe-egpaar kan byvoorbeeld voor huweliksluiting skriftelik ooreenkom dat indien hulle "huwelik" ooit weens skeiding²²⁸ of dood ontbind, die Hindoeman 'n sekere bedrag aan die Hindoelvrou sal betaal. Die Hindoeman kan versekering uitneem ten einde te verseker dat hy wel fondse beskikbaar sal hê om die Hindoelvrou te betaal.²²⁹ Dit sal ook belangrik wees dat die Hindoeman lewensversekering uitneem om te verseker dat daar voldoende fondse by sy afsterwe beskikbaar is om aan al sy afhanklikes se onderhoudsbehoeftes te voldoen.²³⁰

3.4 *Inter vivos trust*²³¹

'n Trust kan gedefinieer²³² word as 'n regsfiguur of regsinstelling waarvolgens 'n persoon²³³ vermoënsregte *ex contractu* of *ex testamento* vanaf die trustoprigter

227 Die moontlikheid bestaan dat die mediese fonds, net soos die pensioenfonds hierbo, nie die Hindoelvrou as 'n "gade" beskou nie. Sien par 2.4.6 hierbo.

228 Aangesien hulle nie volgens die Suid-Afrikaanse reg of die Hindoereg kan skei nie, kan hulle ooreenkom vir 'n *scenario* waar een van die partye wil "skei."

229 Daar is hier sprake van die kombinasie van twee boedelbeplanningsmeganismes, naamlik 'n ooreenkoms en versekering. Sien ook par 3.6 hieronder.

230 Dit is veral belangrik vir die geval waar die Hindoeman meerdere vroue het en daar aan almal se onderhoudsbehoeftes voldoen moet word. Sien par 2.4.3 hierbo.

231 Vir wenke oor die oprigting van 'n trust raadpleeg Geldenhuys 2006 *Blue Chip* 65-67. Sien ook 1993 *Entrepreneur* 5-6.

232 Cameron *Honore's Trusts* 1 en Meyerowitz 1994 *The Taxpayer* 42.

233 Genoem die trustee.

verkry wat hy ingevolge die bepalings van die trustakte verplig is om uit te oefen ten behoeve van 'n bepaalde of bepaalbare persoon of persone²³⁴ of ten behoeve van 'n bepaalde of bepaalbare onpersoonlike doel.²³⁵ Meyerowitz²³⁶ formuleer sy siening, ten aansien van die trust, soos volg:

Of all tools available to the estate and tax planner, the trust is one of the most useful. Flexible enough to fulfil a variety of needs, it is at the same time relatively simple to constitute.

Daar word onderskei tussen *inter vivos*²³⁷ en *mortis causa* trusts.²³⁸ Die *inter vivos* trust kom tydens die boedeleienaar se leeftyd as gevolg van 'n ooreenkoms tussen die skenker en die trustees tot stand.²³⁹ Die Appélhof het in *Crookes v Watson*²⁴⁰ die *inter vivos* trust as 'n beding ten behoeve van 'n derde aanvaar.²⁴¹ Die *inter vivos* trust kan, anders as 'n *mortis causa* trust, gebruik word vir die versorgingsbeplanning van die beplanner self.²⁴² Die trust word ook in werking gestel om boedelbates te beskerm.²⁴³

234 Die trustbegunstigdes, ook genoem die *cestui que trust*.

235 Cameron *Honoré's Trusts* 1-5 onderskei tussen die begrip "trust" in die breë sin van die woord, wat onder andere die volgende insluit: 'n voog, 'n verteenwoordiger, 'n kurator van 'n insolvente boedel. Die begrip "trust" in die eng sin van die woord sluit slegs die testamentêre en *inter vivos* trust in. Sien ook Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 85-87; Abrie *et al Boedels* 116-117; De Villiers *et al Trusts* 6-7 en Abrie en Graham *Estates* 127-128. Honoré, soos aangehaal in Stuart en Olivier *Testamente en Boedelbeplanning* 81, definieer 'n trust soos volg: "In the narrow or strict sense a trust exists when the creator of the trust (the founder), hands over or is bound to hand over the control of an asset which, or the proceeds of which is to be administered by another (the trustee or administrator) in his capacity as such on behalf of or for the benefit of a third person (the beneficiary) or for some object other than the benefit of the trustee."

236 1965 *The Taxpayer* 118. Sien Stuart en Olivier *Testamente en Boedelbeplanning* 80 vir skrywers se menings tav die trust as boedelbeplanningsinstrument.

237 Meyerowitz 1965 *The Taxpayer* 143-148.

238 King en Victor *Easiguide* 330. Sien ook par 3.4 hieronder.

239 Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 153; Abrie *et al Boedels* 119 en Abrie *et al Beplanning* 189; Abrie, Graham en Liebenberg *Trusts, Testamente en Belasting* 39.


240 1956 1 SA 277 (A). Sien ook King en Victor *Easiguide* 327.

241 Olivier, Strydom en Van den Berg *Trustreg en Praktyk* 1-21 en Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning* 5-10.

242 Volgens Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 153 is beplanningsmaatreëls wat dadelik in werking tree beter as beplanningsmaatreëls wat eers in die toekoms in werking gaan tree. Sien ook Meyerowitz 1994 *The Taxpayer* 63-67.

243 Abrie, Graham en Liebenberg *Trusts, Testamente en Belasting* 37.

Faul²⁴⁴ beveel dan dat die *inter vivos* trust gebruik word in die geval van 'n poligame Hindoe huwelik. Die Hindoeman kan verseker dat sy vrou finansiële versorg is deur trusts op te rig. Die testateur kan al sy vrou gelyk behandel deur 'n trust vir elke vrou op te rig met die betrokke vrou as die inkomstebegunstigde en die kinders as die kapitaalebegunstigdes.²⁴⁵ Hierdie situasie kan soos volg skematies voorgestel word.



Indien die Hindoehuwelik monogaam is, behoort die Hindoeman 'n trust vir sy vrou en hulle kinders op te rig om voorsiening te maak vir 'n geval waar hy onverwags sou sterf of waar hy onregmatiglik gedood word en die Hindoewrou nie 'n eis vir die verlies aan onderhoud het nie. Die trust sal verseker dat die Hindoewrou en –kinders versorg is.

Dit word aanbeveel dat die boedelbeplanner van die Hindoewrou se boedel 'n diskresionêre trust oprig. Hierdie tipe trust is 'n trust waarin die trustees 'n

244 *Huwelikstelsels* iii.

245 Sien par 2.4.3 waar die probleemsituasie uiteengesit het waar die Hindoeman meerdere vrouens het.

diskresie het oor watter voordele hulle aan watter bevoordeelde wil toeken.²⁴⁶ Die eiendomsreg en beheer van die trustbates vestig in die trustee in sy verteenwoordigende hoedanigheid. Die trustbegunstigdes het geen regte om op die trustvoordele aanspraak te maak nie tensy en totdat die trustees hulle diskresie uitgeoefen het en fisies 'n voordeel aan 'n trustbegunstigde oorbetaal het. 'n Diskresionêre trust sal 'n Hindoelvrou beskerm indien sy of haar man insolvent word. Die skuldeisers van haar of haar man se insolvente boedel sal nie op die bates in die trust kan aanspraak maak nie. Indien die trustee van 'n trust in sy persoonlike hoedanigheid insolvent sou raak, kan die skuldeisers van die insolvente trustee ook nie op die trustbates beslag lê nie.²⁴⁷ Die trustbates word gevolglik in die begunstigdes en trustees se insolvensie beskerm. 'n Diskresionêre trust bied voorts beskerming teen 'n Hindoeman wat die Hindoelvrou se bates op 'n roekelose wyse verkwis. Indien die Hindoelvrou die bates in 'n diskresionêre trust plaas, sal die Hindoeman geen gevestigde aanspraak op die bates in die trust kan maak. Sodoende word die bates teen vermorsing beskerm.

Die buigsaamheid van hierdie trustsoort hou groot voordele vir boedelbeplanningsdoeleindes in. Dit kan ook die Hindoelvrou baat om 'n diskresionêre trust op te rig met haar kinders as inkomstebegunstigdes. Indien een van haar kinders is byvoorbeeld, finansiëel onstabiel is, kan die trustees van die trust besluit wanneer en hoe hulle die betrokke kind wil bevoordeel.²⁴⁸

'n Diskresionêre trust hou ook inkomstebelastingvoordele in.²⁴⁹ Die inkomste wat die trust toeval kan na die inkomstebegunstigdes gelei word.²⁵⁰ Volgens

246 Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 154.

247 A 12 van die *Wet op die Beheer van Trustgoed* 57 van 1988.

248 Sien Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 156 vir 'n bespreking van die beskerming van 'n bevoordeelde wat nie met geld kan werk nie. Indien haar kind 'n ongerehabiliteerde insolvent is, sal sy nie van 'n vestigingstrust gebruik maak nie. By laasgenoemde trust vestig die eiendomsreg van die trustbates in die trustbegunstigde en dit sal dus vir beslaglegging deur die kurator van die insolvente boedel vatbaar wees. 'n Diskresionêre trust is daarom aanbevelingswaardig.

249 Sien King en Victor *Easiguide* 342 en Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 184-185, veral par (b).

250 Die sogenaamde "geleibuis-beginsel" of "conduit pipe principle."

Olivier²⁵¹ kom die geleibuis-beginsel daarop neer dat die trustinkomste, wat deur 'n trustee versprei word, in die hande van die uiteindelijke ontvanger van die inkomste, belas word. Volgens Abrie, Graham en Van der Linde²⁵² behou die inkomste wat deur die trusts vloei sy aard en identiteit. Die trust is bloot 'n geleibuis waardeur die inkomste vloei.²⁵³ Die geleibuis-beginsel word aangewend om belastingaanspreeklikheid te versprei deur sodoende belastingvoordele te bewerkstellig.²⁵⁴ Indien 'n Hindoevrou, byvoorbeeld, alreeds 'n groot hoeveelheid inkomste per jaar ontvang en sy 'n bykomende inkomste uit die trust ontvang, sal sy onder 'n swaar inkomstebelastinglas gebuk gaan. Jordaan²⁵⁵ beveel in só 'n geval aan dat die inkomste van die trust onder meerdere inkomstebegunstigdes versprei word ten einde inkomstebelasting te verminder.

Die Hindoevrou kan haar kinders as belastingbetalers registreer en die inkomste kan onder haar kinders verdeel word sodat die inkomste, ontvang deur haar kinders, onder die belastingperk is van die inkomste wat jaarliks belasbaar is.²⁵⁶ Dit sal ook wys wees om die kapitaalwins wat die trust toeval onder die inkomstebegunstigdes te verdeel, sodat dit in hulle hande belasbaar is, onderworpe aan die aftrekkings vir individue.²⁵⁷ Hierdie konstruksie kan prakties soos volg verduidelik word. Indien 'n Hindoevrou R 60 000 per jaar verdien en sy R 6 000 uit die trust as inkomste verdien, sal haar belasbare inkomste R 66 000 beloop. Sy kan dit vermy deur van die geleibuisbeginsel gebruik te maak en die R 6 000 na haar kinders "gelei." Indien sy drie kinders het, sal die

251 *Die Trust in die Praktijk en sy Aanwendingsmoontlikhede by Boedelbeplanning* 31.

252 *Boedel- en Finansiële Beplanning* 190.

253 Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 190.

254 Olivier *Die Trust in die Praktijk en sy Aanwendingsmoontlikhede by Boedelbeplanning* 32.

255 *Estate and Financial Planning* 131. Stuart en Olivier neem die houding, in *Testamente en Belasting* 87, in dat 'n trust nie primêr gebruik moet word om inkomstebelastingvoordele vir 'n kliënt te skep nie, maar eerder om as 'n werktuig te dien om sy boedel vas te pen op 'n wyse wat 'n buigsame skema daarstel wat nog steeds vorentoe aangepas kan word by veranderende omstandighede.

256 Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 190. Die Hindoevrou kan vir die 2007/2008 jaar van aanslag verseker dat haar kinders nie meer as R 40 000 per jaar belasbare inkomste ontvang nie. Sy kan die inkomste wat die trust aan die kinders uitkeer vir haar kinders se onderhoud aanwend.

257 King en Victor *Easiguide* 344.

kinders elk R 3 000 per jaar verdien. Dit is minder as R 40 000 (die belastingperk) en dit is dus nie belasbaar nie. Die Hindoelvrou se belasbare inkomste word deur bogenoemde konstruksie met R 6 000 verminder. Die kinders betaal nie op die R 6 000 belasting nie en die inkomste kan vir die kinders se onderhoud aangewend word.

Die partye betrokke by die Hindoelvrou se diskresionêre *inter vivos* familie-trust²⁵⁸ kan soos volg uiteengesit word: die Hindoelvrou, haar “man” en ‘n onafhanklike trustee, byvoorbeeld die familieprokureur, kan die trustees wees en die Hindoelvrou, haar “man” en hulle kinders die inkomstebegunstigdes en hulle kleinkinders die kapitaalebegunstigdes.²⁵⁹ Die Hindoe-egpaar behou op hierdie wyse ‘n mate van beheer oor hulle bates. Die aanstelling van die onafhanklike trustee verseker dat die trust nie as ‘n alter ego van die Hindoe-egpaar beskou word nie. Deur die kinders as die inkomstebegunstigdes aan te wys, word die kinders teen hulle eie insolvensie beskerm.²⁶⁰ Die trustgoedere word sodoende effektief buite die bereik van skuldeisers en die belastinggaarder by boedelbelasting geplaas.²⁶¹ Volgens Olivier²⁶² kan die begunstigdes al die voordele wat aan die trustbates kleef geniet, sonder enige moontlike nadele of risiko’s, byvoorbeeld insolvensie of beslaglegging op die goedere as gevolg van onbetaalde skulde.

Die Hindoe-egpaar kan in die trustakte bepaal dat hulle deur hulle kinders as trustees van die trust opgevolg word. Sodoende word daar vir opvolging voorsiening gemaak. Daar word aanbeveel dat daar vir die oprigting van verdere

258 Volgens Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 154 is ‘n familietrust ‘n trust wat opgerig is om familiebates te beskerm. Sien Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 192-194 vir ‘n bespreking van die belastingimplikasies van familietrusts. Sien Meyerowitz 1994 *The Taxpayer* 83-87 en 108-208 vir ‘n bespreking van die belasting by trusts, met die klem op *inter vivos* trusts.

259 Die Hindoelvrou kan die oprigter, trustee en kapitaalebegunstigde wees. Volgens Abrie *et al* *Boedels* 126 kan sy egter nie die enigste bevoordeelde wees nie. Die hof het in *Goodricke and Son (Pty) Ltd v Registrar of Deeds, Natal* 1974 1 SA 404 (N) beslis dat ‘n persoon al drie hierdie ampte kan beklee. Sien ook King en Victor *Easiguide* 329.

260 Olivier *Die Trust in die Praktyk en sy Aanwendingsmoontlikhede by Boedelbeplanning* 20.

261 Olivier *Die Trust in die Praktyk en sy Aanwendingsmoontlikhede by Boedelbeplanning* 20.

262 *Die Trust in die Praktyk en sy Aanwendingsmoontlikhede by Boedelbeplanning* 20.

trusts vir die kapitaalbegunstigdes in die trustakte voorsiening gemaak word. Op hierdie wyse, sal dit die kinders bystaan met hulle eie boedelbeplanning deurdat hulle boedels nie vir boedelbelastingdoeleindes groter word nie. Die riglyne wat neergelê is in die *Braun*-gewysde,²⁶³ moet by die oprigting van die verdere trusts in gedagte gehou word.

Die Hindoelvrou, as oprigter, moet 'n ernstige bedoeling hê om 'n geldige trust in die lewe te roep.²⁶⁴ Waar die oprigter haarself as bevoordeelde aanwys, loop sy dikwels die gevaar dat die trustbates as haar eie beskou word.²⁶⁵ Dit word aanbeveel dat die Hindoelvrou nie 'n testamentêre voorbehoud in die trustakte plaas nie. Die trustoprigter hou in die geval van 'n testamentêre voorbehoud die bevoegdheid voor om deur middel van sy testament voor te skryf hoe die bates van die trust na sy afsterwe verdeel moet word. Alhoewel skrywers, soos Olivier,²⁶⁶ ten gunste daarvan is, het dit al onder skerp kritiek deur skrywers, soos Kloppers,²⁶⁷ deurgeloop.

Dit word voorts voorgestel dat die Hindoelvrou 'n klein nominale skenking van, byvoorbeeld, R100 aan die diskresionêre trust maak om aan die vereiste van goedere wat in trust gehou moet word, te voldoen.²⁶⁸ Die rede hiervoor is dat 'n groot skenking geskenkebelasting ingevolge artikel 58 van die *Inkomstebelastingwet* kan meebring, terwyl 'n R100 skenking geen probleem sal skep nie.²⁶⁹ Dit sal wys wees indien die Hindoelvrou 'n bate na die trust oordra wat ten tye van die oordrag min in waarde is, maar waarvan die groeipotensiaal groot is. Die snelgroeiende bates word sodoende oorgedra aan 'n entiteit wat nie boedelbelastingpligtig is nie.²⁷⁰ Die voordeel van bates in die trust is dat bates

263 *Braun v Blann and Botha* 1984 2 SA 850 (AD). Hierna die *Braun*-gewysde.

264 Sien Abrie *et al* *Beplanning* 192-193.

265 Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 175. *Jordaan v Jordaan* 2001 3 SA 288 (K), *Badenhorst v Badenhorst* 2006 2 SA 255 (HHA), Joffe 2007 *De Rebus* 25-26 en Singleton 2006 *Tax Planning* 74-76.

266 *Trustreg en Praktyk* 274.

267 2006 TSAR 420.

268 Stuart en Olivier *Testamente en Boedelbeplanning* 86.

269 Olivier *Trustreg en Praktyk* 265.

270 Huxham en Haupt *Notes on South African Income Tax* 571. Volgens Huxham en Haupt is 'n trust nie 'n lewende persoon nie en sal gevolglik nooit 'n boedelbelastingprobleem

by die afsterwe van die Hindoevrou of haar “man” nie tydelik bevries sal word totdat die oorledene se boedel afgehandel is nie. Die langsewende “gade” kan uit ‘n finansiële oogpunt aangaan asof niks verander het nie.²⁷¹

Die Hindoe-egpaar kan ook by huweliksluiting ‘n trust laat oprig. Hulle kan skriftelik ooreenkom dat die inkomste van die trust aangewend sal word vir die aankoop van huishoudelike benodighede en die onderhoud van die gesin.²⁷² Hierdie inkomste kan dien as onderhoud vir die vrou by die ontbinding van die Hindoe-egpaar se “huwelik” weens skeiding, gesien in die lig van die feit dat ‘n hof nie ‘n onderhoudsbevel ten gunste van die Hindoevrou sal maak nie. Die kinders kan aangewys word as kapitaalebegunstigdes van hierdie trust.²⁷³ Daar kan in hierdie geval ook vir die oprigting van verdere trusts vir die kapitaalebegunstigdes voorsiening gemaak word.²⁷⁴

3.5 Belasting

3.5.1 Algemeen

Volgens Abrie, Graham en Van der Linde²⁷⁵ is belastingbeplanning noodsaaklik. Indien ‘n persoon ‘n deel van sy inkomste aan belasting moet afstaan is daar minder oor om sy doelwitte mee te finansier. Tog word daar in die 1964 uitgawe van *The Taxpayer*²⁷⁶ gewaarsku:

Estate planning is not merely the arranging of one's affairs so as to attract the least amount of income tax, or to save the greatest amount of estate duty. These are undoubtedly important objectives in any estate plan where tax and duty are involved to any extent, but in a properly conceived estate plan, the tax and duty considerations, however important, play a secondary role.

kan ontwikkel nie. Sien ook Jordaan *Estate and Financial Planning* 131 tav die boedelbelastingvoordele verbonde aan die oprigting van ‘n trust.

271 Abrie, Graham en Liebenberg *Trusts, Testamente en Belasting* 97.

272 Daar is in hierdie geval sprake van ‘n kombinasie van twee boedelbeplanningsinstrumente, naamlik ‘n ooreenkoms en ‘n trust. Sien par 3.6 hieronder.

273 Sien Wunsh “Trusts” 63-69 vir ‘n bespreking oor die gebruik van trusts in die praktyk.

274 Sien par 3.4 hierbo.

275 *Boedel- en Finansiële Beplanning* 182.

276 Op 181.

Volgens Bobbert²⁷⁷ bestaan daar 'n wanpersepsie dat boedelbeplanning alleen as 'n instrument tot belastingvermyding gebruik word. Alhoewel dit teenstrydig mag klink is die beste raad by belastingbeplanning dat belasting juis gespaar word wanneer die boedelplan nie opgestel word met die doel om belasting te vermy nie.²⁷⁸ Bobbert²⁷⁹ meen dat die boedelplan, met hoofsaaklik belastingvermyding as doel, die uitbreiding van boedelbeplanning as 'n selfstandige gebied uitsluit. Farr²⁸⁰ vat die aangeleentheid soos volg saam:

As endless in its facets as mankind in its characteristics and peculiarities, and exactly as interesting, the estate plan is far too worthwhile as an intellectual exercise to be made dependent upon tax quirks and loopholes; and it deserves to be conjoined with a motive far more noble than mere tax economics.

Volgens Abrie, Graham en Liebenberg²⁸¹ gaan belastingoorwegings egter die vorm wat die uiteindelijke boedelplan aanneem baie sterk beïnvloed. 'n Verdere belangrike beginsel is dat belastingbeplanning nie 'n Hindoevrou moet ontnem van die geleentheid om haar swaarverdiende bates te geniet nie. Belastingbeplanning moenie in isolasie beskou word nie, maar as 'n integrale deel van die boedelbeplanningsproses.²⁸²

3.5.2 Belastingbeplanning vir die Hindoevrou

Artikel 1 van die *Inkomstebelastingwet* omskryf 'n "gade" as 'n persoon in 'n verbintenis wat ingevolge die leerstellings van enige godsdienst as 'n huwelik

277 1976 TRW 4.

278 Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 186. Indien die doel is om belasting te vermy kan die skema getref word deur a 103 van die *Inkomstebelastingwet*. A 103 bepaal dat indien die Kommissaris tevrede is dat 'n transaksie hoofsaaklik aangegaan is met die uitsluitlike doel om 'n belastingvoordeel te verkry, kan die Kommissaris aanspreeklikheid vir die bedrag van enige belasting vasstel asof die transaksie nie aangegaan is nie en op so 'n wyse as wat hy ag in die omstandighede toepaslik is vir die voorkoming of vermindering van die vermyding van belasting opgelê deur die *Wet*. Sien ook Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 80-83.

279 1976 TRW 4; Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 9.

280 *An Estate Planner's Handbook* 13-14.

281 *Trusts, Testamente en Belasting* 76.

282 Naidoo *Evaluation* 11.

erken word.²⁸³ Die implikasies hiervan moet by die belastingbeplanning vir die Hindoelvrou in ag geneem word.

Die boedelbeplanner van die Hindoelvrou se boedel moet eerstens let op artikel 7(2) van die *Inkomstebelastingwet*. Volgens Abrie, Graham en Liebenberg²⁸⁴ kom foute met betrekking tot inkomstebelasting in 'n boedelplan gewoonlik voor, juis omdat die artikel 7(2) nie in ag geneem is nie. Artikel 7(2) het ten doel om die inkomstebelastingsplitsing tussen gades om sodoende 'n belastingvoordeel te verkry, te voorkom. Artikel 7(2) bepaal dat waar 'n belastingbetaler 'n skenking,²⁸⁵ skikking of ander vervreemding aan sy gade maak en inkomste aan die gade, as gevolg van die skenking toeval, die inkomste geag word die van die skenkende gade (die skenker) te wees, indien die skenking, met die hoofoorweging om die skenker se aanspreeklikheid vir belasting te vermy of uit te stel, gemaak is. 'n Skenkergade sal in die geval van artikel 7(2) slegs inkomstebelasting spaar.²⁸⁶ Die ontvanger van die skenking moet inkomste uit die skenking verdien voordat artikel 7(2) aanwending vind.²⁸⁷ Indien geen inkomste uit die skenking ontvang word nie, sal dit moeilik vir die Ontvanger wees om enige geagte belasting te regverdig.²⁸⁸

Indien 'n Hindoelvrou geld aan haar man skenk, moet sy gevolglik sorg dra dat die skenking nie gemaak is om belastingaanspreeklikheid te vermy nie en dat haar man nie inkomste uit die skenking verdien nie. Skenkings tussen gades is 'n belangrike boedelbeplanningsmeganisme en die Hindoelvrou kan steeds van hierdie meganisme in haar boedelplan gebruik maak. King en Victor²⁸⁹ beklemtoon dat artikel 7(2) slegs vir inkomstebelastingdoeleindes geld en dat

283 Sien par 2.5.5 hierbo.

284 *Trusts, Testamente en Belasting* 87.

285 Die *Inkomstebelastingwet* omskryf 'n skenking as 'n gratis oormaking van eiendom of 'n gratis afstanddoening van 'n reg. Sien ook Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 55.

286 Daar moet in gedagte gehou word dat skenkings tussen gades belastingvry is. Daar is met ander woorde geen skenkingsbelasting betaalbaar waar een gade 'n bate aan 'n ander gade skenk nie.

287 King en Victor *Easiguide* 283.

288 King en Victor *Easiguide* 283.

289 *Easiguide* 275.

skenkings tussen gades steeds vir boedelbelastingdoeleindes geldig sal wees. Indien die Hindoelvrou dus boedelbelasting wil bespaar deur die helfte van haar boedel aan haar man te skenk, sal hierdie skenking geldig vir boedelbelastingdoeleindes wees.

Volgens Silver en Klein²⁹⁰ sal artikel 7(2) geen belastingimplikasies hê in die geval waar aandele in 'n Suid-Afrikaanse maatskappy deur een gade aan 'n ander gade geskenk word nie. Dividende, wat 'n persoon ontvang, is gedeeltelik van belasting vrygestel.²⁹¹ Volgens die 2007/2008 belastingskale is die eerste R18 000 van enige rente afkomstig vanuit 'n bron binne Suid-Afrika en enige dividende van normale belasting vrygestel. Indien die belastingpligtige ouer as 65 jaar is, word die eerste R26 000 vrygestel van belasting. Indien 'n Hindoelvrou byvoorbeeld 40 jaar oud is en R225 000 in 'n spaarrekening belê het waarop sy 8 % rente per jaar ontvang sal sy nie aangeslaan word op die rente inkomste van R 18 000 nie. Volgens Anon²⁹² lê die voordeel, om aandele aan 'n gade te skenk, daarin die feit dat die ontvanger gade van 'n inkomste van 'n groeiende bate voorsien word. 'n Hindoeman kan dus aandele aan die Hindoelvrou skenk om haar van 'n inkomste te voorsien om aan haar onderhoudsbehoefte te voldoen en vir die aankoop van huishoudelike benodighede. Dit is uit bogenoemde bespreking duidelik dat so 'n konstruksie²⁹³ ook belastingvoordele inhou.²⁹⁴

Die feit dat 'n Hindoe-egpaar as gades beskou word, hou ook belangrike kapitaalwinsimplikasies²⁹⁵ in. Ingevolge paragraaf 55 van die Agste Skedule van

290 *Donations between Spouses* par 18.5.

291 Jordaan *et al* *Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* 172. Sien ook Meyerowitz *on Income Tax* 10-21 en King en Victor *Easiguide* 159.

292 Silver en Klein *Donations between Spouses* par 18.5.

293 Die konstruksie soos hierbo bespreek.

294 Daar is geen skenkingsbelasting betaalbaar nie omdat skenkings tussen gades belastingvry is en die dividende, wat uit die aandele ontvang word, word gedeeltelik van belasting vrygestel.

295 Kapitaalwins is sedert 1 Oktober 2001 in ooreenstemming met die Agste Skedule van die *Inkomstebelastingwet* in werking gestel. Volgens King en Victor *Easiguide* 189 is die doel van die Agste Skedule om die belasbare kapitaalwins op die vervreemding van 'n bate te bepaal, welke kapitaalwins by die normale inkomstebelasting van die

die *Inkomstebelastingwet* is 'n bedrag, ontvang deur 'n persoon met betrekking tot polis, nie aan kapitaalwinsbelasting onderhewig indien die persoon, wat die opbrengs van die polis ontvang, die gade van die oorspronklike begunstigde eienaar van die polis is. 'n Hindoe-egpaar kan ook hierdie bepaling by die opstel van hulle boedelplan in gedagte hou. Indien die Hindoeman die oorspronklike begunstigde eienaar van 'n polis was, waarvan die inkomste nou die Hindoenvrou as sy gade toeval, sal geen kapitaalwinsbelasting betaalbaar wees nie. Die voordele verbonde in die geval waar 'n Hindoeman die opbrengs van sy polis aan sy vrou sedeer is tweeledig. In die eerste plek, word vir die Hindoenvrou en hulle kinders se onderhoudsbehoefte voorsiening gemaak en in die tweede plek, is geen kapitaalwinsbelasting betaalbaar nie.

Die belastingimplikasies van sommige van die *inter vivos* boedelbelbeplanningsinstrumente hierbo bespreek gaan vervolgens in oënskou geneem word.

Rente wat uit 'n belegging ontvang word is inkomste van aard²⁹⁶ en word nie by 'n belastingbetaler se belasbare inkomste ingesluit nie.²⁹⁷ 'n Boedelbeplanner kan gerus van só 'n belegging in 'n Hindoenvrou se boedelplan gebruik maak. Soos hierbo bespreek²⁹⁸ is die voordeel van 'n belegging dat daar voorsiening gemaak word vir die onderhoudsbehoefte van die Hindoenvrou en dat fondse vir die aankoop van huishoudelike benodighede verskaf word. Uit 'n belastingoogpunt, is 'n bykomende voordeel dat die rente, wat die Hindoenvrou uit die belegging ontvang, nie by haar belasbare inkomste ingesluit word nie en sy gevolglik nie inkomstebelasting daarop hoef te betaal nie.

belastingbetaler ingesluit word. Kapitaalwinsbelasting vorm gevolglik deel van die normale inkomstebelasting van die belastingbetaler.

296 Volgens Jordaan *et al Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* 19 word daar by inkomstebelastingdoeleindes onderskei tussen ontvangstes wat inkomste van aard is en ontvangstes wat kapitaal van aard is. Laasgenoemde word deur a 1 van die *Inkomstebelastingwet* van 'n belastingbetaler se belasbare inkomste uitgesluit. Sien Jordaan *et al Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* 19-39 vir 'n volledige bespreking vir die onderskeid tussen ontvangstes wat inkomste van aard is en ontvangstes wat kapitaal van aard is.

297 Jordaan *et al Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* 28.

298 Sien ook 3.2 hierbo.

Beleggings, as boedelbeplanningsinstrument, hou 'n verdere voordeel in. Indien 'n belastingbetaler aandele aankoop, met die doel om dit as 'n langtermynbelegging te hou, sal die opbrengs daarop inkomste van aard wees en dit sal belastingvry wees.²⁹⁹ Indien 'n Hindoelvrou aandele koop as 'n belegging vir die toekoms en sy ontvang inkomste op die aandele, sal die inkomste nie by haar inkomstebelasting ingereken word nie en sal sy geen inkomstebelasting daarop betaal nie. Die inkomste uit die aandele verskaf ook inkomste aan die Hindoelvrou en kan aangewend word om huishoudelike benodighede aan te koop of aan die Hindoegesin se onderhousbehoefte te voldoen.

Die ontvangstes en toevallings van enige pensioen- of uittredingsannuïteitsfonds is vrygestel van normale belasting.³⁰⁰ Indien 'n Hindoelvrou in 'n uittredingsannuïteitsfonds belê, om vir haar 'n inkomste by haar aftrede te verskaf, sal sy geen belasting betaal op die inkomste, uit hierdie uittredingsannuïteitsfonds ontvang, nie.

3.6 Ooreenkomste³⁰¹

'n Hindoe-egpaar kan 'n ooreenkoms sluit om beskerming teen mekaar en derde partye te bewerkstellig.³⁰² Die ooreenkoms behoort voor "huweliksluiting" gesluit te word en behoort beide partye se regte en verpligtinge duidelik uiteen te sit.³⁰³ 'n Hindoe-egpaar kan, eerstens, ooreenkom dat hulle gesamentlik en afsonderlik van die skulde van die gemeenskaplike huishouding aanspreeklik is of dat hulle

299 Jordaan *et al* Silke: *Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* 29-30.

300 Jordaan *et al* Silke: *Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* 79. Sien ook Meyerowitz *on Income Tax* 10-36.

301 Volgens Van der Merwe *et al* *Kontraktereg* 8 beteken 'n kontrak 'n ooreenkoms wat aangegaan word om werklik juridiese verbintenisse te skep.

302 Soos hierbo opgemerk, kan 'n ooreenkoms ook in kombinasie met ander boedelbeplanningsinstrumente, byvoorbeeld 'n belegging, versekering of 'n *inter vivos* trust aangewend word. Sien paras 3.2, 3.3 en 3.4 hierbo.

303 Die kontrak kan ook na huweliksluiting gesluit word. Daar word egter aanbeveel dat die kontrak voor huweliksluiting gesluit word ten einde die situasie uit te skakel waar die partye voor huweliksluiting ooreengekom het om 'n kontrak te sluit, maar na huweliksluiting nooit sover kom nie.

in ooreenstemming met hulle finansiële vermoë vir die onderhoud van die gemeenskaplike woning onderhoudspligtig is.

Die Hindoe-egpaar kan, tweedens, ooreenkom dat die partye se onroerende eiendom in beide partye se naam geregistreer sal word en dat geen party die ander party mag verhoed om die partye se gemeenskaplike bates te gebruik of benut nie. Tensy die partye tot die teendeel gekontrakteer het, mag enige een van die partye sy aandeel in die gemeenskaplike eiendom vervreem. Die kontrak moet, derdens, voorsiening maak dat die partye nie bates van die gemeenskaplike boedel op enige wyse mag vervreem of skenk of die eiendom as sekuriteit ten aansien van uitstaande skulde sal aanbied, sonder die skriftelike toestemming van die ander party nie. Die Hindoe-egpaar kan, vierdens, ooreenkom hoe bates, wat die onderskeie gades voor huweliksluiting gehad het en bates, wat tydens die bestaan van die huwelik verkry is, hanteer gaan word.

Die Hindoe-egpaar behoort, vyfdens, skriftelik op die wyse waarop die partye se boedel by skeiding sal verdeel, ooreen te kom asook die onderhoud wat in só 'n geval betaalbaar sal wees. Dit is voorts belangrik dat die kontrak op só 'n wyse opgestel word dat daar vir enige gebeurlikheid voorsiening gemaak word.³⁰⁴

Daar moet voorts in gedagte gehou word dat die kontrak geensins 'n bepaling wat onmoontlik, onwettig of immoreel is mag bevat nie.³⁰⁵ Die Hindoe-egpaar kan, byvoorbeeld, nie ooreenkom dat hulle "huwelik" deur 'n hof ingevolge die *Egskeidingswet* gaan ontbind nie. In die lig van die uitspraak in die *Singh*-gewysde, sal so 'n bepaling in die kontrak onmoontlik wees.

Die Appèlhof het in *Sasfin (Pty) Ltd v Beukes*³⁰⁶ beslis dat die howe die bevoegdheid om 'n kontrak teen die openbare beleid te verklaar, spaarsamig moet

304 Alhoewel dit onmoontlik is om vir alle gebeurlikheid voorsiening te maak, behoort 'n boedelbeplanner die boedelplan op so wyse op te stel dat daar vir soveel as moontlik gebeurlikhede voorsiening gemaak word. Die Hindoe-egpaar sal verder ook by kontraksluiting die verbod teen 'n *pactum successorium* in gedagte moet hou. Sien die bespreking in par 2.4.7 hierbo.

305 De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* 80.

306 1989 1 SA 1 (HHA).

uitoefen. Indien die Hindoe-egpaar se kontrak aan die voorgeskrewe kontrakformaliteite voldoen, behoort die geldig en nie teen die openbare beleid te wees nie.

3.7 Universele vennootskap

Die Hindoe-egpaar kan ook 'n kontrak van universele vennootskap sluit, mits hulle aan die vereistes van so 'n kontrak voldoen. Die vereistes kan soos volg saamgevat word.³⁰⁷

- a) Elke party moet iets tot die vennootskap bydra of homself verbind om iets tot die vennootskap by te dra.³⁰⁸
- b) Die vennootskap moet tot beide partye se voordeel wees.
- c) Die doel moet wees om wins te maak.
- d) Die vennootskapkontrak moet geldig wees.

In *V (also known as L) v De Wet*³⁰⁹ het 'n vrou en 'n man vir 21 jaar voor die man se dood saamgewoon. Die vrou het gedurende hierdie tydperk in die man se verfwinkel gewerk en al die huishoudelike pligte verrig. Sy het na die man se afsterwe 'n eis ingestel op grond van die bewering dat 'n universele vennootskap tussen haar en die oorledene bestaan het. Die hof beslis dat 'n universele vennootskap tussen twee mense, wat as man en vrou saamleef, gevorm kan word.³¹⁰ Die hof kom tot die gevolgtrekking dat 'n universele vennootskap inderdaad tussen die partye gevorm het en dat die vrou op die helfte van die oorledene se boedel geregtig was.³¹¹

307 Benade *et al Ondernemingsreg* 20-23.

308 Volgens Markgraaf en Mohamed *Ondernemingsreg* 8 kan die bydrae uit geld, goedere, dienste of 'n kombinasie daarvan bestaan.

309 1953 1 SA 613 (O) (hierna die *V-gewysde*).

310 *V-gewysde* 614.

311 *V-gewysde* 617.

Die eiseres in *Ally v Dinath*³¹² het beweer dat sy en die verweerder in 'n Islamitiese verhouding vir 15 jaar saamgewoon het en dat hulle stilswyend 'n universele vennootskap gesluit het. Die doel van die universele vennootskap was om 'n gemeenskaplike boedel tot beide partye se voordeel om te bou. Die hof verwys na die gevestigde beginsel dat enige kontrak deur gedrag teweeggebring kan word, en dat die doelwit vir die versameling van 'n gemeenskaplike boedel voldoende is om 'n universele vennootskap teweeg te bring.³¹³

Indien 'n universele vennootskap gevorm word, is die partye mede-eienaars van die eiendom in onverdeelde, maar nie noodwendig gelyke, aandele nie.³¹⁴ Die verhouding waarin die eiendom besit word, word deur die ooreenkoms bepaal. In die afwesigheid van 'n ooreenkoms, word die partye se onderskeie aandeelhouding deur die partye se onderskeie bydraes tot die vennootskap bepaal. Die lewering van huishoudelike dienste kwalifiseer as 'n bydrae.³¹⁵ Die vennootskapsooreenkoms bepaal watter bates deel van die vennootskap vorm.³¹⁶ In die afwesigheid van 'n vennootskapsooreenkoms, omvat die vennootskap alle bates. Die normale reëls van die vennootskapsreg is gedurende die bestaan van die vennootskap op die universele vennootskap van toepassing. Een vennoot mag, byvoorbeeld, nie die vennootskapseiendom sonder die ander vennoot se toestemming vervreem nie, vennootskap eiendom as sekuriteit vir persoonlike skulde gebruik nie, of 'n vennoot uitsluit van die beheer van vennootskapeiendom nie.³¹⁷

Die universele vennootskap, as boedelbeplanningsinstrument, sal slegs toepassing vind in die geval waar die Hindoeman 'n besigheid, waarin die Hindoefrou werk, het. Daar is egter nadele aan 'n vennootskapskontrak

312 1984 2 SA 451 (T).

313 Die hof het nie uitdruklik uitsluitel oor hierdie aspek gegee nie.

314 De Beer *Universal Partnership* par 5.1(b).

315 *Isaacs v Isaacs* 1949 1 SA 952 (K).

316 De Beer *Universal Partnership* par 5.1(b).

317 De Beer *Universal Partnership* par 5.1(b).

verbonde.³¹⁸ Die vennote word, byvoorbeeld, persoonlik vir die skulde van die vennootskap aanspreeklik gehou. Indien 'n Hindoelvrou dus 'n vennootskapkontrak met haar man sluit, sal haar persoonlike boedel uitgewin word wanneer die vennootskapboedel gesekwestreer word. Die universele vennootskap word gevolglik nie as boedelbeplanningsinstrument aanbeveel nie. Daar word aan die hand gedoen dat die gewone kontrak,³¹⁹ soos hierbo bespreek, die tekortkominge van die Hindoehuwelik sal uitskakel.

3.8 Agentskap

'n Ander moontlikheid wat bestaan, is dat die Hindoeman die Hindoelvrou as sy agent kan aanwys. Die Hindoeman kan, byvoorbeeld, aan die Hindoelvrou die bevoegdheid verleen om huishoudelike benodighede op sy naam aan te koop.³²⁰ Die Hindoeman kan 'n rekening by verskeie winkels oopmaak en met die winkels ooreenkom dat die Hindoelvrou op sy rekening huishoudelike benodighede daar sal aankoop. Die Hindoeman sal dan aanspreeklik vir die betaling van die rekenings wees en nie sy agent, sy vrou, nie!

3.9 Verryking en estoppel

Indien 'n Hindoelvrou huishoudelike benodighede by 'n handelaar op krediet aankoop, en die Hindoeman weier om die huishoudelike benodighede te betaal, kan estoppel deur die handelaar teen die Hindoeman opgewerp word.³²¹ Estoppel bied egter nie aan 'n Hindoelvrou 'n remedie nie.³²²

Die Hindoelvrou kan, indien sy meer tot die huishoudelike benodighede bygedra het as wat sy moes, 'n verrykingseis teen die Hindoeman instel. Sy kan beweer dat die Hindoeman se boedel ten koste van haar boedel verryk is en dat haar boedel as gevolg van die Hindoeman se optrede verarm is.

318 Sien Markgraaf en Mohamed *Ondernemingsreg* 8-9 vir 'n bespreking van die voor- en nadele aan 'n vennootskap verbonde.

319 Sien par 2.6 hierbo.

320 De Beer *Agency* par 5.1(d).

321 Sien die bespreking in par 2.2.3 hierbo.

322 Sien par 2.2.3 hierbo.

Die Appèlhof het in *Nortjé v Pool*³²³ beslis dat die Suid-Afrikaanse reg nie 'n algemene verrykingsaksie erken nie. Dieselfde hof het egter in *Kommissaris van Binnelandse Inkomste v Willers*³²⁴ beslis dat die beslissing in *Nortjé*-gewysde nie die hof verhoed om te beslis dat verryking plaasgevind het bloot omdat aanspreeklikheid nie vroeër onder soortgelyke omstandighede erken is nie. Die hof het voorts verklaar dat die hof in elke geval moet oorweeg of die uitbreiding van die verrykingsaksie gewens en nodig is. Dit is dus wel moontlik dat die hof 'n verrykingseis ten gunste van 'n Hindoevrou kan toestaan. Die boedelbeplanner kan ongelukkig nie op laasgenoemde staatmaak nie en boedelbeplanning moet gedoen word om voorsiening te maak vir die geval waar die hof nie 'n verrykingseis ten gunste van die Hindoevrou toestaan nie.

3.10 Gevolgtrekking

Davis en Urquhart³²⁵ het die volgende ten aansien van boedelbeplanningstegnieke- en instrumente opgemerk:

What have been called the tools of estate planning are briefly the legal arrangement, contracts and entities which can be used in estate planning process to achieve the objectives... These tools may be used in any combination, depending upon the circumstances, and it is often the creative use of these tools which will produce a simple and effective estate plan in even the most complicated circumstances.

Die aard en omvang van die betrokke boedelbates, die groeipotensiaal van die boedelbates en die likwiteitsposisie van die boedel is ook faktore wat die beplanningsproses beïnvloed.³²⁶ Volgens Abrie, Graham en Van der Linde³²⁷ moet die volgende aspekte ook by 'n beoogde boedelbeplanning in ag geneem word: regsomgewing, belastingomgewing en ekonomiese omgewing. Praktiese

323 1966 3 SA 96 (HHA) (hierna die *Nortjé*-gewysde).

324 1994 3 SA (HHA). Sien ook *Blesbok Eiendomsagentskap v Cantamessa* 1991 2 SA 712 (T) 71.

325 *Estate Planning* 1-3 en 6-2. Vergelyk ook die voortgesette publikasie wat hierdie werk vervang het, nl Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning* 1-3 en 9-3.

326 Pretorius *Boedelbeplanningsmodel* 228.

327 *Boedel- en Finansiële Beplanning* 2-14.

aspekte sluit die volgende in: buigsaamheid van die boedelplan, likiditeit en kontinuïteit.³²⁸

By boedelbeplanning vir 'n Hindoelvrou sal die probleemareas wat hier ter sprake is deurgaans voor oë gehou moet word. Dit is belangrik om te beseef dat die nodige beskerming nie die laaste stap is wat 'n Hindoelvrou moet neem nie. Sy (en ook alle vroue) behoort haar boedel behoorlik te beplan met die oog daarop dat sy die maksimum voordeel uit haar bates tydens haar lewe verkry. Die Hindoelvrou se situasie word verder bemoeilik deurdat haar "huwelik" as ongeldig beskou word en sy dus nie op die normale regsgevolge en beskerming van 'n siviele huwelik kan steun nie.³²⁹ Dit word gevolglik aanbeveel dat die Hindoelvrou beleggings-³³⁰ en versekeringsbeplanning³³¹ doen. Sy kan ook 'n *inter vivos* trust skep om haar bates teen skuldeisers, 'n spandabelrige gade en die belastinggaarder vir boedelbelastingdoeleindes te beskerm.³³²

Die Hindoelvrou moet voorts op artikel 7(2) en paragraaf 55 van die Agste Skedule van die *Inkomstebelastingwet* let wanneer sy belastingbeplanning doen.³³³ Dit is aanbevelenswaardig dat die Hindoelvrou aandring op die sluit van 'n ooreenkoms waarin voorsiening gemaak word vir haar beskerming waarop sy sou geregtig sou wees indien haar huwelik geldig sou wees.³³⁴ Daar moet ook gekontrakteer word oor die gevolge wat sal intree wanneer die partye hulle "huwelik" wil ontbind. Alhoewel 'n Hindoelvrou 'n universele vennootskapskontrak met haar man kan sluit, word dit nie aanbeveel nie.³³⁵ Die Hindoelvrou kan by die aankoop van huishoudelike benodighede as haar man se agent optree.³³⁶ 'n Hindoelvrou kan ten slotte moontlik 'n verrykingseis teen haar man instel vir die

328 Pretorius *Boedelbeplanningsmodel* 228.

329 Sien hoofstuk 2 hierbo.

330 Sien par 3.2 hierbo.

331 Sien par 3.3 hierbo.

332 Sien par 3.4 hierbo.

333 Sien par 3.5 hierbo.

334 Sien par 3.6 hierbo.

335 Sien par 3.7 hierbo.

336 Sien par 3.8 hierbo.

bedrag wat sy meer tot die gemeenskaplike huishouding bygedra het as wat sy moes.³³⁷

Die *mortis causa* boedelbeplanningsinstrumente gaan vervolgens in oënskou geneem word.

337 Sien par 3.9 hierbo.

HOOFSTUK 4

MORTIS CAUSA BOEDELBEPLANNINGSINSTRUMENTE

4.1 Inleiding

Soos reeds genoem is *inter vivos* boedelbeplanningsinstrumente nie die enigste instrumente waarmee boedelbeplanning gedoen word nie. Daar bestaan ook verskeie *mortis causa* boedelbeplanningstegnieke³³⁸ wat daarop gemik is om boedelgroei te beperk of om boedelbates te verminder binne die raamwerk van die erflater se testamentêre wense en realiteit van sy of haar praktiese en ekonomiese omstandighede.³³⁹ *Mortis causa* boedelbeplanningsinstrumente is voorts ook daarop ingestel om voldoende kontant vir doeleindes van die afhandeling van die beredderingsproses en die versorging van die erflater se gesin by sy dood beskikbaar te stel.³⁴⁰ Volgens King en Victor³⁴¹ moet die volgende beplanningsdoelwitte voorgehou voor oë gehou word:

- ♦ die moeitelose afhandeling van die boedel in ooreenstemming met die boedeleienaar se wense;
- ♦ die minimalisering van boedelbelasting; en
- ♦ die voorsiening van voldoende likwiditeit om laste en sterfkoste te dek;

Jordaan sit verdere boedelbeplanningsdoelwitte uiteen soos volg:³⁴²

- ♦ om verdeling van die boedel op gelyke wyse met die doel om billike behandeling te verseker;³⁴³

338 Abrie, Graham, Schoeman en Van der Linde *Boedels* 6 noem dit "testamentêre beplanning." Hulle voer aan dat hierdie beplanningsmaatreëls eers by die boedeleienaar se dood in werking tree.

339 Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning* 11-13 en 11-15.

340 Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 22-23. Sien ook Pretorius *Boedelbeplanningsmodel* 232.

341 *Easiguide* 3-4.

342 *Estate and Financial Planning* 3.

- ♦ vergoeding van die kinders wat 'n bydrae tot die welstand van die oorledene gemaak het; en
- ♦ verlaging van administrasiekoste tot so laag as moontlik.

Die boedelbeplanner sal voorts die betrokke Hindoelvrou se behoeftes en begeertes moet vasstel voordat hy *mortis causa* boedelbeplanning doen. Die Hindoelvrou kan, byvoorbeeld, begeer dat haar kinders goed versorg agtergelaat word, dat haar kinders billik by erfopvolging behandel word of dat daar vir haar kleinkinders, wat eendag wil studeer, voorsiening gemaak word. Die *mortis causa* boedelbeplanning sal by hierdie behoeftes moet aanpas.

Volgens Abrie *et al*³⁴⁴ is 'n belangrike vereiste van boedelbeplanning dat dit prakties uitvoerbaar moet wees. Hulle voer aan dat boedelbeplanning só gedoen moet word dat die doelwitte op die langtermyn effektief verwesenlik kan word. Een van die langtermyn doelwitte by boedelbeplanning is om die beredderingsproses sinvol te laat verloop.³⁴⁵ *Mortis causa* boedelbeplanning is dus van wesenlike belang.

Die onderstaande bespreking fokus primêr op die beplanning van die Hindoelvrou se boedel, maar dit sal die boedelbeplanner baat om die Hindoelvrou se “man” se boedelplan in gedagte te hou wanneer haar boedel beplan word. Indien die Hindoeman, byvoorbeeld, 'n trust oprig en die Hindoelvrou nie as 'n begunstigde aanwys nie, sal bykomende voorsiening vir haar gemaak moet word.

343 Dawson *Estate Planning Guide* 1 maan dat die boedel op so 'n wyse verdeel moet word dat daar 'n balans gehandhaaf word tussen die boedeleienaar se wense, die vereistes van die reg, en die boedel se vermoë.

344 *Boedels* 2.

345 Abrie *et al* *Boedels* 2.

4.2 Testament

Davis, Beneke en Jooste³⁴⁶ beskou die testament³⁴⁷ as 'n onontbeerlike deel van die boedelbeplanningsproses. Volgens Abrie, Graham en Liebenberg³⁴⁸ is die testament een van die sleuteldokumente by boedelbeplanning. Dit is by die boedeleienaar se afsterwe wat die volle boedelplan in werking tree en dit spreek vanself dat die bepalings van die testament by die erflater se dood van wesenlike belang sal wees. Die testament handel nie slegs met die bemaking van eiendom nie, maar reël ook die effektiewe administrasie van die boedel. Die boedelbeplanner van 'n Hindoelvrou se boedel kan, ten einde 'n ongewenste geskarrel onder erfgename en legatarisse weens 'n gebrekkige testament te vermy, die beginsels soos uiteengesit in die onderstaande paragrawe, in gedagte hou. Die boedelbeplanner moet, wanneer hy 'n Hindoelvrou se testament opstel, haar unieke omstandighede in ag neem. Die boedelbeplanner moet voorts onthou dat die testamentêre bepalings belastingimplikasies kan hê.³⁴⁹

Indien die Hindoelvrou se boedel uit bates, byvoorbeeld 'n huis of 'n motor wat nie verdeel kan word nie, bestaan moet daar in die testament vir die toekenning van hierdie bates voorsiening gemaak word. Die testament sal nie prakties uitvoerbaar wees indien een huis in gelyke aandeel aan drie kinders bemaak word nie.³⁵⁰ Indien een van die drie kinders sy derde aandeel in die huis wil verkoop en die ander kinders weier om hulle aandeel te verkoop, kan dit probleme veroorsaak. Die een kind sal, weens die ander twee kinders se weiering om hulle aandeel te verkoop, sukkel om sy een derde aandeel te verkoop. Bogenoemde toedrag van sake sal onenigheid en twis tussen die drie kinders veroorsaak.

346 *Estate planning* 9-12.

347 Stuart en Olivier *Testamente en Boedelbeplanning* 13 omskryf 'n testament as 'n notule van die wense van die erflater waarin hy aandui wat van sy aardse goedere moet word wanneer hy nie meer daar is nie.

348 *Trusts, Testamente en Belasting* 14.

349 Sien die bespreking in par 4.6 hieronder. Sien ook Stuart en Olivier *Testamente en Boedelbeplanning* 58-59 vir 'n algemene bespreking van die boedelbelasting- en inkomstebelastinggevolge van 'n testament.

350 Meyerowitz 1992 *The Taxpayer* 54.

Dit is voorts belangrik om te onderskei tussen erfgename en legatarisse. Van der Merwe en Rowland³⁵¹ definieer 'n legaat as 'n bemaking van 'n besondere boedelgoed aan 'n bevoordeelde. 'n Legataris erf 'n bepaalde of bepaalbare bate, byvoorbeeld die testatrise se grys BMW-motorvoertuig, of vasgestelde geldsom.³⁵² 'n Erfgenaam, daarteenoor, erf die oorskot³⁵³ van die boedel nadat al die skulde betaal is en daar aan al die legatate voldoen is.³⁵⁴ Volgens De Waal en Schoeman-Malan³⁵⁵ erf 'n erfgenaam die hele nalatenskap, 'n eweredige deel of 'n bepaalde deel daarvan of die restant van die nalatenskap. Volgens Abrie, Graham en Liebenberg³⁵⁶ geniet 'n legaat voorrang bo 'n erflating.

Indien 'n testateur, byvoorbeeld, R 100 000 aan A bemaak en die restant aan B, ontvang A eerstens die R100 000 en B dit wat oorbly. Menige testateure maak die fout deur die hoferfgename effektiewelik te onterf deur legatate te bemaak en sy hoofbegunstigdes aan te wys as erfgename van 'n nie-bestaande oorskot. 'n Testateur sal, byvoorbeeld,³⁵⁷ sy plaas aan sy seun bemaak en aan sy twee ander kinders elk 'n kontantbedrag. Die seun erf die restant van die bates, wat die plaas insluit. Die na-doodse skulde is egter soveel dat die plaas verkoop moet word om die kontantbedrae aan die twee ander kinders uit te betaal. Die seun erf gevolglik niks nie. Daar is gevalle waar die boedel groot genoeg is om substansiële legatate en 'n groot oorskot te verskaf, maar waar die testateur of sy adviseurs die feit misgekyk het dat die boedelbelasting³⁵⁸ die erfgename se erflating wesenlik verminder.

351 *Erfreg* 242.

352 Van der Merwe en Rowland *Erfreg* 254 en De Waal en Schoeman-Malan *Inleiding* 122. Sien De-Waal en Schoeman-Malan *Inleiding* 123-124 van 'n bespreking van die verskille tussen 'n legataris en 'n erfgenaam.

353 Abrie, Graham en Liebenberg *Trusts, Testamente en Belasting* 25 omskryf die oorskot of restant van die boedel as daardie deel van die boedel wat oorbly nadat alle legatate en spesifieke bemakings aan die onderskeie begunstigdes toegeken is.

354 Meyerowitz 1992 *The Taxpayer* 56.

355 *Inleiding* 122.

356 *Trusts, Testamente en Belasting* 24.

357 Die voorbeeld is gebaseer op Van der Walt en Schoeman-Malan *Inleiding* 124.

358 Die boedelbelasting is betaalbaar uit die oorskot en dit word bereken op die waarde van die netto boedel.

Meyerowitz³⁵⁹ doen aan die hand dat legate aan die hoofbegunstigdes betaal moet word, bykomend tot die feit dat hulle as erfgename aangewys word. 'n Boedelbeplanner wat 'n Hindoelvrou se testament opstel, sal sorg moet dra om nie haar hoferfgename te onterf deur die aanwysing van kontantlegate nie. 'n Hindoelvrou kan altyd bykomende kontantlegate aan haar kinders bemaak. Dit is daarom aanbevelenswaardig dat 'n Hindoelvrou eerder haar kinders as legatarisse aanwys en sodoende verseker dat hulle erfporsie nie deur na-doodse skulde verminder word nie. Die boedelbeplanner behoort ook 'n berekening te doen van die restant van die boedel wat na die betaling van na-doodse skulde, vir verdeling onder die legatarisse beskikbaar gaan wees. Die Hindoelvrou sal na so 'n berekening 'n ingeligte besluit kan neem of sy legate of erflatings wil bemaak.

Dit sal aanbevelenswaardig wees dat 'n Hindoelvrou wat, byvoorbeeld, bates aan haar kleinkinders wil bemaak, die groep of klas kleinkinders beperk tot die kleinkinders wat leef by haar afsterwe. Indien sy sou versuim, sou die groep begunstigdes onbepaalbaar wees en sal dit die afhandeling van die boedel bemoeilik deurdat die boedel eers verdeel sal kan word wanneer die laaste kleinkind gebore is.³⁶⁰

Daar kan ook in die Hindoelvrou se testament voorsiening gemaak word vir 'n oorbemaking.³⁶¹ Die testament moet duidelik bepaal na wie 'n bate sal gaan indien 'n betrokke begunstigde sy erfporsie repudieer of daarvan afstand doen.

Direkte bemakings dra nie veel waarde as boedelbeplanningsinstrumente, tensy dit gemaak word aan liefdadigheids-, opvoedkundige of staatsinstellings, nie.³⁶² Indien 'n Hindoelvrou 'n erflating aan so 'n instelling nalaat, sal dit vrygestel word van boedelbelasting.³⁶³

359 1992 *The Taxpayer* 56.

360 Meyerowitz 1992 *The Taxpayer* 56.

361 Ook genoem 'n "gift over".

362 Rogerson 1985 *Vitae* 178.

363 Daar word in hierdie geval van twee boedelbeplanningsinstrumente, naamlik testamente en belastingbeplanning gebruik gemaak. Sien ook par 4.6.1 hieronder.

Die boedelbeplanner van 'n Hindoelvrou se boedel moet sorg dra by die bewoording van die testament.³⁶⁴ Indien sy aan haar gade 'n erflating wil nalaat, sal dit beter wees dat hy by name genoem word en dat die klousule nie bloot bepaal "aan my gade" nie. Gesien in die lig van die feit dat 'n Hindoelvrou se huwelik ongeldig is en dat haar "man" nie volgens die Suid-Afrikaanse reg as haar "gade" beskou word nie, is dit van kardinale belang dat hy by name genoem word.³⁶⁵ Indien sy sou versuim om hom by name te noem en bloot na hom in haar testament as "my gade" verwys, sal hy nie van haar boedel kan erf nie. Die man word effektiewelik onterf omdat hy nie by name in die Hindoelvrou se testament genoem word nie. Daar word gevolglik nie aan die Hindoelvrou se wense gevolg gegee nie. Uit die bespreking hierbo het dit geblyk,³⁶⁶ dat die Hindoe-egpaar nie 'n ooreenkoms mag sluit ingevolge waarvan hulle oor-en-weer ooreenkom om bates aan mekaar te bemaak nie. Die enigste wyse waarop die Hindoe gades van mekaar kan erf, is indien die betrokke gade se naam uitdruklik in die testament genoem word. Dit is daarom van wesenlike belang dat die Hindoe gades mekaar by name, as erfgename of legatarisse, in hulle testamente benoem.

Indien woorde dubbelsinnig is of meer as een betekenis kan hê, is dit beter om die woorde te omskryf. Dit sal, byvoorbeeld, beter wees om in 'n Hindoelvrou se testament die begrip "meubels en huishoudelike goedere" te omskryf en dit nie vir interpretasie oop te laat nie.³⁶⁷ Indien die Hindoelvrou, byvoorbeeld, die inhoud van haar huis aan haar dogter wil nalaat, moet sy elke item afsonderlik aandui.³⁶⁸ Daar mag 'n dispuut ontstaan indien sy die "meubels en huishoudelike goed" aan haar dogter nalaat en die restant van haar boedel aan haar seun. Daar kan 'n geskil ontstaan wat klassifiseer as meubels en huishoudelike goed. Is alles wat binne in die huis is huishoudelike goed? Sal die

364 Sien Barker *Drafting* 4 vir 'n bespreking van die belangrikheid van die regte woordkeuses in testamente. Sien ook Troost 2003 *Insurance and Tax* 25-27.

365 Sien ook par 2.4.2 hierbo.

366 Sien par 2.4.7 hierbo.

367 Meyerowitz 1992 *The Taxpayer* 57.

368 Byvoorbeeld ketel, messegoed, bed, kas en eetkamerstel.

tuinstel in die tuin, byvoorbeeld, klassifiseer as huishoudelike goed? 'n Behoorlike omskrywing sal dispute tussen erfgename uitskakel.

Indien 'n Hindoelvrou wil hê dat haar boedel ingevolge die tradisionele Hindoereg moet vererf, kan sy 'n klousule in haar testament plaas wat bepaal dat haar boedel ingevolge die Hindoe erfreg oorgaan of sy kan 'n *mortis causa* trust skep wat ingevolge die Hindoe erfreg geadministreer moet word.³⁶⁹

'n Testamentopsteller kan te slotte die advies van Olivier en Van den Berg³⁷⁰ ter harte neem. Genoemde skrywers beveel aan dat voordat die opsteller 'n bepaling in 'n testament inskryf hy behoort te besin oor die volgende vrae:

- ♦ Wat is die regsimplikasies van 'n bepaling?
- ♦ Wat is die belangtingimplikasies van 'n bepaling?
- ♦ Wat is die praktiese implikasies van 'n bepaling?

Indien die testamentopsteller nie die antwoorde op bogenoemde vrae ken nie, behoort hy nie die klousule in die testament te plaas nie.³⁷¹ Dit is gewens dat die Hindoelvrou se boedelbeplanner ook haar "man" se testament opstel waarin daar voorsiening vir die Hindoelvrou en –kinders se versorging, na die Hindoeman se dood, gemaak word. Gesien in die lig van die feit dat sy nie outomaties ingevolge die *Onderhoudswet* as 'n "langslewende gade" geag word nie,³⁷² moet haar "man" spesifiek vir haar onderhoudsbehoefte, na sy dood, in sy testament voorsiening maak. Dit het uit die bespreking hierbo geblyk dat die Hindoelvrou nie 'n "gade" ingevolge die Suid-Afrikaanse reg is nie, en dus nie as intestate erfgenaam ingevolge die *Erfopvolgingswet* kwalifiseer nie.³⁷³ Die enigste wyse waarop 'n Hindoelvrou dus van haar "man" kan erf is in die geval waar die

369 Bekker, Rautenbach en Goolam *Regspluralisme* 322. Sien ook par 4.3 hierna.

370 *Praktiese Boedelbeplanning* 159.

371 Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 159.

372 Sien par 2.4.3 hierbo.

373 Sien par 2.4.4 hierbo.

Hindoeman 'n testament opstel waarin die Hindoelvrou as erfgenaam aangewys word.

Dit is voorts aanbevelenswaardig dat die Hindoeman of -vrou lid word van 'n Pensioenfonds waar die langsewende "gade" wel as 'n "gade" by die dood van die eerssterwende beskou word.³⁷⁴ Die Hindoe-egpaar behoort die reëls van die Pensioenfonds te bestudeer alvorens hulle lid word. Daar word sodoende verseker dat die Hindoe-egpaar nie lid word van 'n Pensioenfonds wat weier om die langsewende gade as 'n "afhanklike" te beskou omdat die Hindoe-egpaar nie as "gades" ingevolge die Suid-Afrikaanse reg kwalifiseer nie.

4.3 *Mortis causa trust*

'n *Mortis causa trust* kan aangewend word om te verseker dat hindoeregtelike beginsels op 'n erflater se eiendom na haar dood aangewend word. Corbett, Hofmeyer en Kahn³⁷⁵ verskaf die volgende omskrywing van 'n *mortis causa trust*:

At common law a testamentary trust is constituted when a testator bequeaths property to a person (the trustee or administrator) upon terms which require such person to assume control over the property and administer it for the benefit of another person or of other persons appointed by the will or for an impersonal object or purpose.³⁷⁶

'n *Mortis causa trust* verskaf sekuriteit aan die boedeleienaar deurdat dit verseker dat daar vir die boedeleienaar se afhanklikes voorsiening gemaak word.³⁷⁷ Die *mortis causa trust* verseker verder dat die bates vir die volgende generasie behoue bly.³⁷⁸ Eiendom wat aan 'n *mortis causa trust* nagelaat word, word voorts van hereregte vrygestel.³⁷⁹ Die oprigting van 'n *mortis causa trust* stel die eksekuteur van die bestorwe boedel egter nie van sy aanspreeklikheid

374 Sien par 2.4.6 hierbo.

375 *Law of Succession in South Africa* 388.

376 Volgens Abrie *et al Boedels* 119 word die testamentêre trust beliggaam in die oprigter se testament en is dit die resultaat van 'n eensydige regshandeling. Sien Olivier, Strydom en Van den Berg *Trustreg en Praktyk* 1-22; Meyerowitz 1994 *The Taxpayer* 122-126 en Meyerowitz 1965 *The Taxpayer* 126-130.

377 Sien Jordaan *Estate and Financial Planning* 24 vir 'n volledige uiteensetting van die algemene doelwitte van 'n *mortis causa trust*.

378 Dawson *Estate Planning Guide* 57.

379 A 9(1)(e)(i) van die *Wet op Hereregte* 40 van 1949.

om boedelbelasting en kapitaalwinsbelasting te betaal, vry nie.³⁸⁰ Volgens Swart *et al*³⁸¹ tree 'n testamentêre trust eers na die testateur se dood in werking. Vanuit 'n boedelbeplanningsoogpunt is dit raadsaam om die trustakte só te bewoord dat die trustees oor voldoende magte en bevoegdhede beskik om die trust tot voordeel van die begunstigdes te kan beheer en bestuur.³⁸² Die geleibuisbeginsel³⁸³ kan eweneens hier toepassing vind deurdat die trust net as 'n geleibuis dien om die inkomste na 'n inkomstebegunstigde te kanaliseer, sodat sodanige inkomstebegunstigde ooreenkomstig sy marginale belastingkoers belas word.³⁸⁴

'n Hindoelvrou kan bates met 'n groeipotensiaal wat gelykstaande is aan die bedrag van die korting geskep in artikel 4A van die *Boedelbelastingwet* aan 'n testamentêre trust bemaak.³⁸⁵ Sodoende word die boedelbelasting in haar boedel verminder. Dit sal raadsaam wees as die Hindoelvrou 'n diskresionêre *mortis causa* trust laat oprig. Sodoende word daar geen boedelbelastingprobleme in die hande van die inkomstebegunstigdes geskep nie en is die begunstigdes ook nie aan kapitaalwinsbelasting onderworpe nie.³⁸⁶

'n Hindoelvrou kan 'n *mortis causa* trust oprig om voorsiening te maak vir die versorging van haar kinders, kleinkinders en al hulle afstammelinge. Indien sy, byvoorbeeld, drie kinders het kan sy vir elkeen 'n trust oprig en die betrokke kind as inkomstebegunstigde van die trust aanwys. Sy kan in die trustakte bepaal dat

380 Naidoo *Evaluation* 84. Sien Scott 1986 *Vitae* 578-579 vir 'n bespreking van die belastingbeginsels van toepassing op 'n *mortis causa* trust.

381 *Beplanning* 189.

382 Pretorius *Boedelbeplanningsmodel* 256. Sien ook *Ex parte National Board of Executors (East London) Ltd* 1978 3 SA 445 (OK) en *Administrators, Estate Richards v Nichol* 1999 1 SA 551 (HHA). Volgens Pace en Van der Westhuizen *Trusts* 35 is 'n trust 'n "creature of document." 'n Trust is daarom net so goed soos wat die onstaansbron, die dokument, dit toelaat om te wees.

383 Jordaan *et al Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* 565-566. Sien ook par 3.4 hierbo vir 'n bespreking van die geleibuisbeginsel.

384 Trusts word teen 'n maksimum koers van 40 % belas, onderwyl individue belasting betaal volgens die belastingskale en tariewe wat jaarliks met die afkondiging van die begroting deur die Minister van Finansies hersien en bekragtig word.

385 Die *mortis causa* trust word in hierdie geval met 'n ander boedelbeplanningsinstrument, naamlik die testament, gekombineer. Sien par 4.2 hierbo.

386 Naidoo *Evaluation* 84.

die trustkapitaal op haar kleinkinders oorgaan by die dood van haar kinders. Dit is raadsaam dat sy voorsiening vir die vervroeging van voordele maak om die geval te dek waar haar kind(ers) van hulle voordelige tussentydse reg afstand doen voor hulle dood.³⁸⁷ Sy kan voorts in die trustakte bepaal dat haar kleinkinders hulle aandeel in trusts, wat vir hulle opgerig sal word, kan ontvang. Sodoende word boedelbelastingprobleme in die kleinkinders se hande uitgeskakel. Indien die Hindoelvrou oor onroerende eiendom, byvoorbeeld 'n plaas beskik, sal 'n *mortis causa* trust met vrug aangewend kan word. Sy kan, weens die bepalinge van die *Wet op die Onderverdeling van Landbougrond*,³⁸⁸ nie haar plaas aan haar drie kinders as geheel bemaak nie. Dit sal daarom raadsaam wees om die plaas in trust tot voordeel van haar kinders as begunstigdes van die trust te plaas. Hierdie metode sal ook aangewend indien sy 'n huis of 'n besigheid het wat nie by haar afsterwe te gelde gemaak moet word nie.

Daar is opgemerk dat 'n *mortis causa* trust meer gepas is indien die testateur minderjarige kinders het.³⁸⁹ Indien 'n Hindoelvrou sterf en sy het minderjarige kinders, kan sy van die *mortis causa* trust gebruik maak. Indien sy 'n kontantbemaking aan haar minderjarige kinders nalaat sal dit normaalweg in die Voogdyfonds³⁹⁰ inbetaal word waar dit min rente sal verdien en haar kinders sal sukkel om toegang tot die fondse te verkry.³⁹¹ Dit sal dus beter wees om 'n

387 *Louw v FWKP Albrecht Trust* 1998 3 SA 1048 (K) en *Hirschsohn NO v Horn* 1990 1 SA 769 (KPD).

388 70 van 1970 (hierna die *Wet op die Onderverdeling van Landbougrond*). Sien ook Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 125-126. Alhoewel die *Wet op die Onderverdeling van Landbougrond* deur die *Wet op die Onderverdeling van Landbougrond Wysigingswet* 64 van 1998 herroep is, het dit tot op datum van indiening van hierdie studie nog nie inwerking getree nie. Volgens West 2003 *De Rebus* 30 is laasgenoemde Wet nog nie gepromulgeer nie.

389 Naidoo *Evaluation* 92.

390 Die nadele verbonde aan die betaling van die minderjarige se erfporsie aan die Voogdyfonds is legio. Vgl Dawson *Estate Planning Guide* 57 verskaf die Fonds nie sekuriteit vir die minderjarige se erfporsie nie, die rentekoers kan dikwels nie met markverwante koerse kompeteer nie en is die geld nie gerieflik beskikbaar vir onderhoud nie. Die Fonds sal die kapitaal aan die erfgenaam uitbetaal waneer hy of sy 18 jaar oud word, ten spyte van die feit dat die erfgenaam emosioneel onvolwasse is om die eflating te ontvang. Sien ook Meyerowitz 1992 *The Taxpayer* 55.

391 King en Victor *Easiguide* 234. Sien ook Dawson *Estate Planning Guide* 57.

mortis causa trust op te rig waarin haar kinders se kontantbemaking inbetaal word. Indien dit 'n diskresionêre *mortis causa* trust is, kan die trustees die geld aan die minderjarige kinders uitbetaal soos wat hulle dit nodig kry. Die trustees kan geld tot die beste belang van die minderjarige kinders toedeel vir onderhoud, opvoeding en ander aangeleenthede.³⁹² Indien 'n Hindoelvrou een of meer van haar minderjarige kinders as die begunstigde(s) van 'n lewensversekeringspolis aangewys het, sal die opbrengs van die versekeringspolis aan die Voogdyfonds oorbetaal word. Indien die trust egter as 'n begunstigde genomineer word, sal die opbrengs van die polis beskerm word.³⁹³ Die Hindoe-egpaar kan in hulle testament bepaal dat, in die geval van hulle gesamentlike afsterwe, hulle eiendom in trust vir hulle minderjarige kinders gehou moet word.³⁹⁴

Naidoo³⁹⁵ stel voor dat die trustakte so bewoord word dat die trust kwalifiseer as 'n spesiale trust³⁹⁶ ingevolge artikel 1 van die *Inkomstebelastingwet*. Die trust sal in so 'n geval minder belasting betaal as die marginale koers wat op natuurlike persone van toepassing is. Die trust sal ook meer voordelige behandeling ontvang vir kapitaalwinstbelastingdoeleindes.³⁹⁷ Indien 'n Hindoelvrou minderjarige kinders het, word aanbeveel dat sy 'n *mortis causa* spesiale trust in haar testament oprig.

Dit is aanbevelenswaardig dat die Hindoeman 'n *mortis causa* trust vir sy vrou en hulle kinders oprig om vir die Hindoefamilie se versorging na sy dood voorsiening te maak. Die boedelbeplanner van 'n Hindoelvrou se boedel, behoort in gedagte te hou dat die Hindoeman moontlik voor die Hindoelvrou kan sterf, en die Hindoelvrou onversorg agtergelaat kan word. Dit is daarom aanbevelenswaardig

392 King en Victor *Easiguide* 234.

393 Dawson *Estate Planning Guide* 57.

394 Volgens Olivier 1993 *Suid-Afrikaanse Praktyksbestuur* 6 is dit sinneloos om die eiendom aan die minderjariges na te laat en is dit beter om toe te laat dat die eiendom in 'n trust vir die minderjariges gehou word om aan hulle oorgedra te word wanneer hulle meerderjarigheid bereik en die verantwoordelikheid, gekoppel aan die eiendom, kan hanteer.

395 *Evaluation* 85.

396 'n Trust kwalifiseer as 'n spesiale trust indien dit uitsluitlik opgerig word vir 'n persoon wat geestesongesteld is of waar die jonste begunstigde ingevolge die trust jonger as 18 jaar oud is.

397 Jordaan *et al Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* 565.

dat die Hindoeman 'n trust vir sy vrou en hulle kinders oprig om te verseker dat daar aan die Hindoe gesin se onderhoudsbehoeftes na sy dood voldoen sal word. Die bemaking van eiendom aan die trust, verseker nie slegs dat die gesin versorg agtergelaat word nie, maar maak ook voorsiening dat toekomstige boedelbelastingprobleme in hulle hande uitgeskakel word. 'n Trust kan voorts die Hindoegesin van 'n deurlopende inkomste, na die Hindoeman se dood, voorsien.

4.4 Versekering

Versekering³⁹⁸ is nie slegs 'n *inter vivos* boedelbeplanningsmeganisme³⁹⁹ nie, dit speel ook 'n belangrike rol by nadoodse beplanning. Versekering verseker dat daar voldoende kontant in die boedel beskikbaar is om aan die kliënt se wense gevolg te gee en om die koste van die bereddering van die boedel te betaal.⁴⁰⁰ 'n Hindoenvrou wat dus bekommerd is of sy genoeg kontant in haar boedel gaan hê om hierdie kostes te betaal nie, behoort voldoende versekering uit te neem om die nadoodse kostes te dek.⁴⁰¹ 'n Boedelbeplanner behoort die nadoodse skulde, wat na die Hindoenvrou se boedel betaalbaar gaan wees, te bereken. Indien daar nie genoeg fondse in die boedel gaan wees om die nadoodse skulde te betaal nie, behoort die Hindoenvrou lewensversekering uit te neem. Die Hindoenvrou kan ook lewensversekering uitneem indien sy spesifieke kontantlegate aan legatarisse wil bemaak en sy nie graag haar bates vir hierdie doel te gelde wil maak nie.

398 Surtees maan in 2005 *Tax Breaks Newsletter* 3 dat dit, na die uitspraak in *Shrosbree NO v Love* 2005 1 SA 309 (HHA), belangriker as ooit is om 'n begunstigde van 'n lewenspolis aan te wys. Die rede hieroor is dat die oorledene insolvent by sy dood mag wees. Indien die oorledene versuim het om 'n begunstigde aan te wys, sal die opbrengs deel van sy bestorwe boedel vorm en gebruik word om die skuldeisers te betaal.

399 Sien 3.3 hierbo.

400 LEAD LAWSA *Practice Management* 152.

401 Sien ook par 3.3 hierbo.

4.5 Vruggebruik

'n Regsfiguur wat ook suksesvol deur 'n Hindoelvrou aangewend kan word, is vruggebruik.⁴⁰² Corbett, Hofmeyr en Kahn⁴⁰³ omskryf 'n vruggebruik soos volg:

Usufruct is a legal institution whereby there is conferred upon a person (the usufructuary) the right to possess, use and enjoy property (the usufructuary property) belonging to another in such manner that its substantial character is preserved.⁴⁰⁴

Volgens Ger en Hartzenberg⁴⁰⁵ is 'n vruggebruik 'n reg wat 'n persoon (die vruggebruiker) geregtig maak om 'n ander persoon se eiendom te gebruik en die vrugte van die eiendom op so 'n wyse te geniet dat die eiendom behoue bly. 'n Vruggebruiker het, byvoorbeeld, die reg op dividende inkomste uit aandele, maar word nie toegelaat om die aandele te verkoop nie. 'n Ander voorbeeld van vruggebruik is waar 'n vruggebruiker vruggebruik oor 'n plaas het. Die vruggebruiker kan op die plaas woon, die plaas verhuur of inkomste van die landbouwerkzaamhede op die plaas verdien, maar die vruggebruiker word nie toegelaat om die eiendom te vervreem of te beskadig nie. Die rede vir laasgenoemde is omdat die blote eiendomsreg aan iemand anders, die blooteienaar behoort.

Ger en Hartzenburg⁴⁰⁶ dui aan dat vruggebruik as boedelbeplanningsinstrument, aangewend kan word indien 'n testateur 'n inkomste of sekuriteit aan sy gade na sy dood wil verskaf, maar graag sy eiendom op iemand anders, soos sy seun, wil laat vererf. Indien 'n Hindoeman graag die woonhuis op die Hindoeseun wil laat vererf, maar hy terselfdertyd wil verseker dat die Hindoelvrou vir die res van haar lewe verblyf het, sal hy die vruggebruik van die woonhuis aan die Hindoelvrou bemaak, en die blote eiendomsreg aan die seun.⁴⁰⁷ 'n Hindoeman kan ook die

402 Volgens Ger en Hartzenberg 2005 *De Rebus* 42 beteken "vruggebruik" letterlik "gebruik van die vrugte" in Latyn.

403 *Succession* 366.

404 De Waal en Schoeman-Malan *Inleiding* 155; Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning* 2-8(1) tot 2-8(3); *Smith v Smith* 1913 KPD 869 en *Wehr v Estate Wehr* 1922 KPD 411.

405 2005 *De Rebus* 42.

406 2005 *De Rebus* 43.

407 Davis, Beneke en Jooste *The Use of Limited Interests in Estate Planning* par 12.2.

vruggebruik van aandele (die dividende inkomste) aan die Hindoevrou bemaak om te verseker dat daar aan haar onderhoudsbehoefte na sy dood voldoen word.

Volgens Davis, Beneke en Jooste⁴⁰⁸ maak gades gereeld van vruggebruik⁴⁰⁹ as boedelbeplanningsmeganisme gebruik. Ingevolge die eerste skema skep die eerssterwende 'n vruggebruik ten gunste van die langlewende in sy testament. Die waarde van die vruggebruik is dan, ingevolge artikel 4(q), van die waarde van sy boedel, vir boedelbelastingdoeleinde aftrekbaar. By die afsterwe van die langlewende, vererf die vruggebruik ingevolge die eerssterwende se testament, aan die kinders gebore uit die huwelik of aan 'n trust. Hierdie bemaking is onderworpe daaraan dat die vruggebruik vir 'n beperkte tydperk, byvoorbeeld twee jaar, deur 'n liefdadigheidsorganisasie geniet word.⁴¹⁰ Daar is dus hier van 'n "opvolgende" vruggebruik sprake. Die vruggebruik gaan eers vir twee jaar op die liefdadigheidsorganisasie oor, waarna die vruggebruik op die begunstigdes oorgaan. Die waarde van die vruggebruik is in so 'n geval ingevolge artikel 4(h) van die langlewende se boedel aftrekbaar.⁴¹¹

Daar is geen boedelbelastingeffek met die oorgang van die vruggebruik na die uiteindelijke begunstigdes nie. 'n Hindoe-egpaar sal van hierdie skema gebruik kan maak, gesien in die lig van die feit dat hulle as "gades" deur die *Boedelbelastingwet* geag word.⁴¹² Indien 'n Hindoevrou 'n vruggebruik aan haar man bemaak, sal haar boedelbelasting met die waarde van die vruggebruik verminder word. Indien die vruggebruik R 2000 werd is, sal die Hindoevrou se boedelbelasting met R 2000 verminder.

408 *The Use of Limited Interests in Estate Planning* par 12.3.

409 Volgens Davis, Beneke en Jooste *The Use of Limited Interests in Estate Planning* par 12.3 geld die volgende beginsel indien die houer van 'n vruggebruik sterf: hoe jonger die opvolger van die belang is, hoe hoër sal die waarde van die vruggebruik vir boedelbelastingdoeleinde wees. Indien die houer van die blote eiendomsreg sterf, geld die volgende beginsel: hoe jonger die vruggebruiker is, hoe laer is die waarde van die blote eiendomsreg vir boedelbelastingdoeleinde en *vice versa*.

410 Davis, Beneke en Jooste *The Use of Limited Interests in Estate Planning* par 12.3.

411 Davis, Beneke en Jooste *The Use of Limited Interests in Estate Planning* par 12.3.

412 Sien par 2.5.3 hierbo.

Artikel 4(m) van die *Boedelbelastingwet* moet ook by vruggebruike in gedagte gehou word. Indien 'n gade A 'n vruggebruik aan B bemaak het en die vruggebruik nie ingevolge artikel 4(q) van A se boedel aftrekbaar was nie, sal dit ingevolge artikel 4(m), van B se boedel vir boedelbelastingdoeleindes aftrekbaar wees.⁴¹³ Indien die Hindoeman 'n vruggebruik aan die Hindoelvrou bemaak het en die waarde van die vruggebruik was nie van sy boedel aftrekbaar nie, sal die waarde van die vruggebruik van die Hindoelvrou se boedelbelasting aftrekbaar wees. Indien die voorbeeld hierbo gebruik word, sal die R 2 000 wat nie ingevolge artikel 4(q) van die Hindoelvrou se boedelbelasting aftrekbaar was nie, ingevolge artikel 4(m), van die Hindoeman se boedelbelasting aftrekbaar wees.

Ingevolge die tweede skema bemaak die eerssterwende 'n vruggebruik aan die langslewende gade en die blote eiendomsreg van die betrokke eiendom aan die egpaar se kinders, wie die langslewende vir 'n spesifieke tydperk, byvoorbeeld twee jaar, oorleef.⁴¹⁴ Die testament bepaal voorts dat die vruggebruik by die dood van die langslewende aan die oorlewende kinders sal oorgaan. Daar word voorsiening gemaak vir 'n "oorbemaking", naamlik dat indien geen kinders nie langslewende oorleef nie, die vruggebruik aan 'n trust sal oorgaan. Davis, Beneke en Jooste⁴¹⁵ argumenteer dat hierdie skema die langslewende sal toelaat om die vruggebruik, gehou deur die langslewende, oor die spesifieke tydperk te waardeer, naamlik die twee jaar. Die waarde van die vruggebruik sal gevolglik minder in die langslewende se boedel wees en minder boedelbelasting sal deur die langslewende betaalbaar wees.⁴¹⁶ Daar is geen waarborge dat die tweede skema gaan slaag nie, en dit word daarom nie aanbeveel nie.

Vruggebruik word egter nie slegs as boedelbeplanningsinstrument in erfopvolgingsgevalle gebruik nie. Volgens Davis, Beneke en Jooste⁴¹⁷ kan dit ook as boedelbeplanningsinstrument gebruik word om boedelbelasting van van die begin af uit te skakel. Indien die boedeleienaar 'n bate, wat in die volgende

413 Davis, Beneke en Jooste *The Use of Limited Interests in Estate Planning* par 12.3.

414 Davis, Beneke en Jooste *The Use of Limited Interests in Estate Planning* par 12.3.

415 *The Use of Limited Interests in Estate Planning* par 12.3.

416 Davis, Beneke en Jooste *The Use of Limited Interests in Estate Planning* par 12.3.

417 Davis, Beneke en Jooste *Retention of Usufruct and Sale of Dominium* par 12.5.

jaar baie in waarde gaan toeneem, in sy boedel het, en hy graag boedelbelasting wil vermy, kan die blote eiendomreg van die bate aan 'n trust verkoop word terwyl die boedeleienaar die vruggebruik voorhou. Indien 'n Hindoelvrou, byvoorbeeld, die eienares van 'n strandhuis is, wat die volgende jaar in waarde gaan toeneem, kan sy die blote eiendomsreg van die strandhuis teen markwaarde aan die trust verkoop. Die trust sal die bedrag van die markwaarde aan die Hindoelvrou skuld en sy sal gevolglik 'n leningsrekening in die trust hê. Sy kan die leningsrekening jaarliks met 'n belastingvrye skenking verminder.⁴¹⁸ Die Hindoelvrou kan voorts, om kapitaalwinsbelasting te vermy, in haar testament bepaal dat indien sy sterf voordat die uitstaande skuld gedelg word, 'n kontantbedrag gelykstaande aan die verskuldigde bedrag aan die trust bemaak word. Die Hindoelvrou kan die vruggebruik vir 'n tydperk van 15 jaar voorbehou.⁴¹⁹ Indien die Hindoelvrou vir hierdie 15 jaar tydperk bly leef, sal die strandhuis geen boedelbelasting in haar boedel meebring nie. Die volle eiendomsreg van die strandhuis sal in die familietrust vestig. Daar sal ook geen skenkingsbelastingaanspreeklikheid ontstaan nie, omdat die blote eiendomsreg teen markwaarde aan die trust verkoop is.⁴²⁰ Die leningsrekening sal voorts nul wees omdat die jaarlikse skenkingsbelastings aangewend is om die leningsrekening te delg.⁴²¹

Nie almal is dit egter eens dat die vruggebruik die aangewese figuur is om by boedelbeplanning aan te wend nie. Olivier en Van den Berg⁴²² verkies 'n trust bo vruggebruik, *fideicommissum* en jaargeld. Hulle lys die voordele van 'n trust wat bo bogenoemde regsfigure bied soos volg:

- ♦ Trustbates, wat in trustees vestig, vorm nie deel van 'n boedel nie en kan nie vir boedelbelastingdoeleindes in ag geneem word nie.

418 Die belastingvrye skenking is tans R100 000. Die Hindoelvrou sal dus jaarliks R100 000 aan die trust skenk totdat die uitstaande skuld gedelg is.

419 Davis, Beneke en Jooste *Retention of Usufruct and Sale of Dominium* par 12.5.

420 Davis, Beneke en Jooste *Retention of Usufruct and Sale of Dominium* par 12.5.

421 Davis, Beneke en Jooste *Retention of Usufruct and Sale of Dominium* par 12.5.

422 *Praktiese boedelbeplanning* 186.

- ♦ 'n Vorderingsreg op inkomste is 'n reg soortgelyk aan 'n vruggebruik waarvan die waarde op dieselfde wyse as 'n vruggebruik bereken word. Indien trustees egter met diskresionêre magte bekleed is, het die begunstigde geen vorderingsreg nie en sal daar geen boedelbelastingprobleem wees nie.
- ♦ Die probleme met die handelsverkeer rakende bates wat aan beperkte regte onderhewig is, word vermy deur aan die trustees wye magte te verleen om die trust te administreer.⁴²³

Gesien in die lig van bogenoemde kritiekpunte word aanbeveel dat 'n Hindoelvrou eerder van 'n trust as 'n vruggebruik gebruik maak. Die Hindoelvrou bespaar boedelbelasting deur van 'n trust gebruik te maak en die trustbates word ook op hierdie wyse teen die Hindoelvrou se skuldeisers beskerm.

4.6 Belasting

4.6.1 Boedelbelasting⁴²⁴

4.6.1.1 Algemeen

Alvorens boedelbelasting betaalbaar by 'n Hindoelvrou se boedel bespreek word, moet daar eers vasgestel word wat boedelbelasting is. Abrie, Graham en Liebenberg⁴²⁵ verduidelik boedelbelasting op die volgende wyse: wanneer iemand sterf is sy of haar boedel aan boedelbelasting onderhewig. Die boedelbelasting is betaalbaar op die deel van die netto boedel (bates min laste) wat R 3 500 000 te bowe gaan. Volgens Abrie, Graham en Liebenberg⁴²⁶ is die boedelbelastingkoers (tans 25 %) hoog en bring die boedelbelasting betaalbaar mee dat die boedel wesenlik verklein word. Die boedelbelasting betaalbaar bring

423 *Praktiese boedelbeplanning* 187.

424 Daar word op alle persone, wat na 1 April 1955 sterf, se bestorwe boedels belasting gehef. Hierdie belasting staan bekend as boedelbelasting. Sien a 2(1) en 3(1) van die *Boedelbelastingwet*.

425 *Trusts, Testamente en Belasting* 79.

426 *Trusts, Testamente en Belasting* 79.

voorts mee dat daar minder fondse, vir die versorging van erfgename en afhanklikes, beskikbaar is.⁴²⁷

4.6.1.2 Boedelbelasting by 'n Hindoelvrou se boedel

Dit het uit die bespreking hierbo geblyk⁴²⁸ dat die *Boedelbelastingwet* 'n "gade" ook beskryf as 'n persoon in 'n verbintenisse wat ingevolge van enige godsdiens as 'n huwelik erken word. 'n Hindoelvrou sal dus wel as 'n gade ingevolge die *Boedelbelastingwet* beskou word. Die vraag ontstaan wat die implikasies van bogenoemde vir boedelbeplanning vir die Hindoelvrou in die Suid-Afrikaanse konteks is. Hierdie vraag sal beantwoord word met verwysing na die bepalings van artikel 4(q) en artikel 4(m) van die *Boedelbelastingwet*.

Die feit dat die Hindoelvrou as 'n gade ingevolge die *Boedelbelastingwet* beskou word, stel 'n belangrike boedelbeplanningsinstrument tot die Hindoelvrou se beskikking, naamlik artikel 4(q) van die *Boedelbelastingwet*. Hierdie boedelbeplanningsinstrument sou andersins nie tot die Hindoelvrou se beskikking gewees het nie. Die Hindoelvrou kan artikel 4(q) aanwend om die boedelbelasting, wat by haar dood betaalbaar sou gewees het, te verminder. Ingevolge artikel 4(q) is die waarde van enige eiendom, wat by 'n boedel ingesluit is, en wat die langsewende gade toeval, van die oorledene se boedel by die berekening van boedelbelasting aftrekbaar. Die aftrekking sluit die volgende in: eiendom wat aan die langsewende bemaak is, vruggebruike, jaargelde, opbrengs van polisse op die oorledene se lewe, wat die langsewende toeval.⁴²⁹ Artikel 4(q) is 'n belangrike boedelbeplanningsinstrument en dit is aanbevelenswaardig dat 'n boedelbeplanner artikel 4(q) gebruik wanneer hy 'n Hindoelvrou se boedel beplan.⁴³⁰

427 Abrie, Graham en Liebenberg *Trusts, Testamente en Belasting* 79.

428 Sien par 2.5.3 hierbo.

429 Abrie *et al Bestorwe Boedels* 196.

430 Sien ook die bespreking van a 4(q) en 4(m) in par 4.5 hierbo.

Die boedelbeplanner kan voorts van beide artikel 4A korting en artikel 4(q) korting gebruik maak.⁴³¹ Artikel 4A van die *Boedelbelastingwet* stel R 3 500 000 se batewaarde van 'n bestorwe boedel se boedelbelasting vry.⁴³² 'n Hindoelvrou kan, byvoorbeeld, R 3 500 000 van haar boedel aan haar kinders bemaak en die restant van haar boedel aan haar gade. Die R 3 500 000 word ingevolge artikel 4A van boedelbelasting vrygestel en die restant word ingevolge artikel 4(q) van boedelbelasting vrygestel.

Indien 'n Hindoelvrou van artikel 4(q) en artikel 4A gebruik maak, kan die volgende voorbeeld ter illustrasie dien:

'n Hindoelvrou, A, wie se boedel R 4 000 000 werd is, bemaak haar boedel soos volg:

- ♦ 'n Legaat van R 2000 000 aan haar seun, B.
- ♦ Die restant van haar boedel aan die langsliewende gade, C.

Die boedelbelasting betaalbaar word soos volg bereken:

Waarde van die boedel	4 000 000
Min: Artikel 4(q) aftrekking ⁴³³	2 000 000
Netto boedel	2 000 000
Min Artikel 4A aftrekking	3 500 000
	Nul

Daar is geen boedelbelasting op hierdie boedel betaalbaar nie omdat die artikel 4A aftrekking die netto boedel oorskry.

⁴³¹ Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning* 9-4.

⁴³² Hierdie vrystelling is van toepassing op persone wat na 1 Maart 2007 sterf.

⁴³³ 4 000 000- 2000 000. Dit is die waarde van die boedel min die bedrag wat sy aan haar seun bemaak het.

Volgens Davis, Beneke en Jooste⁴³⁴ stel die testateur die boedelbelasting, betaalbaar op die boedel, uit wanneer hy sy boedel aan die langsewende gade bemaak. Hulle doen aan die hand dat artikel 4(q) met ander boedelbeplanningsinstrumente, soos die trust, gekombineer word. Die testateur moet bates, gelykstaande aan die waarde van artikel 4A korting, aan 'n trust bemaak met die langsewende as begunstigde.⁴³⁵ Die resant van die boedel word aan die langsewende bemaak. Die langsewende gade verminder die waarde van die bates in sy boedel deur van die R 100 000 skenkings per jaar gebruik te maak en die bates vir onderhoudsbehoefte aan te wend.

Dit is voorts belangrik om die bates wat baie groeipotensiaal het, aan die trust te bemaak.⁴³⁶ Sodoende groei die bates nie in die langsewende se hande vir boedelbelastingdoeleinde nie. 'n Hindoe-egpaar kan die konstruksie, soos voorgestel deur Davis, Beneke en Jooste oorweeg. Die Hindoeman kan, byvoorbeeld, R 3 500 000 aan 'n trust bemaak en die resant van sy boedel aan die Hindoewrou. Die Hindoewrou sal egter die bates tydens haar leeftyd moet skenk of spandeer om te verseker dat haar boedel nie daarop boedelbelasting betaal nie.

Daar kan voorts ook op die bepalings van Artikel 4(m) van die *Boedelbelastingwet* gelet word. Artikel 4(m) bepaal dat indien 'n oorledene se boedel 'n vruggebruik, of ander dergelike reg, insluit, die waarde daarvan van die oorledene se boedel vir doeleinde van boedelbelasting afgetrek kan word. Laasgenoemde is van toepassing mits die eiendom deel van die vooroorlede gade se boedel gevorm het en geen korting ten opsigte van die waarde van die reg kragtens artikel 4(q) van die boedel van die vooroorlede gade toelaatbaar was nie.⁴³⁷ 'n Hindoeman sal dus van artikel 4(m) gebruik kan maak indien die Hindoewrou 'n vruggebruik of ander dergelike reg in haar testament ten gunste van die Hindoeman geskep het en daar nie 'n aftrekking ingevolge artikel 4(q)

434 Davis, Beneke en Jooste *Bequests to the Surviving Spouse* par 9.5.2.

435 Davis, Beneke en Jooste *Bequests to the Surviving Spouse* par 9.5.2.

436 Davis, Beneke en Jooste *Bequests to the Surviving Spouse* par 9.5.2.

437 Abrie *et al Bestorwe Boedels* 194.

van die *Boedelbelastingwet* in haar bestorwe boedel was nie. Sodoende word die Hindoeman ook in sy eie boedelbeplanning bygestaan.⁴³⁸

Die *Boedelbelastingwet* stel self verdere kortings tot die Hindoelvrou se beskikking om die boedelbelasting, betaalbaar op haar boedel, te verminder. Die Hindoelvrou sal die volgende uitgawes van haar boedelbelasting kan aftrek:⁴³⁹

- ♦ Soveel van die begrafnis-, grafsteen- en sterfbedonkoste as wat die Kommissaris van Binnelandse Inkomste redelik en billik ag.⁴⁴⁰ Indien R 5000, byvoorbeeld, aangegaan is vir die begrafniskoste van die Hindoelvrou, en die Kommissaris van Binnelandse Inkomste ag dit billik, kan die Hindoelvrou se boedelbelasting met hierdie bedrag verminder word.
- ♦ Alle koste in verband met die bereddering wat deur die eksekuteur aangegaan is, insluitende advertensiekoste, eksekuteursvergoeding, Meestersgeld, koste aangegaan om bates te realiseer en koste aangegaan om bates na erfgename oor te dra;⁴⁴¹ Indien die totale nadoodse kostes R 40 0000 beloop, sal die Hindoelvrou se boedel met hierdie bedrag verminder.
- ♦ Die res van die aftrekkings sal van die betrokke Hindoelvrou se boedel asook die bemakings aan haar testament afhang. Dit is daarom belangrik dat daar sorg gedra word wanneer die Hindoelvrou besluit aan wie sy sekere erflatings wil nalaat.⁴⁴² Indien sy, byvoorbeeld, eiendom nalaat aan 'n inrigting wat 'n aktiwiteit beoefen wat met godsdienste, onderwys of liefdadigheid verband hou sal die waarde van hierdie bemaking as 'n

438 Sien Botha *Boedelbelastingwet*.

439 Sien Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 104-111 vir 'n bespreking van die aftrekkings by boedelbelasting asook Abrie *et al Boedels* 307-318 en Dawson *Estate planning Guide* 52-53.

440 A 4(a) van die *Boedelbelastingwet*. Sien ook Abrie *et al Bestorwe Boedels* 189 en Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning* 2-22(3).

441 A 4 (c) van die *Boedelbelastingwet*. Sien ook Abrie *et al Bestorwe Boedels* 190-191 en Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning* 2-22(3) tot 2-22(5).

442 Sien ook par 4.2 hierbo.

afrekkings toegelaat word.⁴⁴³ Indien 'n Hindoelvrou R 50 000 aan 'n openbare weldaadsorganisasie nalaat, sal haar boedelbelasting met R 50 000 verminder word.

'n Hindoelvrou kan ook moontlik die wenke van Kourie⁴⁴⁴ in ag neem wanneer sy die boedelbelasting, betaalbaar op haar boedel, wil verminder:⁴⁴⁵

- ♦ Sy kan tydens haar leeftyd al haar geld spandeer.
- ♦ Sy kan haar boedel "vries" deur snelgroeïende bates aan 'n trust, maatskappy of individu te verkoop.
- ♦ Sy kan van die jaarlikse skenking gebruik maak deur 'n bedrag aan, byvoorbeeld, 'n trust te skenk.⁴⁴⁶ Sy kan vir die 2007/2008 jaar van aanslag R100 000 belastingvry aan 'n trust skenk. Sodoende krimp haar boedel met R100 000 vir boedelbelastingdoeleindes. In die lig van die feit dat skenkings tussen gades belastingvry is, kan sy selfs kontant aan haar man skenk. Die probleem hiermee is dat die Hindoeman boedel dan groter gaan word vir boedelbelastingdoeleindes. Die beste metode is om die kontant aan 'n trust te skenk, veral gesien in die lig van die feit dat 'n trust nie kan sterf nie en dus nie vir boedelbelasting aanspreeklik gehou sal kan word nie.
- ♦ Die Hindoelvrou kan, deur 'n bemaking te repudieer, haar boedelbelasting verminder. Indien die Hindoelvrou, byvoorbeeld, 'n legaat van haar ma verkry, kan sy die erflating repudieer. Indien haar moeder vir 'n

443 A 4(h) van die *Boedelbelastingwet*. Sien ook Abrie *et al Bestorwe boedels* 193; Stein 1987 *Tax Planning* 21-23 en Davis, Beneke en Jooste *Estate planning* 2-22(5) tot 2-22(7).

444 1994 *Insurance and Tax* 35.

445 Vir verdere wenke en slaggate by boedelbelastingvermindering sien ook Coetzee 1994 *Vitae* 102-103.

446 Davey 1991 *Insurance and Tax* 3 ondersteun die skenkingsmetode as wyse waarop boedelbelasting verminder kan word. Die volgende moet in gedagte gehou word: Die skenking van R 100 000 is vir ewig verlore indien die Hindoelvrou nie in die 2007/2008 belastingjaar daarvan gebruik maak nie. Dit kan nie oorgedra word na die opeenvolgende belastingjaar nie. 'n Voordeel van die skenking is dat dit aan enige iemand gemaak kan word.

oorbemaking aan die Hindoelvrou se dogter voorsiening gemaak het, kan die legaat direk na die Hindoedogter gaan. Op hierdie wyse vorm die bate nooit deel van die Hindoelvrou se boedel vir boedelbelastingdoeleindes nie. Indien die Hindoelvrou in elk geval beplan het om die bate aan haar dogter te bemaak, gaan die bate op die volgende generasie oor sonder dat dit ooit deel van die Hindoelvrou se boedel vir boedelbelastingdoeleindes gevorm het.

Indien die Hindoelvrou minder eksekuteursvergoeding wil betaal, kan sy bepaal dat die opbrengs van die lewenspolisse direk aan die begunstigdes uitbetaal word. Die opbrengs van die lewenspolisse vorm dan nooit deel van die boedel nie. Die opbrengs van die lewenspolisse word ook dan geensins deur die eksekuteur hanteer nie en dit word daarom nie as deel van die bruto boedel geag wanneer die eksekuteursvergoeding bereken word nie. Die Hindoelvrou kan voorts 'n laer eksekuteursloon as die standaardkoers, 3,5 %, met die genomineerde eksekuteur beding om sodoende eksekuteursvergoeding te bespaar. Dit sal veral moontlik wees wanneer 'n familielid as eksekuteur benoem is, aangesien professionele boedelberedderaars minder geneig is om oor die eksekuteursvergoeding te onderhandel.

Die kapitaalwinsimplikasies van die insluiting van "gade" in die *Inkomstebelastingwet* by die dood van die Hindoelvrou gaan vervolgens in oënskou geneem word asook die boedelbelasting- en kapitaalwinsimplikasies van bykomende boedelbelastingkonstruksies.

4.6.2 Kapitaalwinsbelasting

4.6.2.1 Algemeen

Volgens Mhlongo⁴⁴⁷ word daar by die afsterwe van 'n persoon geag dat die persoon van sy bates afstand gedoen het.⁴⁴⁸ Hierdie "afstanddoening" lei tot

447 2002 *Insurance and Tax* 24.

448 Daar word ingevolge van paragraaf 40 van Bylae 8 geag dat die belastingbetaler van die bates op datum van sy dood afstand gedoen het.

kapitaalwinsaanspreeklikheid in die oorledene se boedel. Daar word geag dat die oorledene van sy oorblywende bates vir 'n bedrag, gelykstaande aan die bates se huidige markwaarde op die datum van dood, afstand gedoen het. Daar word voorts geag dat die bestorwe boedel die bates teen 'n koste gelykstaande aan die bates se markwaarde verkry het.⁴⁴⁹

Wanneer die bestorwe boedel later die “belasbare” bates aan die erfgename en legatarisse oordra, word daar geag dat daar van die bates vir opbrengs gelykstaande aan die bates se basiskoste afstand gedoen is.⁴⁵⁰

Indien die oorledene egter sy of haar bates aan die langslewende gade bemaak het, sal geen kapitaalwinsbelastingaanspreeklikheid in die oorledene se boedel ontstaan nie.⁴⁵¹ Laasgenoemde is weens paragraaf 68 van die Agste Skedule van die *Inkomstebelastingwet*, die sogenaamde “roll over” bepaling.⁴⁵² Die kapitaalwinsaanspreeklikheid word tot die afsterwe van die langslewende uitgestel. Die vraag ontstaan wat die kapitaalwinsimplikasies by die afsterwe van die Hindoevrou is, gesien in die lig dat sy ingevolge die *Inkomste*-⁴⁵³ en *Boedelbelastingwet*⁴⁵⁴ as 'n “gade” beskou word. Hierdie vraag gaan vervolgens ondersoek word.

4.6.2.2 Kapitaalwinsbelasting by die dood van die Hindoevrou

Volgens Davis, Beneke en Jooste⁴⁵⁵ hou bates wat aan die langslewende bemaak word, nie slegs boedelbelastingvoordele nie, maar ook kapitaalwinsvoordele in. Daar word geag dat daar nie van bates, wat aan die langslewende gade nagelaat is, afstand gedoen is nie. Hierdie is die sogenaamde “roll over” bepaling waar die langslewende die bate met die hele

449 Stein 2001 *Tax Planning* 71. Sien ook Wiechers en Vorster *Estates* 9-35 tot 9-38 en Gordon en Stephan 2003 *Insurance and Tax* 32-36.

450 Stein 2001 *Tax Planning* 72.

451 2002 *Insurance and Tax* 24.

452 Die sogenaamde “oorrolbepaling.” Daar word in die bespreking in par 4.6.2.2 hieronder meer in diepte op die “roll over” bepaling ingegaan.

453 Sien par 2.5.5 hierbo.

454 Sien par 2.5.3 hierbo.

455 Davis, Beneke en Jooste *Bequests to the Surviving Spouse* par 9.5.2.

kapitaalwinsbelastinggeskiedenis oorneem. Die uiteindelijke kapitaalwinsaanspreeklikheid word na die langsewende gade oorgedra. Die kapitaalwinsaanspreeklikheid sal by die afstanddoening of geagte afstanddoening van die bate deur die langsewende ontstaan. Indien 'n Hindoelvrou 'n bate met 'n waarde van R 5 000 aan die Hindoeman nalaat, word haar boedelbelasting, eerstens, met R 5 000 verminder en, tweedens, betaal haar bestorwe boedel geen kapitaalwinsbelasting op die R 5 000 nie.

Davis, Beneke en Jooste⁴⁵⁶ doen voorts aan die hand dat kontant aan die trust bemaak word en dat die ander bates aan die langsewende gade bemaak word. Die rede vir laasgenoemde is dat kontant nie as 'n bate vir kapitaalwinsbelastingdoeleindes beskou word nie. Indien R 3 500 000 aan 'n diskresionêre trust nagelaat word, word daar van die artikel 4A korting gebruik gemaak. Die "roll over" bepaling geld ten opsigte van die bates wat aan die langsewende gade nagelaat word en geen kapitaalwinsbelasting is gevolglik betaalbaar nie.⁴⁵⁷ Indien 'n Hindoelvrou, byvoorbeeld, R 3 500 000 aan 'n trust nalaat en die restant van haar boedel aan haar man, sal geen boedelbelasting weens die korting in artikel 4A op die R 3 500 000 betaalbaar wees nie. Daar sal voorts geen kapitaalwinsbelasting op die R 3 500 000 betaalbaar wees nie omdat die bedrag in kontant aan die trust bemaak is. Daar sal geen boedelbelasting⁴⁵⁸ of kapitaalwinsbelasting⁴⁵⁹ op die restant, wat sy aan haar man bemaak het, betaalbaar wees nie

Davis, Beneke en Jooste⁴⁶⁰ doen, in die alternatief, aan die hand dat die testateur die bates aan beide sy gade en 'n openbare weldaadsorganisasie bemaak. Ingevolge artikel 4(h) word 'n aftrekking ten opsigte van boedelbelasting toegelaat indien eiendom aan 'n openbare weldaadsorganisasie nagelaat word. Hulle doen voorts aan die hand dat kontant aan die langsewende gade bemaak word en dat bates, met 'n groeipotensiaal, aan die

456 Davis, Beneke en Jooste *Bequests to the Surviving Spouse* par 9.5.2.

457 Davis, Beneke en Jooste *Bequests to the Surviving Spouse* par 9.5.2.

458 Dit is weens die werking van a 4(q).

459 Dit is weens die werking van paragraaf 68, die "roll over" bepaling.

460 Davis, Beneke en Jooste *Bequests to the Surviving Spouse* par 9.5.2.

openbare weldaadsorganisasie nagelaat word.⁴⁶¹ Die langsewende gade kan dan aandeel met die kontant in die openbare weldaadsorganisasie koop en sodoende sy of haar eie basiskoste vestig en nie met die (laer) “rolled-over” basiskoste van die oorledene opgesaam word nie.⁴⁶² Op hierdie wyse sal die langsewende minder kapitaalwinsbelasting betaal indien hy of sy die aandeel sou verkoop.

’n Hindoelvrou kan bogenoemde konstruksie navolg. Indien sy, byvoorbeeld, R 50 000 aan ’n openbare weldaadsorganisasie bemaak, sal haar boedelbelasting met hierdie bedrag verminder word. Die Hindoelvrou kan van artikel 4(q), tesame met artikel 4(h), gebruik maak, en sodoende geen boedelbelasting betaal nie. Indien die boedelbeplanner ook die Hindoeman se boedel beplan, kan die konstruksie van Davis, Beneke en Jooste nagevolg word. Laasgenoemde konstruksie sal meebring dat die Hindoeman minder kapitaalwins op die bate betaal indien hy die bate sou vervreem. Die boedelbeplanner staan op hierdie wyse, nie slegs die Hindoelvrou nie, maar ook die Hindoeman met sy boedelbeplanning by.

Indien ’n eerssterwende bates aan trust bemaak, waarvan die langsewende ’n gevestigde inkomste het, sal die boedelbelasting van die eerssterwende ingevolge artikel 4(q) verminder word.⁴⁶³ Laasgenoemde sal egter nie in die geval van ’n diskresionêre trust aanwending vind nie omdat die begunstigde in ’n diskresionêre trust nie ’n gevestigde reg het nie. Davis, Beneke en Jooste⁴⁶⁴ argumenteer dat daar in die geval van ’n vestigingstrust geen “roll-over” verligting vir kapitaalwinsdoeleindes sal wees nie omdat die bates nie direk aan die gade nie,⁴⁶⁵ maar aan die trust nagelaat word.

461 Davis, Beneke en *Bequests to the Surviving Spouse* par 9.5.2.

462 Davis, Beneke en Jooste *Bequests to the Surviving Spouse* par 9.5.2.

463 Davis, Beneke en Jooste *Bequests to the Surviving Spouse* par 9.5.2.

464 Davis, Beneke en Jooste *Bequests to the Surviving Spouse* par 9.5.2.

465 Soos vereis deur par 67 van die Agste Bylae van die *Inkomstebelastingwet* (die “roll-over” bepaling).

Die Hindoe-egpaar kan oorweeg of hulle 'n trust met artikel 4(q) wil kombineer. Indien die bates in 'n diskresionêre trust nagelaat word, word die trustbates teen insolvensie beskerm, maar die artikel 4(q) korting is dan moontlik nie tot die bestorwe boedel van die eerssterwende gade se beskikking nie. Indien die bates aan die vestigingstrust bemaak word, sal artikel 4(q) moontlik wel tot die bestorwe boedel van die eerssterwende gade se beskikking wees, maar die bates sal aan eise deur skuldeisers van die langsewende se insolvente boedel blootgestel wees. Die Hindoe-egpaar sal die risiko's moet oorweeg en 'n ingeligte besluit neem. Die feit dat die "roll over" verligting moontlik nie tot die eerssterwende se boedel se beskikking gaan wees indien die bates aan 'n trust nagelaat word nie, is 'n verdere oorweging wat in ag geneem moet word. Die talle voordele verbonde aan 'n trust⁴⁶⁶ sal opgeweeg moet word teen die kapitaalwinsbesparingsmoontlikhede.

4.7 Boedelsamesmelting

Volgens Kilbourn⁴⁶⁷ vind boedelsamesmelting plaas wanneer twee (of meer) persone, in 'n gesamentlike testament, hulle boedels saamvoeg of "saamsmelt" en oor die saamgevoegde massa by die dood van die eerssterwende, onderworpe aan 'n beperkte reg ten gunste van die langsewende, beskik.

'n Hindoevrou sal boedelsamesmelting oorweeg waar die Hindoe-egpaar, byvoorbeeld, die geregistreerde mede-eienaars van 'n huis is. Dit sal onprakties wees om die eiendom by die dood van die eerssterwende te verdeel. Slegs die helfte van die huis sal deel van die eerssterwende se bestorwe boedel vorm. Dit is onmoontlik om 'n huis in twee te deel en boedelsamesmelting kan in so geval aangewend word.⁴⁶⁸

Die testamentopsteller moet die klousule by boedelsamesmelting versigtig bewoord. Daar was al in die verlede twyfel of die testateure inderdaad bedoel

466 Sien par 3.4 en par 4.3 hierbo.

467 1996 *Property Law Digest* 8.

468 Rogerson 1985 *Vitae* 177.

het om hulle boedel saam te smelt.⁴⁶⁹ Volgens Davis, Beneke en Jooste⁴⁷⁰ is een van die voordele van hierdie boedelbeplanningstegniek die feit dat dit baie plooibaar is. Alhoewel boedelsamesmelting alreeds ingevolge die gesamentlike testament geskied het, kan die oorlewende erflater sy of haar besluit by die dood van eerssterwende testateur heroorweeg. Hulle lys die voordele van boedelsamesmelting soos volg:

- Die tegniek het geen invloed op die boedel van die eerssterwende nie, en die boedelsamesmelting vind na sy dood plaas.⁴⁷¹
- Die implementeringskoste van boedelsamesmelting, as instrument by boedelbeplanning, is minimaal aangesien dit slegs die opstelkoste van die testament bedra.⁴⁷²

Daar is egter ook groot risiko's aan boedelsamesmelting verbonde.⁴⁷³ Volgens Cloete⁴⁷⁴ mag skenkingsbelastingkomplikasies in sommige gevalle ontstaan indien die langsewende die bepalinge van die gemeenskaplike testament adieer. Dit sal die geval wees waar die bates, wat die langsewende tot die saamgesmelte boedel bydra het, die waarde van enige voordeel, wat die langsewende in ruil vir sy bates⁴⁷⁵ ontvang het, oorskry. Artikel 58 van die *Inkomstebelastingwet* vind in hierdie geval toepassing.⁴⁷⁶ Artikel 58 bepaal dat waar eiendom teen 'n vergoeding beskik is wat volgens die Kommissaris van Binnelandse Inkomste se oordeel onvoldoende vergoeding is, dit geag word 'n skenking⁴⁷⁷ te wees. Die waarde van die geagte skenking sal gelykstaande wees aan die verskil van die waarde van die voordeel wat die langsewende

469 *Rhode v Stubbs* 2005 5 SA 104 (HHA). Sien ook Barker *Drafting* 42.

470 *Estate Planning* 12-10(3).

471 Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning* 12-10(3).

472 Abrie, Van Dyk en Venter *Boedels* 88. Lourens *Boedelsamesmelting* 44.

473 Sien Lourens 2000 *THRHR* 417-441; Urquhart *SA Company Law Journal* 83 en Derksen *Moderne Besigheidsreg* 1-5.

474 2006 *Insurance and Tax* 12.

475 Van die saamgesmelte boedel.

476 Sien Wiechers en Vorster *Estates* 6-9 tot 6-11 en die uitspraak van die Inkomstebelastinghof in 46 SATC 1387.

477 Die begrip "skenking" word in a 55 omskryf as 'n "gratis oormaking van eiendom" of "gratis afstanddoening van 'n reg".

gade ontvang en die waarde van die voordeel wat hy of sy “bydra” om die boedelsamesmelting te bewerkstellig.⁴⁷⁸ Indien die Hindoelvrou en haar man dus ‘n gesamentlike testament verly en laasgenoemde is arm, onderwyl eersgenoemde welaf is en laasgenoemde sterf eerste, sal skenkingsbelasting betaalbaar wees.

Die Hindoe-egpaar moet die skenkingsbelastingimplikasies versigtig oorweeg alvorens hulle onderskeie boedels saamsmelt. Indien ‘n Hindoelvrou, byvoorbeeld,⁴⁷⁹ die boedelsamesmelting in ‘n gemeenskaplike testament aanvaar en sy R 3 750 000 (haar bates) tot die gemeenskaplike boedel bydra, in ruil vir ‘n vruggebruik oor die bates wat R 3 339 717 beloop,⁴⁸⁰ sal die waarde van haar skenking soos volg bereken word:

$$3\,750\,000 - 3\,339\,717 = 410\,283$$

‘n Persoon mag tans R 100 000 belastingvry skenk. Die skenkingsbelasting sal soos volg bereken word:

$$R\,410\,283 - R\,100\,000$$

$$= 310\,283$$

x 20 % (skenkingsbelastingskoers)

$$= R\,620\,56.60 \text{ (skenkingsbelasting betaalbaar deur die Hindoelvrou as skenker)}$$

‘n Verdere nadeel van boedelsamesmelting is dat die testateur en testatriese by die opstel van die testament nie weet wie die eerssterwende en wie die langsliewende gaan wees nie.⁴⁸¹ Daar word, byvoorbeeld, op die feit, dat die welaf persoon eerste sal sterf, staatgemaak en dat daar in so ‘n geval geen

478 Cloete 2006 *Insurance and Tax* 12.

479 Die voorbeeld is gebaseer op Cloete 2006 *Insurance and Tax* 13.

480 Die waarde van die vruggebruik word vir doeleindes van hierdie feittestel aangeneem. Die waarde van die vruggebruik word normaalweg volgens die tabelle in die *Boedelbelastingwet* bereken.

481 Kilbourn 1996 *Property Law Digest* 10.

skenkingsbelasting betaalbaar sal wees nie. Indien die “verkeerde” persoon, naamlik die “arm” persoon, dan eerste sterf, loop die hele boedelplan skeef.

Dit moet verder ook nie uit die oog verloor word nie dat adiasie oordrag vir kapitaalwinsbelastingdoeleindes teweeg kan bring indien die eiendom aan ‘n persoon, wat aan die oorlewende verwant is, oorgedra is.⁴⁸² Indien ‘n Hindoelvrou dus die boedelsamesmelting adieer, sal die Hindoeman se bestorwe boedel kapitaalwinsbelasting moet betaal. Die boedelbeplanner sal daarom die kapitaalwinsimplikasies van boedelsamesmelting aan die Hindoe-egpaar moet verduidelik alvorens daar op boedelsamesmelting besluit word.

Boedelsamesmelting hou ook hereregte implikasies in indien onroerende eiendom, wat aan die langsewende behoort het, tot die saamgesmelte boedel gevoeg word.⁴⁸³ Die erfgename sal vir hereregte op die waarde van die onroerende eiendom, “bemaak” deur die langsewende, aanspreeklik wees. Die eiendom wat die erfgename van die eerssterwende erf, word van hereregte, ingevolge artikel 9(1)(e) van die *Hereregtewet* vrygestel.⁴⁸⁴ Die boedelbeplanner sal daarom die hereregteimplikasies aan die Hindoe-egpaar en erfgename moet verduidelik.

Boedelsamesmelting hou voorts nadelige boedelbelastingimplikasies in. Die waarde van die eerssterwende se boedelbates sal nie weens die boedelsamesmelting vir boedelbelastingdoeleindes vermeerder, word nie, maar die artikel 4(q)-aftreking sal nadelig geaffekteer word. Ingevolge artikel 4(q) word die aftrekking met die waarde van enige bedrag, wat die gemeenskaplike testament van die langsewende gade vereis om aan enige persoon of trust afstand te doen verminder.⁴⁸⁵ Indien die Hindoeman, byvoorbeeld, R 5 000 aan die aan die trust moet betaal, sal die artikel 4(q) korting in die Hindoelvrou se boedel met R 5 000 verminder word.

482 Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning* 12-12.

483 Kilbourn 1996 *Property Law Digest* 11.

484 Kilbourn 1996 *Property Law Digest* 12.

485 Cloete 2006 *Insurance and Tax* 14.

'n Verdere nadeel van boedelsamesmelting is dat die langslewende, wat adieer, die volle beheer oor sy of haar bydrae tot die saamgesmelte boedel verloor.⁴⁸⁶ Hy of sy verkry 'n beperkte reg as "teenprestasie" en dit het dikwels 'n onvoorsienbare beperkende uitwerking op die langslewende se handelsvryheid.⁴⁸⁷

Gesien in die lig van die nadele, soos hierbo uiteengesit, word daar gevolglik nie aanbeveel dat die Hindoe-egpaar van boedelsamesmelting gebruik maak nie en, in die alternatief, dat hulle slegs hulle boedels saamsmelt ten opsigte van die bates waarvan hulle mede-eienaars is en wat onverdeelbaar is. Daar mag omstandighede wees waar die bedrag, wat as geskenkebelasting betaal moet word, nie so groot is nie en die Hindoe-egpaar kan besluit dat dit die moeite werd is om die geskenkebelasting te betaal ten einde 'n sinvolle beskikking oor die onverdeelbare eiendom te maak.⁴⁸⁸

4.8 Fideicommissum

Alhoewel 'n Hindoevrou moontlik van 'n *fideicommissum* gebruik kan maak, word dit nie aanbeveel nie. 'n *Fideicommissum* kan omskryf word as 'n regsfiguur ingevolge waarvan 'n persoon⁴⁸⁹ 'n sekere bevoordeling aan 'n bepaalde begunstigde⁴⁹⁰ laat toekom onderhewig aan die bepaling dat die betrokke bevoordeling na die verstryking van 'n sekere termyn of by die vervulling van 'n bepaalde voorwaarde aan 'n verdere begunstigde⁴⁹¹ oorgedra moet word.⁴⁹²

486 Lourens *Boedelsamesmelting* 42.

487 Abrie, Van Dyk en Venter *Boedels* 84.

488 Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 155.

489 Die *fideicommittens*.

490 Die *fiduciarius*.

491 Die *fideicommissarius*.

492 De Waal en Schoeman-Malan *Inleiding* 139; Corbett, Hofmeyr and Kahn *Succession* 260-263. Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning* 2-7 tot 2-8(1), *Estate Watkins-Pitchford v CIR* 1955 2 SA 447. Abrie, Graham en Liebenberg *Trusts, Testamente en Belasting* 27 beskryf 'n *fideicommissum* soos volg: "wanneer iemand 'n bate uit 'n boedel erf onderworpe daaraan dat dit na sy of haar afsterwe of na die verloop van 'n sekere tyd weer op 'n volgende persoon moet oorgaan, is daar van 'n *fideicommissum* sprake." 'n Erlater kan, byvoorbeeld, sy plaas aan sy oudste sun bemaak op voorwaarde dat dit na sy seun se dood na laasgenoemde se oudste kind oorgedra moet word.

*The Taxpayer*⁴⁹³ van Maart 1992 raai 'n bemaking onderworpe aan 'n *fideicommissum*⁴⁹⁴ af indien die *fideicommissarius* 'n minderjarige of ongebore persoon is en die langsewende gade die *fiduciarius* is. Artikel 44(1) van die *Boedelwet*⁴⁹⁵ bepaal dat indien die likwidasie-en distribusierekening aantoon dat 'n minderjarige of ongebore persoon op enige onroerende eiendom, onderworpe aan 'n *fideicommissum* of vruggebruik of enige belang ten gunste van 'n ander persoon, geregtig sal wees, die eksekuteur verplig sal wees om geld in die hande van die Meester van die Hooggeregshof as sekuriteit oor te betaal. In die geval van roerende eiendom, byvoorbeeld beeste, moet die eksekuteur daarmee handel soos die Meester beveel. Die geld of roerende eiendom mag nie, tensy die Meester anders beveel, aan die persoon wat op die beperkte belang geregtig is gelewer word nie, tensy laasgenoemde sekuriteit vir die roerende saak of geld verskaf nie. Indien die *fiduciarius* versuim om sekuriteit te verskaf moet hy berusting vind in die feit dat slegs die rente, op die bedrag wat in die Voogdyfonds inbetaal is, aan hom betaal sal word. *The Taxpayer* beveel aan dat die testateur eerder van die trustkonstruksie gebruik maak.⁴⁹⁶

Gesien in die lig van die nadele, soos hierbo bespreek, word die gebruikmaking van 'n *fideicommissum*, by die boedelbeplanning vir 'n Hindoelvrou, nie aanbeveel nie, tensy dit met oorweging van boedelbelastingbesparingdoeleindes noodsaaklik is. Volgens Abrie, Graham en Liebenberg⁴⁹⁷ is 'n *fideicommissum* nie baie bruikbaar vir boedelbeplanning nie, omdat dit meer nadele as voordele het. Indien 'n Hindoelvrou minderjarige kinders het, is dit raadsaam dat sy eerder van 'n *mortis causa* trust gebruik maak.⁴⁹⁸

493 Op 55.

494 Sien Rogerson 1985 *Vitae* 178.

495 66 van 1965.

496 Meyerowitz 1992 *The Taxpayer* 55.

497 *Trusts, Testamente en Belasting* 27.

498 Sien par 4.4 hierbo.

4.9 Gevolgtrekking

Testamentêre boedelbeplanningsmeganismes speel deurgaans 'n belangrike rol in die boedelbeplanningsproses. Dit is gewoonlik by die boedeleienaar se dood wat die boedelplan belangrik word.⁴⁹⁹ Dit het uit die bespreking hierbo geblyk dat die testament 'n onontbeerlike rol in die boedelbeplanningsproses speel.⁵⁰⁰ Die moontlikhede, wat die *mortis causa* trust bied, is ondersoek en daar is tot die gevolgtrekking gekom dat dit 'n baie handige boedelbeplanningsinstrument in die Hindoelvrou se boedelplan kan wees.⁵⁰¹ Die Hindoelvrou sal slegs lewensversekering uitneem indien daar 'n kontanttekort in haar boedel is of indien sy 'n kontantlegaat aan 'n legataris wil bemaak, maar nie graag bates wil verkoop nie.⁵⁰² Gesien in die lig van die feit dat 'n Hindoelvrou wel as 'n "gade" ingevolge die *Inkomste- en Boedelbelastingwette* beskou word, word boedelbeplanningsinstrumente, naamlik artikel 4(q) en 4(m)⁵⁰³ wat andersins nie tot haar beskikking sou gewees het, nie tot haar beskikking gestel. Die feit dat 'n Hindoelvrou as "gade" beskou word, bring ook kapitaalwinsverligting mee.⁵⁰⁴ Daar word nie aanbeveel dat die Hindoelvrou van boedelsamesmelting⁵⁰⁵ of *fideicommissum*⁵⁰⁶ in haar boedelplan gebruik maak nie.

Wanneer die *mortis causa* boedelbeplanningsmeganismes in plek is, sal dit die boedelbeplanner van die Hindoelvrou se boedel loon om die boedelplan te toets deur 'n "skynbereddering." Hy of sy kan, deur dit te doen, bepaal of die boedelberedderingsproses sonder haakplekke in die toekoms sal verloop. Daar kan bepaal word of daar voldoende fondse in die boedel ter delging van die boedellaste is en of die erfopvolging seepglad sal verloop. 'n Gereelde hersiening van die finansiële posisie van die Hindoelvrou sal noodsaaklik wees.

499 Meyerowitz 1965 *The Taxpayer* 23.

500 Sien par 4.2 hierbo.

501 Sien par 4.3 hierbo.

502 Sien par 4.4 hierbo.

503 Sien paras 4.5 en 4.6 hierbo.

504 Sien par 4.6.2 hierbo.

505 Sien par 4.7 hierbo.

506 Sien par 4.8 hierbo.

In die geval van boedelbeplanning vir 'n Hindoelvrou, sal die beplanner voorts moet bepaal of die Hindoelvrou haar boedel ingevolge die Suid-Afrikaanse of Hindoereg wil laat vererf en die testamentêre beplanning dienoooreenkomstig aanpas.

Dit is ten slotte belangrik dat 'n Hindoelvrou testamentêre meganismes, soos byvoorbeeld die testament, op 'n gereelde basis sal laat hersien sodat dit aangepas kan word met inagneming van veranderings in haar omstandighede en die reg.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

Wanneer 'n boedelbeplanner deur 'n Hindoelvrou vir die beplanning van haar boedel genader word, is dit belangrik dat hy die volgende aspekte in gedagte moet hou:

- ♦ Die Hindoelvrou se huwelik word nie in die Suid-Afrikaanse reg erken nie (*Logee-gewysde*); en
- ♦ Die Hindoelvrou kan nie volgens die Suid-Afrikaanse reg skei nie (*Singh-gewysde*).

Die implikasies van bogenoemde is die volgende:⁵⁰⁷

- ♦ Daar is geen onderhoudsverpligting op die Hindoeman om die Hindoelvrou te onderhou⁵⁰⁸ of om tot die aankoop van die huishoudelike benodighede by te dra nie.⁵⁰⁹
- ♦ Die Hindoelvrou is remedieloos indien die Hindoeman, tot nadeel van haar en hulle kinders se onderhoud, sy boedel verkwis.⁵¹⁰
- ♦ Indien die eiendom slegs in die Hindoeman se naam geregistreer is, kan die Hindoelvrou nie daarop aanspraak maak nie.⁵¹¹
- ♦ Die Hindoelvrou deel nie outomaties in die groei van haar man se boedel tydens die huwelik nie.⁵¹²
- ♦ Die Hindoelvrou kan nie vir die verbeuring van huweliksvoordele eis of dat artikel 7(4) van die *Wet op Egskeiding* moet toepassing vind nie.⁵¹³

507 Sien hoofstuk 2 hierbo.

508 Sien par 2.2.2 hierbo.

509 Sien par 2.2.3 hierbo.

510 Sien par 2.2.4 hierbo.

511 Sien par 2.2.5 hierbo.

512 Sien par 2.3.2 hierbo.

- ♦ Die Hindoevrou sal waarskynlik na die partye se huwelik weens “skeiding” ontbind voltyds moet bly werk, omdat die hof nie ‘n onderhoudsbevel ten gunste van haar sal maak nie.⁵¹⁴
- ♦ ‘n Hindoevrou sal nie van haar man erf indien sy nie by name in sy testament benoem word nie.⁵¹⁵
- ♦ Indien die Hindoeman sterf, mag daar onvoldoende fondse in sy boedel wees om vir sy meerdere vroue en kinders se onderhoud voorsiening te maak.⁵¹⁶
- ♦ Die Hindoevrou sal moontlik nie ingevolge die *Onderhoudswet*⁵¹⁷ of die *Wet op Intestate Erfopvolging*⁵¹⁸ as ‘n “gade” beskou word nie.
- ♦ ‘n Hindoevrou kan nie ‘n eis vir verlies aan onderhoud instel indien haar man onregmatiglik gedood word nie.⁵¹⁹
- ♦ Daar bestaan ‘n moontlikheid dat ‘n Hindoeweduwee nie as ‘n afhanklike van haar man se pensioenfonds beskou sal word nie.⁵²⁰
- ♦ Indien die Hindoe-egpaar ‘n ooreenkoms sluit ingevolge waarvan hulle mekaar oor en weer as erfgename aanwys, sal dit neerkom op ‘n ongeldige *pactum successorium*.⁵²¹
- ♦ Artikel 3(3)(a)(i) korting van die *Boedelbelastingwet* is nie tot die Hindoe-egpaar se beskikking nie.⁵²²

513 Sien paras 2.3.3 en 2.3.4 hierbo.

514 Sien par 2.3.5 hierbo.

515 Sien par 2.4.2 hierbo.

516 Sien par 2.4.2 hierbo.

517 Sien par 2.4.3 hierbo.

518 Sien par 2.4.4 hierbo.

519 Sien par 2.4.5 hierbo.

520 Sien par 2.4.6 hierbo.

521 Sien par 2.4.7 hierbo.

522 Sien par 2.4.8 hierbo.

Daar is egter sekere wetgewing in terme waarvan 'n Hindoelvrou wel as 'n gade beskou word. Die feit dat 'n Hindoelvrou in sommige gevalle as 'n "gade" beskou word, kan voordelig of nadelig wees. Dit is nadelig in die geval van die *Insolvensiewet* waar die Hindoelvrou 'n risiko loop om haar bates te verloor.⁵²³ Dit is voordelig in die geval van die *Boedelbelastingwet* omdat die meganisme van artikel 4(q) tot die Hindoelvrou se beskikking gestel word.⁵²⁴ Die *Ongevallewet* laat ruimte vir die moontlikheid vir 'n Hindoelvrou om as 'n "gade" te kwalifiseer.⁵²⁵ Die boedelbeplanner sal egter nie daarop kan staatmaak dat die Hindoelvrou verseker as 'n gade beskou gaan word nie en die boedelplan moet op so 'n wyse opgestel word om vir die geval waar die Hindoelvrou nie as 'n "gade" ingevolge die *Ongevallewet* beskou word nie voorsiening te maak.

Die feit dat 'n Hindoelvrou as 'n "gade" ingevolge die *Inkomstebelastingwet* beskou word hou voor- en nadele in.⁵²⁶ Die voordeel is dat die Hindoe-egpaar kapitaalwinstvrystellings kan geniet.⁵²⁷ Die nadeel is dat die belastingonduikingbepalings op die Hindoe-egpaar van toepassing is. Indien 'n Hindoelvrou eiendom aan haar "man" nalaat, sal haar bestorwe boedel ingevolge die *Wet op Hereregte* geen hereregte op die oordrag van die eiendom betaal nie.⁵²⁸

Die boedelbeplanner moet voorts die eiesoortigheid van die boedelbeplanning vir 'n Hindoelvrou in ag neem.⁵²⁹

- ♦ Die Hindoelvrou mag moontlik 'n party in 'n poligame verbintenis wees.
- ♦ 'n Tradisionele Hindoelvrou se boedel kan uit 'n *stridhan* en 'n beperkte vrou se boedel bestaan.

523 Sien par 2.5.2 hierbo.

524 Sien paras 2.5.3 en 4.6.1 hierbo.

525 Sien par 2.5.4 hierbo.

526 Sien par 2.5.5 hierbo.

527 Sien paras 2.5.5 en 4.6.2 hierbo.

528 Sien par 2.5.6 hierbo.

529 Sien hoofstuk 1 hierbo.

- ♦ Die Hindoelvrou mag verkies dat haar boedel by haar afsterwe ingevolge die Hindoereg verdeel.

Die boedelbeplanner kan van *inter vivos* en *mortis causa* instrumente gebruik maak om die tekortkominge in die Hindoelvrou se “huwelik” aan te spreek.

Die Hindoelvrou kan, in die geval van *inter vivos* boedelbeplanningsmeganismes van beleggingsbeplanning⁵³⁰ gebruik maak. Sy behoort ‘n belegging te kies wat veilig is, maar terselfdertyd die maksimum rente oplewer. Die Hindoe-egpaar kan voor huweliksluiting ooreenkom dat die Hindoeman maandeliks ‘n bedrag geld wat aangepas sal word met inagneming van inflasie, in die Hindoelvrou se bankrekening sal inbetaal vir onderhoud en die aankoop van huishoudelike benodighede. Die Hindoeman kan voorts ‘n belegging maak om vir die Hindoelvrou en –kinders se onderhoudsbehoefte by die ontbinding van die huwelik weens “skeiding” voorsiening te maak.

Die Hindoelvrou kan tweedens versekering⁵³¹ uitneem. Sy sal vooraf moet bepaal wat haar maandelikse behoeftes is ten einde haar versekeringsbehoefte te bepaal. Indien haar en haar kinders se uitgawes, byvoorbeeld R36576,86 per maand is, sal sy voorsiening moet maak dat hierdie bedrag maandeliks aan haar uitbetaal word indien sy ongeskik raak om te werk. Versekering kan op talle wyses by boedelbeplanning vir die Hindoelvrou aangewend word:

- ♦ Sy kan lewensversekering aanwend om boedelaste by haar dood te betaal.
- ♦ Sy kan “endowment insurance” uitneem om vir haar aftrede voorsiening te maak.
- ♦ Sy kan belê in ‘n uittredingsannuïteitfonds om ‘n inkomste vir solank sy lewe te hê. Dit sal veral nuttig aangewend word indien sy vrees dat daar

530 Sien par 3.2 hierbo.

531 Sien par 3.3 hierbo.

onvoldoende fondse in haar man se boedel sal wees om na sy dood vir haar voorsiening te maak.

Die Hindoelvrou kan mediese- en hospitaalversekering vir haar en haar gesin uitneem waar haar man se mediese fonds haar nie dek nie omdat sy nie as 'n "gade" beskou word nie.

Die Hindoelvrou kan, derdens, 'n *inter vivos* trust⁵³² oprig. In die geval van 'n poligame huwelik kan die Hindoeman meerdere trusts vir elke vrou en haar kinders laat oprig. Die Hindoelvrou kan 'n diskresionêre trust vir haar gesin in die geval van 'n monogame huwelik oprig. Sy en haar man kan die trustees en hulle kinders die kapitaalbegunstigdes wees. Sy sal sodoende verseker dat die bates in die trust teen die werking van artikel 21(1) van die *Insolvensiewet* beskerm word. Die bates in die trust sal ook teen haar en haar man se insolvensie beskerm word. Die bates in die trust sal voorts teen die Hindoeman se spandabelrigheid beskerm word. Die Hindoe-egpaar kan in die trustakte voorsiening maak dat indien die partye se huwelik ooit weens "skeiding" verbrokkel, die trust aangewend sal word om die Hindoelvrou en hulle afhanklike kinders te onderhou. Indien die Hindoelvrou en die kinders die kapitaalbegunstigdes van die trust is, sal die trust versorgingsmaatreëls by die Hindoeman se afsterwe in plek gestel.

Dit is noodsaaklik dat belastingbeplanning⁵³³ nie oor die hoof gesien word nie. Die boedelbeplanner sal die implikasies van die feit dat 'n Hindoelvrou as 'n "gade" ingevolge die *Inkomstebelastingwet* in ag moet neem.⁵³⁴ Die boedelbeplanner sal op die belastingonduikingbepalings moet let en sorg dra dat die boedelplan nie weens belastingonduiking tersyde gestel word nie. Die boedelbeplanner behoort van 'n boedelbeplanningskonstruksie gebruik te maak wat die kapitaalwinsvoordele wat tot 'n Hindoelvrou se beskikking is, tot die maksimum benut.

532 Sien par 3.4 hierbo.

533 Sien par 3.5 hierbo.

534 Sien par 3.6.2 hierbo.

'n Hindoe-egpaar kan 'n ooreenkoms sluit waarin beskerming teen mekaar en derdes bewerkstellig word.⁵³⁵ Hulle kan die gevolge, regte en verpligtinge wat hulle op hulle huwelik van toepassing wil maak kontraktueel reël. Hierdie boedelbeplanningsinstrument kan ook in kombinasie met ander boedelbeplanningsinstrumente, byvoorbeeld versekering, gebruik word. Dit is aanbevelenswaardig dat die ooreenkoms op so 'n wyse opgestel word dat daar vir soveel as moontlik gebeurlikhede voorsiening gemaak word. Die kontrak mag egter geensins 'n bepaling wat onmoontlik, onwettig of immoreel is bevat nie.

Daar word, weens die nadele verbonde aan 'n vennootskap, nie aanbeveel dat 'n Hindoelvrou 'n universele vennootskap met haar "man" sluit nie.⁵³⁶ 'n Boedelbeplanningsinstrument wat wel aanbeveel word is 'n agentskap.⁵³⁷ 'n Hindoelvrou kan by die aankoop van huishoudelike benodighede as haar man se agent optree. Sy kan in so 'n geval huishoudelike benodighede op haar man se rekening by winkels koop. Indien die Hindoelvrou huishoudelike benodighede op krediet by 'n handelaar aankoop en die Hindoeman weier om daarvoor te betaal, kan estoppel deur die handelaar teen die Hindoeman opgewerp word. Estoppel bied egter nie aan die Hindoelvrou 'n remedie nie. 'n Hindoelvrou kan wel, indien sy meer tot die huishoudelike benodighede bygedra het as wat sy moes, 'n verrykingseis teen die Hindoeman instel.⁵³⁸

Mortis causa boedelbeplanningsinstrumente⁵³⁹ vorm 'n integrale deel van die Hindoelvrou se boedelplan. Dit is belangrik dat haar testament⁵⁴⁰ met sorg opgestel word. Daar moet gelet word op die bewoording en daar moet vir genoeg kontant in die boedel voorsiening gemaak word sodat die eksekuteur nie een van die erfgename se erflatings moet verkoop ten einde die boedellaste te kan betaal nie. Versekering⁵⁴¹ kan 'n rol hier speel. 'n Hindoelvrou kan

535 Sien par 3.6 hierbo.

536 Sien par 3.7 hierbo.

537 Sien par 3.8 hierbo.

538 Sien par 3.9 hierbo.

539 Sien hoofstuk 4 hierbo.

540 Sien par 4.2 hierbo.

541 Sien par 4.4 hierbo.

leuensversekering uitneem ten einde te verseker dat daar voldoende kontant in haar boedel beskikbaar is vir om al haar boedellaste te delg. Dit is verder aanbevelenswaardig dat die testamentopsteller 'n "skynbereddering" hou om te toets of die bereddering van die Hindoelvrou se boedel sonder haakplek sal verloop.

Die Hindoelvrou kan 'n *mortis causa* trust⁵⁴² oprig indien sy minderjarige kinders het en wil voorkom dat hulle erflating in die Voogdyfonds inbetaal word. Sy verseker met hierdie boedelbeplanningsmeganisme ook dat haar bates behoue bly vir die volgende generasie.

Alhoewel die boedelbeplanner van 'n Hindoelvrou se boedel van 'n vruggebruik⁵⁴³ gebruik kan maak, word daar in hierdie studie voorgestel dat daar eerder van 'n trust gebruik gemaak word.

Aangesien artikel 3(3)(a)(i) korting nie tot die Hindoelvrou se beskikking is om haar boedelbelasting⁵⁴⁴ te verminder nie sal die boedelbeplanner met ander wyses vorendag moet kom om die boedelbelasting te verminder.⁵⁴⁵ Dit is belangrik dat die boedelbeplanner daarop let dat 'n Hindoelvrou as 'n "gade" ingevolge die *Boedelbelastingwet* beskou word. Belangrike boedelbeplanningsinstrumente, soos byvoorbeeld artikel 4(q) en 4(m), word hierdeur tot die Hindoelvrou se beskikking gestel. Artikel 4A korting en bemakings aan Openbare weldaadsorganisasies kan voorts oorweeg word. Die Hindoelvrou kan ook die tegnieke, voorgestel deur Kourie,⁵⁴⁶ nuttig aanwend. Sy kan Stein⁵⁴⁷ se raad ter harte neem en wye magte aan haar eksekuteur verleen om te besluit of hy die bate aan die erfgenaam wil toeken of dit eerder wil verkoop en die opbrengs aan die erfgenaam toeken. Sodoende word kapitaalwinsbelasting⁵⁴⁸ verminder.

542 Sien par 4.3 hierbo.

543 Sien par 4.5 hierbo.

544 Sien 2.4.8 hierbo.

545 Sien par 4.6.1.2 hierbo.

546 1994 *Insurance and Tax* 35.

547 2001 *Tax Planning* 72.

548 Sien par 4.6.2 hierbo.

Weens die risiko's verbonde aan boedelsamesmelting,⁵⁴⁹ word daar nie aanbeveel dat die Hindoe-egpaar nie van boedelsamesmelting gebruik maak nie. Indien die omstandighede egter van so 'n aard is dat boedelsamesmelting noodsaaklik is, byvoorbeeld waar die Hindoe-egpaar die mede-eienaars van 'n huis is, kan hulle slegs hulle boedels saamsmelt ten opsigte van die betrokke bate waarvan hulle mede-eienaars is en wat onverdeelbaar is. Daar mag omstandighede wees waar die bedrag wat as geskenkebelasting betaal moet word nie so groot is nie en die Hindoe-egpaar kan besluit dat dit die moeite werd sal wees om die geskenkebelasting te betaal ten einde 'n sinvolle beskikking oor die betrokke eiendom te maak. Die gebruikmaking van 'n *fideicommissum*⁵⁵⁰ by die boedelbeplanning vir 'n Hindoe-vrou word nie aanbeveel nie, tensy dit met oorweging van boedelbelastingdoeleindes noodsaaklik is.

Dit is belangrik om daarop te let dat die boedelbeplanning nie in insolasie moet plaasvind nie en dat al bogenoemde boedelbeplanningsinstrumente in geheel beskou moet word. Boedelbeplanning is nie staties nie en die boedelplan sal jaarliks hersien en opgedateer moet word. Die boedelbeplanner sal moet toesien dat die Hindoevrou se bates so georganiseer word dat daar aan haar en haar gesin se behoeftes voorsien word en dat die bates by haar afsterwe so moeiteloos as moontlik aan haar erfgename oorgedra word. Die boedelbeplanner voorts moet sorg dra dat hy nie die Hindoevrou se boedel op so wyse beplan dat sy in effek van haar boedel afgesny word en ontnem word van die voorreg om haar swaarverdiende bates te geniet nie!


Ten slotte moet die boedelbeplanner onthou dat elke persoon uniek is. Dit is nie moontlik om 'n vaste resep vir boedelbeplanning voor te skryf nie. Die boedelbeplanner sal die boedelplan moet opstel met inagneming van die betrokke Hindoevrou se agtergrond en omstandighede. Hy of sy sal die boedelplan op die wyse moet struktureer wat die meeste voordele en die maksimum beskerming aan die Hindoevrou bied.


549 Sien par 4.7 hierbo.

550 Sien par 4.8 hierbo.

Die voorgestelde boedelbeplanningsmodel vir die Hindoelvrou sal skematies soos volg saamgestel word.

VOORGESTELDE BOEDELBEPLANNINGSMODEL VIR DIE HINDOEVRU IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS





Bibliografie

Literatuur

A

Abrie et al Beplanning

Abrie W et al Die Beplanning en Bereddering van Boedels- 'n Inleiding
(Butterworths Durban 1985)

Abrie et al Bestorwe Boedels

Abrie W et al Bestorwe Boedels 5de uitg (ProPlus Uitgewers Lynnwoodrif
2003)

Abrie et al Boedels

Abrie W et al Boedels: Beplanning en Bereddering 2de uitg (ProPlus
Uitgewers Lynnwoodrif 1991)

Abrie en Graham Estates

Abrie W en Graham CR Estates- Planning and Administration (ProPlus
Uitgewers Lynnwoodrif 1989)

Abrie, Graham en Liebenberg Trusts, Testamente en Belasting

Abrie W, Graham C en Liebenberg D Trusts, Testamente en Belasting by
Boedelbeplanning (Proplus Uitgewers Lynnwoodrif 1997)

Abrie, Graham en Van der Linde Boedel- en Finansiële Beplanning

Abrie W, Graham GR en Van der Linde A Boedel- en Finansiële
Beplanning 5de uitg (Proplus Uitgewers Lynnwoodrif 2003)

Abrie, Van Dyk en Venter *Boedels*

Abrie W, Van Dyk WJ en Venter HF *Boedels: Beplanning en Bereddering*
2de uitg (ProPlus Uitgewers Lynnwoodrif 1991)

B

Barker *Drafting*

Barker HJ *The Drafting of Wills* (Juta Kaapstad 1993)

Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg*

Barnard AH, Cronjé DSP en Olivier PJJ *Die Suid-Afrikaanse Persone- en Familiereg* (Butterworths Durban 1986)

Bekker, Rautenbach en Goolam *Regspluralisme*

Bekker JC, Rautenbach C en Goolam NMI *Inleiding tot Regspluralisme in Suid-Afrika* 2de uitg (LexisNexis Butterworths Durban 2006)

Benade *et al Ondernemingsreg*

Benade ML *et al Ondernemingsreg* (LexisNexis Butterworths Durban 2003)

Blann *Estate and Retirement Planning*

Blann BEJ *Estate and Retirement Planning* (Blann Craighill 1976)

Bobbert 1976 *TRW*

Bobbert MCJ "Grondlyne vir Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 81-101

Botha *Boedelbelastingwet*

Botha E *Die Aanwending van Artikel 4(q) en 4(m) van die Boedelbelastingwet* (ongepubliseerde LLM-skripsie PU vir CHO 2001)

C

Cameron *Honoré's Trusts*

Cameron E *Honoré's South African Law of Trusts* 5de uitg (Juta Lansdowne 2002)

Church en Heaton *Marriage: General Nature* par 12

Church J en Heaton J "Marriage: General Nature" in *LexisNexis Reference Works, Indexes, Dictionaries and Diaries* (Maart 2006) gevind by <http://www.LexisNexis.co.za> par 12

Church en Heaton *Duty of Support and Maintenance* par 202

Church J en Heaton J "Duty of Support and Maintenance" in *LexisNexis Indexes, Dictionaries and Diaries* (Maart 2006) gevind by <http://www.LexisNexis.co.za> par 202

Cloete 2006 *Insurance and Tax*

Cloete S "Massing- the Tax Considerations" 2006 *Insurance and Tax* 10-21

Coetzee 1994 *Vitae*

Coetzee H "Estate Duty: Robbing the Nest Egg?" 1994 *Vitae* 102-103

Corbett, Hofmeyr en Kahn *Succession*

Corbett MM, Hofmeyr G en Kahn E *The Law of Succession in South Africa*
2de uitg (Juta Lansdowne 2001)

D

Davel en Jordaan *Personereg*

Davel CJ en Jordaan RA *Personereg* 3de uitg (Juta Lansdowne 2002)

Davel 2000 *Acta juridica*

Davel T "Die Ontwikkeling van die Aksie van Afhanklikes" 2000 *Acta juridica* 158-167

Davey 1991 *Insurance and Tax*

Davey AH "Estate Duty Reduction" 1991 *Insurance and Tax* 3

Davis, Beneke en Jooste *Bequests to the Surviving Spouse* par 9.5.2

Davis DM, Beneke C en Jooste RD "Bequests to the Surviving Spouse" in
LexisNexis Basic Estate Planning Issues (Mei 2007) gevind by
<http://www.LexisNexis.co.za> par 9.5.2

Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning*

Davis DM, Beneke C en Jooste RD *Estate Planning* (LexisNexis
Butterworths Durban 2006)

Davis, Beneke en Jooste *Retention of Usufruct and Sale of the Dominium* par
12.5

Davis DM, Beneke C en Jooste RD "Retention of Usufruct and Sale of the
Dominium" in *LexisNexis Estate Planning Tools and Techniques* (Mei
2007) gevind by <http://www.LexisNexis.co.za> par 12.5

Davis, Beneke en Jooste *The Use of Limited Interests in Estate Planning* par 12.2

Davis DM, Beneke C en Jooste RD "The Use of Limited Interests in Estate Planning" in *LexisNexis Estate Planning Tools and Techniques* (Mei 2007) gevind by <http://www.LexisNexis.co.za> par 12.2

Davis en Urquhart *Estate Planning*

Davis DM en Urquhart GA *Estate planning* losblad (Butterworths Durban 1989)

Dawson *Estate Planning Guide*

Dawson FJ *Estate Planning Guide* (Butterworths Durban 1996)

De Beer *Agency* par 5.1(b)

De Beer C "Agency" in *LexisNexis Forms and Precedents* (November 2004) gevind op <http://www.LexisNexis.co.za> par 5.1(b)

De Beer *Life partnerships* par 1 en 2

De Beer C "Life partnerships" in *LexisNexis Forms and Precedents* (November 2004) gevind op <http://www.LexisNexis.co.za> par 1 en 2

De Beer *Universal partnership* par 5.1(b)

De Beer C "Universal partnership" in *LexisNexis Forms and Precedents* (November 2004) gevind op <http://www.LexisNexis.co.za> par 5.1(b)

De la Rey *Insolvency*

De la Rey E Mars *The law of Insolvency in South Africa* 8ste uitg (Juta Kaapstad 1988)

Derksen 1980 *Moderne Besigheidsreg*

Derksen AG "Risiko's verbonde aan Boedelsamesmelting' 1980 *Moderne Besigheidsreg* 1-5

De Villiers 2003 *ESR Review*

De Villiers C "Daniels v Campbell NO and Others: case review" 2003 *ESR Review: Economic and Social Rights in South Africa* 8-10

De Villiers *et al Trusts*

De Villiers SWL *ea Trusts en Boedelbeplanning* (Lex Patria Johannesburg 1980)

De Waal en Schoeman-Malan *Inleiding*

De Waal MJ en Schoeman-Malan MC *Inleiding tot die Erfreg* 3de uitg (Juta Lansdowne 2003)

De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg*

De Wet JC en Van Wyk AH *De Wet en Yeats Kontraktereg en Handelsreg* 4de uitg (Butterworths Durban 1978)

Du Plessis *Inleiding*

Du Plessis LM *Inleiding tot die Reg* (Juta Kenwyn 1992)

E

Erasmus *Enkele Aspekte*

Erasmus CWDT *Enkele Aspekte van Boedelbeplanning in Huweliks- en Gesinsverband* (ongepubliseerde LLM-skripsie PU vir CHO 1997)

Ernest en Young *Capital Gains Tax*

Ernest en Young *Practical Guide to Capital Gains Tax* 2002 2de uitg
(Butterworths Kaapstad 2002)

F

Farr *An Estate Planner's Handbook*

Farr JF *An Estate Planner's Handbook* 3e uitg (Little Brown and Co Boston
1966)

Faul *Huwelikstelsels*

Faul M *Huwelikstelsels en Boedelbeplanning in die Suid-Afrikaanse Reg*
(ongepubliseerde LLM-skripsie PU vir CHO 2001)

G

Geldenhuys 2006 *Blue Chip*

Geldenhuys C "The Spectre of the Living Trust: Estates and Trusts" 2006
Blue chip: The Official FPI Magazine 65-67

Ger en Hartzenberg 2005 *De Rebus*

Ger B en Hartzenberg L " 'Bare Dominium' Heirs May Also Inherit Tax
Problems" 2005 *De Rebus* 42-43

Gokul *Hindoereg*

Gokul R "Hindoereg" in Bekker JC, Rautenbach C en Goolam NMI (reds)
Inleiding tot die Regspluralisme in Suid-Afrika 2de uitg (LexisNexis
Butterworths Durban 2006) 241-282

Goldblatt 2000 *South African Journal for Human Rights*

Goldblatt B "Amod v Multilateral Motor Vehicle Accidents Fund" 2000
South African Journal for Human Rights 138-144

Gordon en Stephan *Insurance and Tax*

Gordon J en Stephan P "Capital Gains Tax: Will The Cost of Dying
Increase Soon?" 2003 *Insurance and Tax* 32-36

H

Heaton *Life Partnerships* par 3C3

Heaton J "Life Partnerships" in *LexisNexis Family Law and the Bill of
Rights: (Mei 2005)* gevind by <http://www.LexisNexis.co.za> par 3C3

Heaton 2005 *THRHR*

Heaton J "An Overview of the Current Legal Position Regarding
Heterosexual Life Partnerships" 2005 *THRHR* 662-670

Huxham and Haupt *Notes on South African Income Tax*

Huxham K and Haupt P *Notes on South African Income Tax* 25ste uitg
(H&H Publications Roggebaai 2006)

J

Jordaan *Estate and Financial Planning*

Jordaan JH *Estate and Financial Planning- A Practical Guide* (Helderberg
Publishers Stellenbosch 1987)

Jordaan *et al Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting*

Jordaan K *et al Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* 2006 7de uitg
(LexisNexis Butterworths Durban 2006)

Joffe 2007 *De Rebus*

Joffe H "Sham Trusts" 2007 *De Rebus* 25-26

Jazbhay 2005 *De Rebus*

Jazbhay SA 2005 "Domestic Life Partnerships" *De Rebus* 26-28

K

Kilbourn 1996 *Property Law Digest*

Kilbourn L "Deceased Estates and Conveyancing: Some Thoughts on the
Legal Concept of 'Massing' and on Joint Wills" 1996 *Property Law Digest*
8-13

King en Victor *Easiguide*

King R en Victor B *Law and Estate Planning Easiguide* 2006/2007
(LexisNexis Butterworths Durban 2006)

King en Victor *Marriage Law and Planning* par 2.9

King R en Victor B "Marriage Law and Planning" in *LexisNexis Estate
Planning* (2006/2007 uitgawe) gevind by <http://www.LexisNexis.co.za> par
2.9

Kleyn *De Boedelscheiding*

Klein MRW *De Boedelscheiding* (NV Uitgeversmaatschappij Nederland
1969)

Kloppers 2006 *TSAR*

Kloppers H “Enkele Lesse vir Trustees uit die Parker-beslissing” 2006
TSAR 414-423

Kourie 1994 *Insurance and Tax*

Kourie M “Estate Duty: A Few Useful Methods to Restrict its Effect” 1994
Insurance and Tax 34-38

L

LAWSA LEAD *Practice Management*

Law Society of South Africa Legal Education and Development
Introduction to Practice Management (Law Society of South Africa Legal
Education and Development Pretoria 2007)

Lourens *Boedelsamesmelting*

Lourens CJA *Boedelsamesmelting as Instrument by Boedelbeplanning*
(ongepubliseerde LLM-skripsie PU vir CHO 1997)

Lourens 2000 *THRHR*

Lourens CJA “Boedelsamesmelting as Instrument by Boedelbeplanning”
2000 *THRHR* 417-441

M

Markgraaf en Mahomed *Ondernemingsreg*

Markgraaf K en Mohamed A *Ondernemingsreg* (Law Society of South
Africa Legal Education and Development Pretoria 2007)

Matlala 2002 *Codicillus*

Matlala DM "Some Aspects Regarding the Vesting of Property of the Solvent Spouse in the Trustee of the Insolvent Spouse's Estate" 2002 *Codicillus* 2-13

Matlala 2007 *De Rebus*

Matlala D "The Law Reports" 2007 *De Rebus* 33-34

Meyerowitz *Meyerowitz on Income Tax*

Meyerowitz D *Meyerowitz on Income Tax* 2005/2006 (The Taxpayer, Kaapstad 2006)

Meyerowitz 1956 *The Taxpayer*

Meyerowitz D "Estate and Tax Planning" 1956 *The Taxpayer* 1-2

Meyerowitz 1964 *The Taxpayer*

Meyrowitz D "Estate and Tax Planning" 1964 *The Taxpayer* 181-183

Meyerowitz 1965 *The Taxpayer*

Meyewitz D "Estate and Tax Planning" 1965 *The Taxpayer* 118-120

Meyerowitz 1965 *The Taxpayer*

Meyerowitz D "Estate and Tax planning: The Will" 1965 *The Taxpayer* 23-28

Meyerowitz 1965 *The Taxpayer*

Meyerowitz D "The Testamentary Trust: Its Functions and its Effectiveniss" 1965 *The Taxpayer* 126-130

Meyerowitz 1965 *The Taxpayer*

Meyerowitz D 1965 "The Inter Vivos Trust: Its Functions and Its Effect on the Incidence of Estate Duty and Income Tax" *The Taxpayer* 143-148

Meyerowitz 1992 *The Taxpayer*

Meyerowitz D "Estate and Tax Planning-The Will" 1992 *The Taxpayer* 50-58

Meyerowitz 1993 *The Taxpayer*

Meyerowitz D "The Role and Functions of Insurance" 1993 *The Taxpayer* 23-28

Meyerowitz 1993 *The Taxpayer*

Meyerowitz D "Life Policies and the Estate Duty Act" 1993 *The Taxpayer* 64-69

Meyerowitz 1993 *The Taxpayer*

Meyerowitz D "Estate and Tax Planning- The Trust-The Taxation Aspects" 1993 *The Taxpayer* 83-87

Meyerowitz 1993 *The Taxpayer*

Meyerowitz D "Inter Vivos Trusts: Income Tax and Donations Tax" 1993 *The Taxpayer* 108-115

Meyerowitz 1993 *The Taxpayer*

Meyerowitz D "Income Tax- Trusts -Liability for Taxation" 1993 *The Taxpayer* 206-208

Meyerowitz 1993 *The Taxpayer*

Meyerowitz D "Benefit, Pension, Provident and Retirement Annuity Funds: Estate Duty" 1993 *The Taxpayer* 188-191

Meyerowitz 1994 *The Taxpayer*

Meyerowitz D "Estate and Tax Planning- The Use of Trusts" 1994 *The Taxpayer* 42-46

Meyerowitz 1994 *The Taxpayer*

Meyerowitz D "Estate and Tax Planning-The use of Trusts" 1994 *The Taxpayer* 63-67

Meyerowitz 1994 *The Taxpayer*

Meyerowitz D 1994 "Estate and Tax Planning-Trusts and Estate Duty" 1994 *The Taxpayer* 122-126

Meyerowitz 1996 *The Taxpayer*

Meyerowitz D "Pension, Provident and Retirement Annuity Funds" 1996 *The Taxpayer* 204-206

Mhlongo 2002 *Insurance and Tax*

Mhlongo T "The New Definition of Spouse: Its Impact on Tax Legislation" 2002 *Insurance and Tax* 24-28

Mpuru 2005 *Codicillus*

Mpuru A "Law Reports: Law of Succession: Constitutionality" 2005 *Codicillus* 86-87

N

Naidoo *Evaluation*

Naidoo L *An Evaluation of the use of Testamentary and Inter Vivos Trusts as Estate-Planning Vehicles and the Development of Holistic Estate Planning Models Involving the Use of These Trusts* (ongepubliseerde LLM-skripsie Rhodes Universiteit 2006)

Nomela 2004 *Codicillus*

Nomela T "Family Law: Cohabiting Partners" 2004 *Codicillus* 85-88

O

Olivier *Die Trust in die Praktyk en sy Aanwendingsmoontlikhede by Boedelbeplanning*

Olivier PA *Die Trust in die Praktyk en sy Aanwendingsmoontlikhede by Boedelbeplanning* (ongepubliseerde LLD-skripsie Universiteit van Johannesburg 1982)

Olivier 1993 *Suid-Afrikaanse Praktyksbestuur*

Olivier PA "The Trust and its uses" 1993 *Suid-Afrikaanse Praktyksbestuur* 6-7

Olivier *Trustreg en Praktyk*

Olivier PA *Trustreg en Praktyk* (De Jager-HAUM Uitgewers Pretoria 1989)

Olivier, Strydom en Van den Berg *Trustreg en Praktyk*

Olivier PA, Strydom S en Van den Berg GPJ *Trustreg en Praktyk* 2de uitg (Butterworths Durban 2007)

Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning*

Olivier PA en Van den Berg GPJ *Praktiese Boedelbeplanning* (Juta Kaapstad 1991)

P

Pace en Van der Westhuizen *Trusts*

Pace RP en Van der Westhuizen WM *Wills and Trusts* (LexisNexis Butterworths Durban 2006)

Pretorius *Boedelbeplanningsmodel*

Pretorius FJ *'n Teoretiese en Praktiese Ondersoek na 'n Betroubare en Toepaslike Boedelbeplanningsmodel* (ongepubliseerde LLM-skripsie Universiteit van Stellenbosch 2004)

R

Rajah 2005 *Insurance and Tax*

Rajah B "Adjudicator Determinations and Court Cases" 2005 *Insurance and Tax* 17-23

Rajah 2005 *Pensions World*

Rajah B "The Interpretation of 'Spouse' In the Light of the Recent Majority Decision of the Constitutional Court in the Volks v Robinson case: Legal Focus" 2005 *Pensions World* 6, 8-10

Rautenbach en Goolam *Erfreg*

Rautenbach C, Goolam NMI "Erfreg" in *Inleiding tot Regspluralisme in Suid-Afrika* Bekker JC, Rautenbach C en Goolam NMI (reds) 2de uitg (LexisNexis Butterworths Durban 2006) 283-324

Rautenbach, Goolam en Moosa *Grondwetlike uitleg*

Rautenbach C, Goolam NMI en Moosa N "Grondwetlike uitleg" in *Inleiding tot Regspluralisme in Suid-Afrika* Bekker JC, Rautenbach C en Goolam NMI (reds) 2de uitg (LexisNexis Butterworths Durban 2006) 159-182

Rautenbach en Goolam 2004 *Stell law review*

Rautenbach C en Goolam N "The Legal Status of a Muslim Wife under the Law of Succession: Is She Still a Whore In Terms of South African Law?" 2004 *Stellenbosch law review* 369-388

Robinson, Human en Boshoff *Familiereg*

Robinson JA, Human S, Boshoff A *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* (Uitgegee deur die outeurs Potchefstroom 2002)

Rogerson 1985 *Vitae*

Rogerson AG "A Practical Approach to Wills" 1985 *Vitae* 177-178

S

Scott 1986 *Vitae*

Scott ND "The Taxation of Testamentary Trusts" 1986 *Vitae* 578-579

Schulze 2005 *De Rebus*

Schulze H 2005 "Law Reports: Husband and Wife" 2005 *De Rebus* 42-43

Sharrock, Van der Linde en Smith *Insolvency*

Sharrock R, Van der Linde K en Smith A *Hockley's Insolvency Law* 7de uitg (Juta Kaapstad 2005)

Silver en Klein *Donations between Spouses* par 18.5

Silver M en Klein J "Donations between Spouses" in *LexisNexis Taxation of Employees* (2006) gevind by <http://www.LexisNexis.co.za> par 18.5

Sinclair *Marriage*

Sinclair JD *The Law of Marriage* (Juta Kaapstad 1996)

Singleton 2006 *Tax Planning*

Singleton A "Pitfalls in Trust Administration: An Important Reminder from the Court" 2006 *Tax Planning: Corporate and Personal* 74-76

Smith *Insolvency*

Smith C *The Law of Insolvency* 3de uitg (Butterworths Durban 1988)

Snyman *Strafreg*

Snyman CR *Strafreg* 4de uitg (Butterworths Durban 1999)

Sonnekus *Estoppelleerstuk*

Sonnekus JC *Die Estoppelleerstuk in die Suid-Afrikaanse Reg* (Butterworths Durban 2000)

Stein 1987 *Tax Planning*

Stein M "The Reward of Giving: Estate Duty Relief" 1987 *Tax Planning: Corporate and Personal* 21-23

Stuart en Olivier *Testamente en Boedelbeplanning*

Stuart LA en Olivier PA *Testamente en Boedelbeplanning* (Nasionale Gesinskamer (Edms) Beperk Eksekuteurskamer en Trustmaatskappy Pretoria 1980)

Surtees 2005 Tax Breaks Newsletter

Surtees P "Another Reason to Nominate Beneficiaries of Life Policies"
2005 Tax Breaks Newsletter, Issue 238, November 3-4.

Swart Entrepreneur

Swart N "Die Trust *Inter-Vivos* as Boedelbeplanningstegniek" 1993
Entrepreneur 5-6

South Africa Law Reform Commission Project 210/2003 on Islamic Marriages and Related Matters

South Africa Law Reform Commission Project 210/2003 on Islamic Marriages and Related Matters (Pretoria 2003)

T

Troost 2003 Insurance and Tax

Troost E "Drafting Errors in Wills" 2003 *Insurance and Tax* 25-27

U

Urquhart SA Company Law Journal

Urquhart G "Massing of Estates and Estate Duty- The Effectiveness of the Technique" *SA Company Law Journal* 72-83

V

Van der Merwe en Rowland Erfreg

Van der Merwe NJ en Rowland CJ *Die Suid-Afrikaanse Erfreg* 6de uitg
(Van der Walt Pretoria 1992)

Van der Merwe *et al* *Kontraktereg*

Van der Merwe S *et al* *Kontraktereg Algemene Beginsels* 2de uitg (Juta Lansdowne 2004)

Van Niekerk *Regspluralisme*

Van Niekerk GJ "Regspluralisme" in *Inleiding tot Regspluralisme in Suid-Afrika* Bekker JC, Rautenbach C en Goolam NMI (reds) 2de uitg (LexisNexis Butterworths Durban 2006) 3-15

Van Zijl *Boedelbeplanning, Boedelbereddering en Erfopvolging*

Van Zijl G *Die Invloed van die Swart Gewoontereg op Boedelbeplanning, Boedelbereddering en Erfopvolging in Suid-Afrika* (ongepubliseerde LLM-skripsie PU vir CHO 1999)

Visser en Potgieter *Family Law*

Visser PJ en Potgieter JM *Family Law* (Juta Kaapstad 1994)

W

West 2003 *De Rebus*

West A "Property Law Update" 2003 *De Rebus* 30-31

Wiechers en Vorster *Boedelbereddering*

Wiechers NJ en Vorster I *Boedelbereddering* 3de uitg (Butterworths Durban 1992)

Wiechers en Vorster *Estates*

Wiechers NJ en Vorster I *Administration of Estates* (Butterworths Durban 2006)

Williams Capital Gains Tax

Williams RC *Capital Gains Tax-A Practitioner's Manual* 2de uitg (Juta Lansdowne 2005)

Wunsh "Trusts"

Wunsh B "Trusts in Practice" in *Trusts* Bydraes gelewer by 'n seminaar aangebied deur UNISA op 12 Junie 1992 Pretoria 61-130.

Vonnisregister

A

Administrators, Estate Richards v Nichol 1999 1 SA 551 (HHA)

Ally v Dinath 1984 2 SA 451 (T)

Amod v Multilateral Motor Vehicle Accident Fund 1999 4 All SA 421 (HHA)

B

Badenhorst v Badenhorst 2006 2 SA 255 (HHA)

Blesbok Eiendomsagentskap v Cantamessa 1991 2 SA 712 (T)

Bornmann v Potgietersrus Tabak Koop 1976 3 SA 488 (A)

Braun v Blann and Botha 1984 2 SA 850 (AD)

C

Corporate Liquidators (Pty) Ltd v Wiggill 2007 2 SA 520 (T)

Crookes v Watson 1956 1 SA 277 (A)

D

Daniels v Campbell 2003 9 BCLR 969 (K)

Daniels v Cambell 2004 5 SA 331 (KH)

E

Estate Watkins-Pitchford v CIR 1955 2 SA 437 (A)

Ex parte Menzies 1993 3 SA 799 (K)

Ex parte National Board of Executors (East London) Ltd 1978 3 SA 445 (OK)

Ex parte Oosthuizen 1964 1 SA 174 (O)

G

Goodricke and Son (Pty) Ltd v Registrar of Deeds, Natal 1974 1 SA 404 (N)

H

Harksen v Lane 1998 1 SA 300 (KH)

Heystek v Heystek 2002 2 SA 754 (T)

Hirschsohn NO v Horn 1990 1 SA 769 (KPD)

I

Ismail v Ismail 1983 1 SA 1006 (A)

Issaacs v Issaacs 1949 1 SA 952 (K)

J

Jordaan v De Villiers 1991 4 SA 396 (K)

Jordaan v Jordaan 2001 3 SA 288 (K)

K

Kalla v The Master 1995 1 SA 261 (T)

Kambule v The Master 2007 3 SA 403 (O)

Khan v Khan 2005 2 SA 272 (T)

Kirkland v Kirkland 2006 6 SA 144 (K)

Kommissaris van Binnelandse Inkomste v Willers 1994 3 SA (HHA)

Kroonverjee v Kroonverjee 2006 6 SA 127 (K)

L

Laws v Laws 1972 1 SA 321 (W)

Logee v Minister of Interior 1951 2 SA 595 (T)

Louw v FWKP Albrecht Trust 1998 3 SA 1048 (K)

M

Muswere v Makanza 2005 JOL 15978 (ZH)

N

Nortjé v Pool 1966 3 SA 96 (HHA)

Nzimande v Nzimande 2005 1 All SA 83 (W)

R

Robinson v Volks 2004 6 SA 288 (KH)

Rhode v Stubbs 2005 5 SA 104 (HHA)

S

Sadiku v Sadiku 2007 JOL 19342 (T)

Sachwell v President of the Republic of South Africa 2002 6 SA 1 (KH)

Sasfin (Pty) Ltd v Beukes 1989 1 SA 1 (HHA)

Seedat's Executors v The Master (Natal) 1917 AD 302

Shroobree NO v Love 2005 1 SA 309 (HHA)

Singh v Ramparsad 2007 3 SA 445 (D)

Smith v Smith 1913 (KPD) 869

Solomons v Abrahams 1991 4 SA 437 (W)

T

Tel Peda Investigation Bureau Pty Ltd v Laws 1972 2 SA 1 (T)

V

V (also known as L) v De Wet 1953 1 SA 613 (O)

Van der Merwe v Central Retirement Annuity Fund 2005 5 BPLR 463 (PFA)

Volks v Robinson 2005 5 BCLR 446 (KH)

W

Wehr v Estate Wehr 1922 KPD 411

46 SATC 1387

Wetgewing

Boedelbelastingwet 45 van 1955

Boedelwet 66 van 1965

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Huwelikswet 25 van 1961

Inkomstebelastingwet 58 van 1962

Insolvensiewet 24 van 1936

Ongevallewet 30 van 1941

Wet op die Beheer van Trustgoed 57 van 1988.

Wet op die Erkenning van Gebruikelike Huwelike 120 van 1998

Wet op die Onderverdeling van Landbougrond 70 van 1970

Wet op die Onderverdeling van Landbougrond Wysigingswet 64 van 1998

Wet op Egskeiding 70 van 1979

Wet op Hereregte 40 van 1949

Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984

Wet op Kindersorg 74 van 1913

Wet op Onderhoud 99 van 1998

Wet op Pensioenfondse 24 van 1956

Wet op Registrasie van Geboortes en Sterftes 51 van 1992

Wysigingswet op Egskeiding 7 van 1989